# DIE GEMEENSKAP EN DIE REHABILITASIE VAN DIE JEUGOORTREDER

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

**NAAM: L . HOLTZHAUSEN**
**NOMMER: 9607582**
**DOSENT: PROF. M. A. VAN ZYL**
**RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT**

1998/01/06

# DIE GEMEENSKAP EN DIE REHABILITASIE VAN DIE JEUGOORTREDER

**DEUR**

**LEON HOLTZHAUSEN**

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

**VOORGELê TER GEDEELTELIKE VERVULLING VAN DIE GRAADVEREISTES VIR DIE GRAAD VAN**

**M.A. (Soc. Sc)**

**RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT**

STUDIELEIER: PROFESSOR M.A. VAN ZYL

JANUARIE 1998.

# DANKBETUIGING

Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik om daardie persone en instansies wat my aangespoor het om hierdie studie te onderneem, te bedank vir die ondersteuning en motivering.

Vir Monique vir al haar geduld, bystand en aanmoediging tydens die maande van studie en frustrasie.

Vir my studieleier en mentor, prof. M.A. van Zyl vir al sy leiding en lyding van die afgelope aantal maande. Dankie vir die inspirasie, positiewe kritiek en bystand.

Ten laaste wil ek graag vir my Skepper dankie sê vir die genade oor my lewe tydens die afgelope twee jaar van studies en aan Jesus Christus:

*Die Weg die Waarheid en die Lewe*

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

**Colosians 4:6**

Let your conversation be always full of grace, seasoned with salt, so that you may know to answer everyone.

**OPSOMMING**

Die fokus van hierdie studie is die jeugoortreder wat binne die Suid-Afrikaanse konteks blootgestel word aan 'n verskeidenheid van faktore wat aanleiding kan gee tot die ontstaan van 'n ekologiese predisposisie tot die pleeg van misdaad.

Die impak van verstedeliking, verbrokkeling van die gesin, onvoldoende opvoeding, hoë misdaadsyfer, georganiseerde misdaadsindikate, onvoldoende gemeenskapsorganisasie en -leierskap is maar net 'n paar faktore wat aanleiding gee tot die afbreek en vernietiging van die Suid-Afrikaanse samelewing. Uit hierdie gemeenskappe kom jeugdigese wat daagliks blootgestel word aan hierdie afbrekende faktore, gevolglik raak hulle vroeg reeds betrokke in jeugmisdaad. Volgens Coetzee (1967:1) is: "jeugmisdaad 'n universele verskynsel en skep dit 'n probleem vir elke gemeenskap waarin dit voorkom".

Die toenemende getal jeugdiges en kinders wat betrokke raak in kriminele aktiwiteite is rede tot kommer. Bestaande fasiliteite is meestal nie geskik vir die aanhouding en rehabilitasie van jeugoortreders nie, aangesien dit ontwikkel is vir die hantering van volwasse oortreders.

Literatuur omskryf 'n verskeidenheid van benaderings vir die voorkoming, behandeling en rehabilitasie van jeugmisdaad. Die belangrikheid van 'n geïntegreerde benadering waarin rolspelers uit beide die regeringsinstansies en gemeenskap betrek word, word as model vir die effektiewe behandeling van die oorsaaklike faktore van jeugmisdaad voorgestel. 'n Samewerkingsooreenkoms tussen die gemeenskap en die Departement van Korrektiewe Dienste word voorgestel ten einde die eskalerende getal jeugoortredes te ondervang in programme wat bydra tot die behandeling en rehabilitasie van die jeugoortreder met die oog op herinskakeling in die gemeenskap van herkoms.

In hulpverlening aan die jeugoortreder is dit noodsaaklik om te fokus op oorsaaklike faktore wat aanleiding gee tot die onstaan van jeugmisdaad, en 'n strategie te beding waarin alle hulpbronne en rolspelers benut word vir die meer effektiewe behandeling van jeugmisdaad.

INHOUDSOPGAWE:

**HOOFSTUK 1: DIE GEMEENSKAP EN DIE REHABILITASIE VAN DIE JEUGOORTREDER**


1.1 Inleiding 1

1.2 Omskrywing van die Probleem 3

* FIGUUR 1: Die Intervensieproses 7

1.3 Tereinafbakening van die studie 7

1.4 Die doel van die studie 8

1.5 Hipoteseformulering 9

1.6 Hipoteseformulering 9

1.7 Begripsomskrywing 11-14

1.7.1 Jeugmisdaad

1.7.2 Jeugdige

1.7.3 Gevangene

1.7.4 Medium-B-gevangenis

1.7.5 Misdadiger

1.7.6 Gemeenskapsbetrokkenheid

1.7.7 Gemeenskapsgebaseerde intervensie

1.7.7.1 Intervensie

1.7.7.2 Intervensiedoelwitte

1.8 Indeling van die hoofstukke 14

1.9 Slot: formele probleemformulering 14


**HOOFSTUK 2: NAVORSINGSMETODOLOGIE**


2.1 Inleiding 15

2.2 Die navorsingsproses 16

2.2.1 Die navorsingsontwerp 17-23

2.2.1.1 *Kwalitatiewe navorsing*

2.2.2 Metode van data-insameling

2.2.2.1 *Die gevallestudie*

2.2.3 Die steekproeftrekking


UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

5. Slot 95

## HOOFSTUK 5: RIGLYN VIR GEMEENSKAPSGEBASEERDE INTERVENSIE

5.1 Inleiding 96
5.2 Oorsaaklike faktore in die gemeenskap van herkoms 99
5.3 Riglyn vir gemeenskapsgebaseerde intervensie 99-103
5.3.1 Die konteks en fokus van die raamwerk
5.3.2 Die aard en omvang van die raamwerk
5.3.3 Raamwerk vir dienslewering
5.3.3.1 Vlak 1: Voorkomingsdienste en -programme
5.3.3.2 Vlak 2: Vroegtydige intervensiedienste en -programme
5.3.3.3 Vlak 3: Statutêre intervensiedienste en -programme
5.3.3.4 Vlak 4: Kontinume intervensiedienste en -programme
6. Slot 129

## HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 Inleiding 130
6.2 Gevolgtrekkings 130
6.3 Hipoteses 135
6.4 Aanbevelings 136
6.5 Slot 137
7. Bronnelys: 138
8. Bylae1 140

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

# HOOFSTUK 1

## DIE GEMEENSKAP EN DIE REHABILITASIE VAN DIE JEUGOORTREDER

### 1.1 Inleiding

> **"The community is the womb out of which a child is born into society, if the womb is ill and disceased............ then the next generation wil die an early death in violence, poverty and need"**
>
> (L.Holtzhausen, 1997)

Die impak van verstedeliking, verbrokkeling van die gesin, onvoldoende opvoeding, hoë misdaadsyfer, georganiseerde misdaadsindikate, onvoldoende gemeenskapsorganisasie en -leierskap, en 'n gebrek aan gemeenskapshulpbronne, is maar net 'n paar faktore wat aanleiding gee tot die afbreek en vernietiging van Suid-Afrikaanse gemeenskappe. Uit hierdie gemeenskappe kom jeugdiges wat daagliks blootgestel word aan die bogenoemde negatiewe faktore, en gevolglik van vroeg reeds betrokke raak by jeugmisdaad.

" Jeugmisdaad is 'n universele verskynsel en dit skep 'n probleem vir elke gemeenskap waarin dit voorkom" ( Coetzee, 1967:1) . Jeugmisdaad beïnvloed daagliks die Samelewing, dit kan gesien word deur te let op beskikbare statistieke binne die Suid-Afrikaanse konteks;

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

- Nasionaal is daar tans een uit elke drie kinders vehoorafwagtend, in aanhouding of 'n plek van veiligheid. In die Provinsie van Gauteng is die verspreiding van kinders en jeugdiges in aanhouding byna twee uit elke drie kinders . (Gauteng Programme of Action for Children; 1996:13)

- Volgens stastistieke was daar teen 31 Maart 1996 ongeveer 3200 gevonnisde jeugdiges in die Gauteng- provinsie alleen. In dieselfde tydperk was daar ongeveer 900 verhoorafwagtende jeugdiges in die groter Gauteng - streek. Dit impliseer 'n influks van ongeveer 80% gevonnisde jeugdiges in reeds bestaande fasiliteite. (Sentrale Statistiekdiens, 1996: 30-31)

Die toenemende getal jeugdiges en kinders wat betrokke raak in kriminele aktiwiteite, is rede tot kommer. Bestaande fasiliteite is meestal nie geskik vir die aanhouding van jeugoortreders nie, aangesien dit ontwikkel is vir die aanhouding van volwasse oortreders.

Literatuur omskryf 'n verskeidenheid van benaderings vir die voorkoming, behandeling en rehabilitasie van jeugmisdaad. Die belangrikheid van 'n geïntegreerde benadering, waarin rolspelers uit beide die Gevangenisdiens en gemeenskap, betrek word, word as model vir die effektiewe behandeling van die oorsaaklike faktore van jeugmisdaad, gepostuleer (Edwards,1996: 21).

Ten einde die eskalerende getal jeugoortreders te ondervang in programme wat bydra tot die behandeling en rehabilitering van , asook die uiteindelike herinskakeling van die jeugdige in die gemeenskap; is dit nodig om 'n meer geïntegreerde benadering te volg in die behandelingsproses. In hulpverlening en ondersteuning van die jeugoortreder is dit noodsaaklik om te fokus op oorsaaklike faktore wat aanleiding gee tot kriminele gedrag,

en 'n strategie te beding waarin alle hulpbronne en rolspelers benut word vir meer effektiewe behandeling van jeugmisdaad.

## 1.2 Omskrywing van die Probleem

Verskeie faktore wat aanleiding gee tot misdaad onder kinders en jeugdiges, is reeds voorheen nagevors en gedokumenteer. (vergelyk: Van den Berg, 1992; Van Aardweg, 1988; Sarason & Sarason, 1984; Stott, 1980; Cronje et al, 1982 en Bowers, 1987)

Dit is nie die doel van hierdie ondersoek om weer die faktore wat aanleiding gee tot jeugmisdaad na te vors nie. Hierdie faktore word wel aangetoon in hoofstuk 3 van hierdie studie. Die verband tussen persipiterende faktore en die gemeenskap van herkoms waarin die jeugdige homself bevind het, voor die aanvang van jeugmisdaad, word met inagneming van die Suid-Afrikaanse konteks, nagevors .

Die motivering hiervoor is soos volg:

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Daar heers 'n behoefte aan groter bewustheid en duidelikheid oor die verband tussen veroorsakende faktore wat aanleiding gee tot die ontstaan van jeugmisdaad, en die gemeenskap van herkoms waarin die jeugdige homself bevind het voor die aanvang van misdaad.

Indien daar inligting beskikbaar is van die oorsaaklike faktore van jeugmisdaad gesetel in Suid-Afrikaanse gemeenskappe, sal dit die instansies gemoeid met die rehabilitasie en behandeling van die jeugoortreder in staat stel om programme en projekte te ontwikkel wat voorsiening maak vir intervensie in die gemeenskap van herkoms as deel van die proses van behandeling en rehabilitasie van die jeugdige.

Die noodsaaklikheid van gemeenskapsgebaseerde intervensie as deel van die proses van behandeling en hulpverlening aan die jeugdige word in die volgende aanhaling geïmpliseer:

"misdaad onder jeugdiges is heel moontlik 'n addisionele gedragspatroon wat deur die kind as wyse van spanningshantering gekies word om sy wêreld te hanteer" (Kruger, 1980:100).

Kruger se siening sluit in hierdie verband aan by Stott (1980: 350-357) wat meen dat spanningsvermindering deur middel van misdaadgedrag, geskied. Spanning in die omgewing word volgens Sarason & Sarason veroorsaak deur 'n verskeidenheid faktore, soos:

- verwerping of 'n gebrek aan sekuriteit tuis
- die verwagting van vyandige optrede van ander
- blootstelling aan anti-sosiale rolle
- gebrek aan ondersteuning vir sosiale en skoolprestasies
- anti-sosiale druk van portuurgroepe; en
- swak fisiese en ekonomiese omstandighede in buurt en tuis

(Sarason & Sarason, 1980:463)

Die jeugdige ondervind dus die behoefte aan kontrole en beheer oor sy omgewing, wat dikwels gekenmerk word deur geweld, werkloosheid, behuisingsprobleme, misdaad, gebrek aan basiese bestaansmiddele, ensovoorts. 'n Ontoereikende gesinstruktuur, verwerping, gebrek aan sekuriteit, gebrek aan sosiale ondersteuning en aanvaarding, bemoeilik aanpassing en lei in baie gevalle tot misdadige gedrag (Van den Berg, 1992: 48).

Die doel van die onderskeie vorme van intervensie, is die rehabilitasie van die jeugoortreder met die oog op uiteindelike herinskakeling van die jeugdige in die

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

gemeenskap. Ten einde hierdie doelstelling te bereik, word verskeie programme en projekte deur die Departement van Korrektiewe Dienste bedryf. Die fokus van hierdie programme is hoofsaaklik die oorsaaklike faktore van jeugmisdaad, wat volgens literatuur aanleiding gee tot jeugmisdaad.

Sullivan (1995:11) verdeel die oorsaaklike faktore van jeugmisdaad breedweg in vier kategorieë, naamlik;

1. Faktore in die individu self
2. Faktore in die gesin/familie
3. Faktore in die gemeenskap
4. Faktore van sosiologiese aard

Psigologiese-, sosiologiese en gesins- en gemeenskapsfaktore verkeer in 'n dinamiese proses van interaksie en gee aanleiding tot die ontstaan van jeugmisdaad. Effektiewe intervensie berus op omvattende assessering van die bydraende faktore van jeugmisdaad, en die ontwikkeling van 'n plan van aksie vir intervensie afgestem op die probleemprofiel van die jeugdige , sy gesin en die gemeenskap van herkoms. (Thornberry. 1987:10)


Hierdie studie fokus op die gemeenskap van herkoms waarin die jeugdige homself bevind het voor die aanvang van misdaadgedrag. Na rehabilitasie en vrylating in die gemeenskap, moet die jeugdige in die meeste gevalle terugkeer na die gemeenskap van herkoms. Indien dieselfde omstandighede wat aanleiding gegee het tot misdaad nog steeds voorkom in hierdie gemeenskap, word die jeugdige weer blootgestel aan hierdie faktore wat 'n rol gespeel het in die ontstaan van anti-sosiale gedrag.

Daar is vele geleenthede vir die jeugdige om weer betrokke te raak by misdaadgedrag, en die versoeking is groot om terug te keer na vorige negatiewe gedragspatrone en lewenstyl. Ironies genoeg word daar nie tans veel aandag gegee aan die negatiewe omstandighede in die gemeenskap van herkoms nie.

Een van die redes hiervoor is die onvoldoende inligting beskikbaar van die oorsaaklike faktore vir die ontstaan van jeugmisdaad in gemeenskappe binne die Suid-Afrikaanse konteks. Die gevolge hiervan is dat rehabilitasie en behandeling van jeugoortreders meestal fokus op die individu, en in sommige gevalle sy gesin met min of geen aandag aan gemeenskapsgebaseerde intervensie.

Hoe effektief is die proses van rehabilitasie indien die jeugdige weer vrygelaat word in die gemeenskap van herkoms waar oorsaaklike faktore tot jeugmisdaad nog steeds heers? Ten einde hierdie probleem te oorbrug moet die gemeenskap van herkoms betrek word in die proses van rehabilitasie. Oorsaaklike faktore in die gemeenskap van herkoms moet een van die vlakke van intervensie wees in die proses van rehabilitasie met die oog op susesvolle herinskakeling van die jeugdige in die gemeenskap van herkoms en die voorkoming van verdere misdaad. Die proses van intervensie, waar die gemeenskap van herkoms een van die vlakke van ingryping is, kan skematies soos volg voorgestel word:

FIGUUR 1: **Die intervensieproses vir behandeling van die jeugoortreder**



## 1.3 Tereinafbakening van die Studie

Vir die doel van die studie word daar gefokus op die gevonnisde jeugoortreders van die Gauteng-provinsie, en meer spesifiek gevonnisde jeugdiges van Medium- B -gevangenis, Diepkloof Gevangenis, Johannesburg.

Ten tye van die studie was ongeveer 500 gevon nisde jeugdiges in aanhouding te Medium B Gevangenis. Jeugdiges sluit vir die doel van die ondersoek in:

- *Kind: persoon onder die ouderdom van 18 jaar*
- *Jeugdige: persoon tussen die ouderdom van 18 en 21 jaar*

Die meeste van die jeugdiges val in die ouderdomsgroep jonger as 18 jaar en word dus gesien as 'n kind. Hierdie kinders word gehuisves in 'n seksie wat ongeveer 350 akkommodeer. Hierdie seksie staan bekend as A-seksie, en die kinders van hierdie seksie word vir die doel van die studie as ondersoekgroep by die empiriese navorsing betrek.

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

## 1.4 Die doel van die studie

Die doelstelling en doelwitte van die studie is soos volg:

Die metodologiese doel van die studie is basiese navorsing. Dit gaan hier suiwer oor die verkenning en verkryging van nuwe insigte, kennis en vaardighede (Mouton & Marias, 1990:40).

Die metodologiese doelwit van die studie is om die oorsake van jeugmisdaad te verken en meer spesifiek die oorsaaklike faktore gesetel in die gemeenskap van herkoms binne 'n Suid-Afrikaanse konteks. Hierdie verskynsel moet akkuraat en noukeurig beskryf word. Die doelwit is dus verkennend-beskrywend.

Die inhoudelike doelstelling van hierdie studie is om:

1. moontlike oorsaaklike faktore vir jeugmisdaad wat in die gemeenskap van herkoms van die jeugdiges vookom, te verken.

2. moontlike oorsaaklike faktore soos beleef deur jeugoortreders te dokumenteer en aan die hand van 'n literatuurstudie te verifieer;

3. 'n raamwerk daar te stel wat voorsiening maak vir gemeenskapsbetrokkenheid en -intervensie in die proses van behandeling en rehabilitasie van die jeugoortreder.

1.5 Navorsingsvrae

Die navorser stel die volgende vrae:

1. Dat daar 'n verband bestaan tussen die ontstaan van jeugmisdaad en:

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

- Watter faktore wat uniek is aan Suid-Afrikaanse gemeenskappe dra by tot die ontstaan van jeugmisdaad?

Indien bovermelde faktore geïdentifiseer kan word kan die volgende aanname gemaak word:

- Programme vir die behandeling en rehabilitering van die jeugoortreder, wat voorsiening maak vir gemeenskapsbetrokkenheid en -intervensie in oorsaaklike faktore van jeugmisdaad gesetel in die gemeenskap van herkoms, en deelname van rolspelers uit die gemeenskap, noodsaaklik is vir die voorkoming en behandeling van misdadige gedrag onder jeugoortreders.

## 1.6 Die metode van ondersoek:

*Hierdie studie behels 'n literatuurstudie sowel as 'n empiriese ondersoek.*

Die literatuurstudie word onderneem ten einde 'n teoretiese riglyn daar te stel om oorsaaklike faktore, gesetel in die gemeenskap van herkoms wat aanleiding gee tot die ontstaan van jeugmisdaad, te identifiseer. Daar word gelet op die voorkoms en omvang van die probleem in die Suid-Afrikaanse konteks.

Die literatuurstudie word onderneem vanuit beskikbare en resente literatuur wat verband hou met die onderwerp van die navorsing. 'n Verdere doel van die literatuurstudie is om die inligting wat vanuit 4 empiriese onderhoude met jeugdiges voorheen betrokke by misdaad, verkry is, te verifieer. Die empiriese studie wat die voer van kwantitatiewe onderhoude met 4 jeugdige oortreders van 'n jeuggevangenis, insluit, word onderneem ten einde die oorsaaklike faktore in die gemeenskap van herkoms wat aanleiding gee tot die ontstaan van jeugmisdaad, aan te dui. Aangesien die navorser nuwe kennis wil ontwikkel ,word 'n onderhoud met slegs 4 persone gevoer ten einde meer individuele aandag aan elk van die respondente te verleen.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Kwalitatiewe navorsing word onderneem ten einde die inligting verkry uit onderhoude oor faktore gestel in die gemeenskap van herkoms wat moontlik aanleiding gee tot die ontstaan van jeugmisdaad, te kwalifiseer vir die doel van die veralgemening van navorsingsresultate. Hierdie inligting sal na vaslegging aangewend word om die oorsaaklike faktore te operasionaliseer in verstaanbare doelwitte met die oog op die daarstelling van 'n raamwerk vir gemeenskapsgebaseerde intervensie in die rehabilitasieproses.

Inligting wat vir die doel van die studie benodig is, is verkry uit 'n aantal verskillende bronne:

- Inrigtingkomiteeverslag met basiese besonderhede
- Voorlopige assessering tydens eerste onderhoud
- Gesprekvoering met die 4 jeugdiges

## 1.7 Begripsomskrywing

Vir die doel van duidelikheid en eenvormige interpretering word die volgende begrippe omskryf:

### 1.7.1 Jeugmisdaad

Volgens die Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:24) is jeugmisdaad; "die verskynsel van ernstige misdadige gedrag onder kinders en jeugdiges." Volgens Carson en Butcher (1992:546) verwys jeugmisdaad na onwettige dade wat gepleeg word deur individue onder 16, 17 en 18-jarige ouderdom.

Die begrip jeugmisdaad verwys dus na die pleeg van misdaad deur 'n jeugdige en die jeugmisdadiger kan omskryf word as 'n persoon onder 18 jaar wat aan ernstige misdryf skuldig bevind word en misdadige neigings openbaar. (Woordeboek vir Maatskaplike Werk, 1995: 24)

### 1.7.2 Jeugdige

Baker (1991: 17) is van mening dat dit 'n persoon is wat nog nie die ouderdom bereik het waarop hy as 'n volwassene behandel word nie, gewoonlik onder die ouderdom van 18-jarige leeftyd. Volgens die Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:23) is 'n jeugdige 'n persoon in die adolesensiejare.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

1.7.3 Gevangene

Vir die doel van hierdie studie, verwys die term "gevangene" tensy anders aangedui; na 'n manlike of vroulike gevangene onder die ouderdom van 21-jarige leeftyd wat gevangenisstraf uitdien vir die pleeg van misdaad.

1.7.4 Medium B -gevangenis

Die gevangenis by die Johannesburg Gevangeniskommandement wat mans onder medium en maksimum bewaking aanhou. Die gevangenis kan ongeveer 2300 mans akkomodeer en huisves tans ongeveer 500 jeugdiges.

1.7.5 Misdadiger

Volgens die Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:31) word 'n misdadiger eenvoudig beskou as iemand wat aan misdaad skuldig bevind is.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Vir die doel van hierdie studie, tensy anders aangedui, word daar bedoel met die term "jeugmisdadiger" 'n persoon onder die ouderdom van 21 jaar.

1.7.6 Gemeenskapsbetrokkenheid

De Clercq (1990:1) is van mening dat: "deelname en betrokkenheid van die gemeenskap een van die mees basiese uitgangspunte in gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling is. Ontwikkeling wat prosesgerig is en veral te make het met die aanspreek van probleme en die bevrediging van basiese behoeftes; is afhanklik van betrokkenheid en deelname van die gemeenskap, ten einde werklik suksesvol te wees.

Volgens Leisner (1987:29), het gemeenskapbetrokkenheid ten doel om geleenthede te skep vir die gemeenskap om 'n aktiewe rol te speel in:

- beplanning en beleidmaking
- toewysing en verspreiding van hulpbronne
- bestuur van hulpverlening en dienste

### 1.7.7 Gemeenskapsgebaseerde intervensie

Volgens Weyers (1991: 324) verwys gemeenskapsgebaseerde intervensie na:

" Werkwyse wat daarop gemik is om 'n individu, groep of gemeenskap te motiveer om by gemeenskapsaktiwiteite, die hantering van gemeenskapstremminge of die ontsluiting van gemeenskapspotensiaal betrokke te raak, of om by die inwoners van 'n gemeenskap hoop en vertroue te skep dat betrokkenheid by kollektiewe aksie teen gemeenskapstremminge, tot die verhoging van die gemeenskap se lewenskwaliteit, sal bydra."

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

#### 1.7.7.1 Intervensie

Die begrip "intervensie" word deur Brager & Spect (1981:139) omskryf as die groepering van gemeenskaplike tegnieke wat vir die bewerkstelling van 'n verandering by 'n teikensisteem of -groep benut wil word.

#### 1.7.7.2 Intervensiedoelwitte

Die begrip "intervensiedoelwit" verwys na die tipe verandering wat deur middel van die maatskaplike werker se handelinge by 'n besondere teikenpersoon of -groep en/of sy milieu bewerkstellig wil word.

## 1.8 Indeling van die hoofstukke

Die hoofstukke word soos volg ingedeel:

HOOFSTUK 1: Algemene inleiding
HOOFSTUK 2: Navorsingsontwerp
HOOFSTUK 3: Teoretiese fundering en literatuurstudie
HOOFSTUK 4: Bevindinge en gevolgtrekkings van studie
HOOFSTUK 5: Raamwerk vir intervensie vanuit die gemeenskap
HOOFSTUK 6: Aanbevelings en Slot

## 1.9 Slot: F*ormele Probleelmformulering*

Hierdie hoofstuk word afgesluit met die formele probleemformulering van hierdie navorsingsprojek:

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

'n Basies verkennend-beskrywende ondersoek na die verband tussen een van die oorsaaklike faktore van jeugmisdaad; naamlik die gemeenskap van herkoms, en die ontstaan van jeugmisdaad. Die opstel van 'n raamwerk vir 'n geïntegreerde behandelingsprogram; wat spesifiek voorsiening maak vir gemeenskapsbetrokkenheid en -intervensie as 'n komponent in die behandelingsproses; vir die oplossing en hantering van jeugmisdaad. Navorsing word onderneem deur middel van kwalitatiewe navorsing deur gebruik te maak van 'n formeel-gestruktureerde onderhoud.

In die volgende hoofstuk van hierdie studie word daar gelet op die navorsingsontwerp.

# HOOFSTUK 2:

## NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word aandag geskenk aan aspekte rondom die navorsingsontwerp. Daar word gelet op die navorsingsproses, navorsingsontwerp, hipoteseformulering, die wyse van data-insameling en onderskeie werkwyses verbonde aan navorsing.

Die basiese navorsingsdoel word deur Mouton en Marias (1990:44) beskryf as "basiese navorsing vir die verkryging van nuwe insigte, kennis en vaardighede." Die proses van basiese navorsing kan ook omskryf word as " kennis ter wille van kennis" (Mouton & Marias, 1990:46). Die doel van hierdie studie is dus verkennend-beskrywend. Verkennende studies het ten doel om 'n verkenning van 'n relatief onbekende terrein te maak, terwyl beskrywende studies poog om 'n bepaalde verskynsel in detail te beskryf (Mouton & Marias).

Stydom (1994:23) se siening van beskrywende studies stem ooreen met die van Mouton & Marias deurdat hy daarop wys dat die " klem in beskrywende studies enersyds val op die in diepte-beskrywing van 'n spesifieke individu, situasie, groep, organisasie, stam, subkultuur, interaksie of sosiale voorwerp. Andersyds kan die klem val op die beskrywing van die frekwensie waarmee 'n bepaalde eienskap of veranderlike in 'n steekproef voorkom".

In **hoofstuk twee** word die navorsingsproses en -metodologie van hierdie navorsingsontwerp uiteengesit.

## 2.2 Die navorsingsproses

Die navorsingsproses in die veld van Geesteswetenskappe en dus ook in Maatskaplike werk, bestaan volgens Mouton & Marias uit vyf stappe, en word soos volg uiteengesit:

| | |
|---|---|
| Stap1: | Keuse van navorsingsontwerp |
| Stap 2: | Probleemformulering |
| Stap 3: | Konseptualisering en operasionalisering |
| Stap 4: | Data-insameling |
| Stap 5: | Analise en interpretasie van data |

(Mouton & Marias, 1990:45)

Navorsing impliseer 'n doelbewuste inspanning om tot nuwe insigte te kom en kennis te verkry. Navorsing is verder 'n proses waarin logiese denke en konkrete handelinge ten nouste saamgeweef is.

Grinnel (1994:4-5) verdeel die navorsingsproses in ses stappe, naamlik:

1. Die selektering van die probleem-area
2. Die formulering van die navorsingsvraag
3. Die keuse van die navorsingsontwerp en die wyse van steekproeftrekking
4. Die selektering van die metodes van ondersoek
5. Die insameling van data, en
6. Die skryf van 'n navorsingsverslag en die evaluering daarvan

Vir die doeleindes van hierdie studie word die volgende stappe in die navorsingsproses onderskei:

1. Probleembepaling of bewuswording van 'n gebrek aan kennis
2. Probleemformulering en afbakening van studieveld
3. Die navorsingsontwerp met sekere prosedures en navorsingsprogram
4. Steekproeftrekking
5. Die hoofondersoek
6. Organisasie en klassifikasie van data en gegewens
7. Formulering van hipoteses
8. Die wyse van interpretasie en evaluering van gegewens
9. Die navorsingsverslag

Stap een tot drie het reeds na vore gekom in hoofstuk 1 van hierdie studie. In hoofstuk 2 sal daar aandag geskenk word aan die navorsingsontwerp en wyse van data-insameling, steekproeftrekking, die hoofondersoek, organisasie en klassifikasie van gegewens, die wyse van interpretasie en evaluering van gegewens, die stel van hipoteses en die navorsingsverslag.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

### 2.2.1 Die Navorsingsontwerp

Soos in Hoofstuk 1 vermeld, is die doel van hierdie studie hoofsaaklik tweeledig van aard. Ten eerste is die doel van die studie om vanuit die literatuur en praktyk 'n beeld te verkry van die oorsaaklike faktore wat aanleiding gee tot die ontstaan van jeugmisdaad. Uit die beeld van die oorsaaklike faktore word daar in die tweede plek gepoog om vanuit die empiriese studie vas te stel watter faktore in die gemeenskap van herkoms 'n rol speel in die ontstaan van jeugmisdaad .

Indien hierdie inligting beskikbaar is aan persone en instansies wat gemoeid is met die behandeling en rehabilitasie van die jeugoortreder, kan daar met groter effektiwiteit programme afgestem word op die oorsaaklike faktore in die gemeenskap van herkoms wat aanleiding gee tot die ontstaan van 'n ekologiese predisposisie tot die pleeg van misdaad deur jeugdiges.

Die navorsingsontwerp het ten doel om die betrokke navorsingsprojek sodanig te beplan en te struktureer dat die uiteindelike geldigheid van die navorsingsbevindinge verhoog word (Mouton & Marias, 1990:35). Tripodi (in Grinell, 1981:189) se omskrywing van die navorsingsontwerp is meer spesifiek van aard naamlik;

> *"die planne, struktuur en strategïe van ondersoek wat beoog word om antwoorde op verskillende navorsingsvrae te vind."*

Volgens Tripodi (1987:23) is die doel van die navorsingsontwerp om 'n stel sistematiese prosedures te verskaf vir die produksie van data wat sal lei tot die ontwikkeling, modifikasie of uitbreiding van kennis. Navorsingsontwerpe is dus logiese strategieë vir die beplanning van navorsingsprosedures en vir die verskaffing van getuienis vir die ontwikkeling van kennis. Vir die doel van hierdie studie is die geskikste ontwerp vir die ondersoek 'n kwalitatief-verkennende ontwerp.

2.2.1.1 *Kwalitatiewe navorsing*

Mark (1996:211) omskryf die kwalitatiewe benadering as die studie van verskynsels deur gebruik te maak van algemene beskrywings om verskynsels te beskryf of te verduidelik. Die kwalitatiewe navorser maak gebruik van vertellende omskrywings van persone, gebeure en verhoudings. Hulle bevindinge word aangebied in die vorm van kategorïeë of algemene stellings oor die komplekse natuur van persone, groepe of gebeure.


Die vraag kan gestel word hoekom nie 'n meer positivistiese\kwantitatiewe benadering gebruik word nie? Maatskaplike wèrkers is besorg oor die wyse waarin die mens in interaksie verkeer met mekaar onderling en met instellings, byvoorbeeld die gesin, skool, kerk, gemeenskap en ander organisasies. Die meer positivistiese navorsingsmetodes is aanvanklik ontwikkel vir die fisiese wetenskappe en is aanvaarbaar vir die studie van fisiese verskynsels.

Hierdie navorsingsmetodes is nie so geskik vir die studie van menslike interaksies nie, aangesien dit kwalitatief verskil van fisiese verskynsels. Menslike interaksie en gedrag kan nie noodwendig gekwantifiseer word nie (Mark, 1996:210). Ten einde die oorsaaklike faktore in die gemeenskap wat aanleiding gee tot die ontstaan van jeugmisdaad te kwalifiseer, moet hierdie faktore eers deur middel van kwalitatiewe navorsing aangedui word alvorens intervensie op hierdie vlak kan plaasvind.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

In kwalitatiewe navorsing beweeg die navorser vrylik rond tussen data-insameling en teoretiese ontleding. Data en inligting verkry van die respondente in hierdie studie kan na teorie verwerk word, en vanuit die teorie kan daar afleidings gemaak word oor die oorsaaklike faktore in die gemeenskap wat aanleiding gee tot die ontstaan van misdaad. Hierdie gevolgtrekkings kan weer na teorie omgeskakel word en as riglyn vir moontlike intervensie in die gemeenskap, aangebied word.

Die proses kan skematies soos volg uitgebeeld word;




(Mark, 1996:212)

Nadat die navorser die sosiale verskynsel van jeugmisdaad met betrekking tot die gemeenskap van herkoms bestudeer het, sal sekere organisatoriese beginsels, kategorieë, en ander konsepte ontwikkel word ten einde te verduidelik wat ondersoek word. Hierdie beginsels en konsepte word dan verder aangewend om relevante data in te samel en te omskryf.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Die navorser beweeg van 'n spesifieke na 'n algemene vlak. Daar word begin by 'n spesifieke vlak: data-insameling oor die sosiale verskynsel van jeugmisdaad en die onstaan van 'n ekologiese predisposisie in die gemeenskap van herkoms tot die pleeg van misdaad, deur 'n literatuurstudie, onderhoud en observasies.

Hierna beweeg die navorser na 'n algemene vlak: die maak van afleidings oor watter veranderlikes\faktore in die gemeenskap van herkoms relevant is in die ontstaan van jeugmisdaad. Hierdie afleidings word aangewend om teorieë te ontwikkel ten einde data te omskryf wat deur die empiriese studie ingesamel is.

Die proses kan soos volg uitgebeeld word;

**kwalitatiewe navorsing**

*spesifieke vlak* ⟷ *algemene vlak*

- data insameling
- observasies
- onderhoud
- analiseer data

⟷ TEORIE

(Mark, 1996:213)

### 2.2.2 Metode van data-insameling

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

In kwalitatiewe navorsing kan die navorser gebruik maak van 'n verskeidenheid van metodes ten einde data in te samel, insluitend vraelyste en gestruktureerde onderhoude. Ten einde komplekse response en individuele persepsies te meet, word gebruik gemaak van ongestruktureerde in diepte-onderhoude en deelnemende observasies. (Mark, 1996:214). Vir die doel van hierdie studie maak die navorser gebruik van die gevallestudie

2.2.2.1 *Die Gevallestudie*

Cilliers (1975:66) definieer die gevallestudie soos volg:

"Die gevallestudie behels die ordening van gegewens op so 'n wyse dat die eenheidskarakter van dit wat bestudeer word, gehandhaaf word. Dit behels dus die behandeling van 'n geselekteerde objek as 'n geheel."

Die geval kan 'n individu, gesin, 'n groep of 'n gemeenskap wees, dit wil sê enige aspek van die empiriese werklikheid waarteenoor daar as 'n eenheid gereageer kan word. (Strydom,1994:51). Die doel van die gevallestudie is om die betrokke geval te beskryf in terme van die waarneembare besonderhede daarvan.

Volgens Mark (1996:218) maak navorsers soms gebruik van gevallestudies waar min of geen inligting beskikbaar is nie om sekere sosiale verskynsels te omskryf. Die resultate van so 'n studie mag areas uitwys wat verder ondersoek moet word, kritieke tendense uitwys of sekere konsepte vasmaak wat kan dien as basis vir 'n teorie.

In die geval van hierdie navorsingsontwerp wil die navorser data wat uit die studie kom, aanwend om faktore wat in die gemeenskap van herkoms voorkom en aanleiding gee tot die ontstaan van jeugmisdaad deur middel van gevallestudies te indentifiseer. Hierdie inligting sal dan aangewend word om 'n riglyn te ontwikkel vir intervensie in die gemeenskap van herkoms.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Die navorser maak gebruik van die sogenaamde instrumentele gevallestudie. Volgens Stake (1994:212) is die doel van die instrumentele gevallestudie om 'n teorie uit te brei of om insig in 'n sosiale tendens te verkry, in hierdie geval faktore in die gemeenskap van herkoms wat aanleiding gee tot die ontstaan van jeugmisdaad. Die navorser se primêre belangstelling is om meer van die sosiale tendens te wete te kom en die gevallestudie help bloot om hierdie leerervaring te fasiliteer.

Die gebruik van 'n gevallestudie hou die volgende voordele vir die navorser in:

* dit voorsien idees en hipoteses rondom die faktore wat aanleiding gee tot die ontstaan van 'n ekologiese predisposisie in die gemeenskap van herkoms, tot die pleeg van misdaad onder jeugdiges;

* voorsien data wat aangewend kan word as 'n riglyn wat kan dien as bron vir die gebruik van terapeutiese tegnieke in die intervensieproses;
* verbale sowel as nie-verbale gedrag kan in die studie bestudeer word;
* gevallestudies is van longitudinale aard sodat voortgaande waarneming gedoen kan word (Bailey, 1987:287);
* gevallestudies het volgens Smit (1983:49-50) oorredings- en motiveringswaarde en kan gebruik word om rolspelers, betrokke by die hulpverlening en behandeling van jeugoortreders, aan te spoor om faktore wat aanleiding gee tot die ontstaan van 'n ekologiese predisposisie in die gemeenskap van herkoms, aan te spreek.

### 2.2.3 Die Steekproeftrekking

Alvorens die hoofondersoek onderneem word, moet daar eers deeglik besin word oor wie die bevolking of universum van die ondersoek sal uitmaak. Afhangende van die doel van die ondersoek en die prosedures wat gevolg word, word daar besluit of die totale universum of slegs 'n gedeelte daarvan by die ondersoek betrek sal word (Strydom, 1994:31).

UNIVERSITY JOHANNESBURG

'n Universum of bevolking is die omvattende klas waartoe verskynsels behoort en kan enige kategorie van verskynsels wees en hoef verder ook nie noodwendig mense te wees nie (Stydom, 1994:67). 'n Steekproef of monster is 'n gekose aantal eenhede wat by die ondersoek betrek word. Om 'n steekproef te trek, beteken dat 'n subgroep van elemente uit die universum of bevolking geneem word vir die doeleindes van die ondersoek (Cilliers,1973:107-108).

Soos vroeër is die teikenpopulasie van die ondersoek die jeugdige gevangenes van Medium -B-gevangenis, Diepkloof Johannesburg.

Ten tye van die studie was daar ongeveer 500 gevonnisde jeugdiges in aanhouding te Medium -B-gevangenis. Ongeveer 300 van hierdie jeugdiges is in aanhouding in die jeugseksie (A-seksie) te Medium B-Gevangenis, hierdie groep maak die kern van die ondersoek uit.

Volgens Stake (1994:224) is die enigste kriteria vir die seleksie van 'n steekproef vir 'n gevallestudie die "geleentheid om te leer". Die keuse van die steekproef mag ook deur praktiese oorwegings beïnvloed word, byvoorbeeld die toeganklikheid tot die bevolking, samewerking van die respondente, geleentheid om intensiewe onderhoude te voer. In die geval van hierdie studie word 'n nie-waarskynlikheidseleksie tipe steekproef getrek. Vier jeugdiges van A-seksie, Medium- B-gevangenis word by die steekproef betrek.

Die rede vir die keuse van respondente in die gevallestudie is dat, na aanleiding van Patton (Schumaker et. al,1993:378), hierdie tipe seleksie ryk is aan inligting vir 'n in diepte-studie van die sosiale verskynsel. Die respondente in hierdie studie is persone wat kennis het oor die sosiale verskynsel van jeugmisdaad aangesien hulself betrokke was in die pleeg van misdaad.

UNIVERSITY JOHANNESBURG

### 2.2.4 Hipotesetoetsing

Mouton en Marias (1990:135) definieer 'n hipotese as 'n stelling wat 'n vermeende verband of verskil tussen twee of meer verskynsels of veranderlikes, postuleer. Hipoteses word op twee wyses gegenereer, naamlik deduktief (waneer die die studie hipotesetoetsend van aard is) en induktief (waar hipoteses uit waarnemings, ervaring, verbeelding ensovoorts gevorm word). Eenvoudig gestel is 'n hipotese 'n stelling van wat die navorser dink die feite van die verskynsel is.

Aangesien daar van kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak word en nuwe teorie oor die ekologiese predisposisie tot die pleeg van misdaad onder jeugdiges gevorm word, word daar hoofsaaklik gebruik gemaak van induktiewe hipoteses.

### 2.2.5 Die hoofondersoek

Hierdie afdeling vorm die kern van die navorsingsproses. Tot op hierdie punt is alle pogings deur die navorser aangewend ten einde te verseker dat die uiteindelike ondersoek suksesvol sal verloop. Met die hoofondersoek word bedoel dat waarneming en insameling van data en gegewens wat deur middel van die literatuurstudie en empiriese navorsing onderneem word, nou aan die orde kom (Strydom,1994:32).

Ten einde die empiriese deel van die studie af te handel en hipoteses te genereer vanuit die gevallestudie, word daar gebruik gemaak van ' n formeel-gestuktureerde onderhoudskedule en deelnemende observasie.

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

2.2.5.1 Die semi-gestruktureerde onderhoud

Volgens Kruger (1988:18) neem die formeel-gestruktureerde onderhoud die vorm aan van:

*"carefully structured and sequenced questions based on the purpose of the research to elicit a wide range of responses. These questions wil be given to each participant."*

Volgens Stydom (1994:128) benut die formeel-gestruktureerde onderhoud semi-gestruktureerde of ten volle gestruktureerde vrae.

Die navorser moet homself egter daarvan weerhou om nie te veel leiding aan die respondent te gee nie, maar die onderhoud tog spesifiek op die onderwerp te fokus.

Ten einde te weet hoe jeugoortreders hulself sien binne die konteks van hul oortreding en gevolglike gevangenissetting, is dit nodig om met hulle onderhoude te voer wat demokraties, informeel en vryvloeiend is tussen die twee partye (Woods,1986: 12). In die voer van die onderhoud moet die navorser so ver moontlik vermy om kant te kies tydens die gesprek (Measor, 1985:90).

Die omstandighede waartydens die onderhoude plaasvind, speel 'n definitiewe rol in die antwoorde van die respondente. Die gebruik van 'n sel of kamer in die gevangenis is nie die ideale plek vir die voer van 'n onderhoud nie, maar deur die onderhoude te voer oor 'n aantal dae en selfs van die respondente terug te roep vir nog onderhoude, kan 'n rustige en ontspanne atmosfeer vir interaksie geskep word.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Tydens die onderhoud maak die navorser gebruik van 'n verskeidenheid van tegnieke en metodes ten einde die gesprek te fasilliteer. Van hierdie metodes sluit in:

***Oop vrae:*** *gee aan die respondent die geleentheid om in meer detail te antwoord, meer gevoelens te deel en ook meer gedagtes te gee oor die onderwerp (Johnson, 1990:192). Inligting bekom deur hierdie tipe vrae kan later in sekere kategorieë ingedeel word.*

***Reflektering:*** *hier maak die navorser gebruik van die respondent se eie woorde, gevoelens of gedagtes in 'n sinkonstruksie ten einde te bepaal of hy die persoon reg verstaan het.*

*Deur reflektering kan 'n beter beeld verkry word van die respondent se gedagtes en gevoelens asook die implikasies daarvan (Johnson, 1990:193).*

***Klarifisering:*** *is 'n poging om die respondent se antwoord te verstaan en die persoon te lei om meer uit te brei oor 'n gegewe antwoord. Stellings byvoorbeeld; "ek verstaan nie ...." of "dit klink vir my jy sê..." kan aangewend word vir die doel van klarifisering (Okun, 1987:77).*

***Opsomming:*** *is die samevatting van die mees belangrike elemente in 'n gesprek of interaksie tussen die onderskeie partye. Die navorser kan die gesprek onder die subafdelings opsom asook aan die einde van die gesprek. Dit is belangrik aangesien dit verseker dat daar eenstemmigheid is oor die informasie wat vooraf gedeel is (Okun, 1986:78).*

***Parafrasering**: is die maak van sekere stellings wat soortgelyk is aan die stelling van die respondent. Die woordgebruik is meestal dieselfde as die van die respondent.*

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

***Veldnotas:*** *die navorser moet redelik omslagtige notas neem nadat data ingesamel is, ten einde te verseker dat inligting oor die aard en omvang van die gesprek, die struktuur en funksie van die interaksie sowel as nie-verbale gedrag en die navorser se eie subjektiewe indrukke, nie verlore sal gaan nie (Strydom, 1994:45).*

***Audio-kasset opnames:*** *ten einde die wetenskaplikheid en geldigheid van die studie te verseker, asook te verhinder dat belangrike inligting verlore gaan, word audio-kasset opnames van elke gesprek gemaak. Hierdie opnames word met die respondent se wete en goedkeuring geneem.*

Die navorser sal elk van die vrae hardop uitlees aan die respondente ten einde angstigheid te verminder (Kingry, 1990:124). Sekere beginsels wat gevolg sal word in die onderhoud is, soos:

- begin met algemene inleidende vraag en bied geleentheid aan die respondent om te reageer. Vrae moet spesifiek genoeg wees om kort antwoorde uit te lok;
- begin by meer algemene vrae en beweeg dan na meer spesifieke vrae;
- begin by meer gemaklike vrae en beweeg dan na minder gemaklike vrae.

Die skedule vir die formaat van die onderhoud wat tydens die kwalitatiewe navorsing aangewend word, is vervat in bylae 1.

2.2.5.2 Die literatuur-kontrole

Ten einde die geldigheid en betroubaarheid van die inligting verkry uit die kwalitatiewe onderhoude te toets, word daar aan die einde van elk van die onderskeie onderhoude 'n kort opsomming van die belangrikste gegewens wat tydens die gesprek na vore gekom het, gemaak. Vanuit hierdie opsomming word gevolgtrekkings gevorm van die oorsaaklike faktore gesetel in die gemeenskap van herkoms, wat aanleiding gee tot die ontstaan van jeugmisdaad. Hierdie gevolgtrekkings word elk aan die hand van die literatuurstudie in **hoofstuk 3** gekontroleer. Die literatuur-kontrole dien as 'n meganisme vir die bepaling van geldigheid en betroubaarheid van die kwalitatiewe navorsing.

2.3 Slot

In hoofstuk 2 van hierdie navorsingsontwerp is die teoretiese fundering vir die formaat van die studie verskaf. Daar is kortliks verwys na die navorsingsproses en die stappe vir die empiriese studie, terwyl aandag ook geskenk is

aan die metode van navorsing naamlik; kwalitatiewe navorsing. Die formaat van die formeel gestruktureerde onderhoud is uiteengesit en bespreek.

In die volgende hoofstuk van hierdie studie word die gegewens en inligting verkry vanuit die onderhoude met 4 jeugmisdadigers verwerk en ontleed. Hierdie gegewens sal dan aangewend word om 'n profiel op te stel van die oorsaaklike faktore vir jeugmisdaad gesetel in die gemeenskap van herkoms.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

# HOOFSTUK 3

## DIE LITERATUURSTUDIE

### 3.1 Inleidende oriëntering en ordening

Daar kan van die veronderstelling uitgegaan word dat die jeudige wat misdaad pleeg een of ander grondliggende oorsaak moet hê hoekom hy hierdie anti-sosiale gedrag openbaar. Die rede kan bewustelik wees, maar is heel moontlik onbewustelik. In hierdie hoofstuk word daar vanuit die literatuur gepoog om die grondliggende oorsake te identifiseer wat moontlik aanleiding gee tot die pleeg van misdaad deur sommige kinders en jeugdiges.

Die meeste jeugdiges wat oor 'n tydperk hulself skuldig maak aan anti-sosiale gedrag, kom een of ander tyd in botsing met die regstelsel. Die meeste van hulle word na verhoor en vonnisoplegging geïnstutisionaliseer. Tydens hierdie tydperk van gevangenissetting word die jeugdige onderwerp aan verskeie programme met die doel om die jeugdige, waar moontlik, te rehabiliteer en terug te plaas in die gemeenskap na vrylating.

Gedurende die laaste aantal jare het verskeie benaderings na vore gekom vir die voorkoming en behandeling van jeugmisdaad. Sommige van hierdie benaderings het psigologiese en sosiologiese eienskappe, andere weer individuele eienskappe, en ander weer die gesinstruktuur beklemtoon in die behandelingsproses. Die navorser verwys in **hoofstuk 3** kortliks na hierdie benaderings vir rehabilitasie en behandeling. Nadat die kwalitatiewe studie onderneem is en inligting van die oorsaaklike faktore in die gemeenskap van herkoms ingewin is, sal daar in **hoofstuk 5** 'n raamwerk vir gemeenskaps-gebaseerde intervensie daargestel word.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

In **hoofstuk drie** word die onderskeie teorie van oorsaaklikheid van jeugmisdaad bespreek. Aangesien die fokus van hierdie navorsing die oorsaaklike faktore in die gemeenskap van herkoms is, sal daar deurlopend gelet word op hierdie komponent vanuit die literatuurstudie. Hierdie inligting word later aangewend vir die verdere ontwikkeling van die tema.

## 3.2 Grondliggende faktore wat aanleiding kan gee tot die ontstaan van jeugmisdaad

Binne hierdie onderafdeling word daar oorsigtelik gelet op die grondliggende oorsake wat verband hou met die ontstaan van jeugmisdaad. Die riglyn wat in **hoofstuk 1**, diagram 1, opgestel is, sal dien as vertrekpunt vir hierdie bespreking. Daar sal breedweg na verskeie outeurs se menings verwys word. Die navorser het dit goed gedink om aan die einde van elke punt van bespreking onder oorsaaklike faktore 'n diagram op te stel wat die besprekingspunt skematies opsom.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Ter inleiding van die grondliggende en oorsaaklike faktore wat aanleiding gee tot die ontstaan van jeugmisdaad, word die volgende stelling gemaak:

Sarason & Sarason (1984: 463) beweer dat daar 'n verband bestaan tussen die ontstaan van jeugmisdaad en die volgende faktore:

- verwerping of 'n gebrek aan sekuriteit tuis
- die verwagting van vyandige optrede van ander partye
- blootstelling aan anti-sosiale rolle
- gebrek aan ondersteuning en erkenning vir prestasie
- anti-sosiale druk van portuurgroepe
- swak fisiese en ekonomiese omstandighede in die buurt en tuis

Sy verklaar dit soos volg; " Die persoon kan nie die erns van die oortreding of die gevolge van sy dade begryp nie. Insig in optrede is beperk en meesal onvoldoende."

Coetzee (1965:13), verklaar die voorkoms van laer vlakke van intelligensie aan die hand daarvan dat jeugmisdadigers ook gewoonlik uit laer sosio-ekonomiese groepe kom, wat weer mag meebring dat hulle weens hulle opvoeding, omgewing en subkultuur laer intelligensie toon.

Volgens die sosiale leerteorie is 'n tekort aan sosiale vaardighede moontlik 'n bydraende faktor tot die ontstaan van jeugmisdaad. Long en Sherer (1984:78), is van mening dat jeudiges anti-sosiale gedrag openbaar in 'n poging om konvensionele doelwitte te bereik, omdat hulle nie oor die vaardighede beskik om op 'n sosiaal aanvaarbare manier hul oogmerke te bereik nie. Gepaardgaande met 'n tekort aan intellektuele en sosiale vaardighede, is daar ook sekere persoonlikheidseienskappe wat 'n rol speel in die ontstaan van anti-sosiale gedragspatrone.

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Spergel ( 1966: 13), maak die stelling dat die grondliggende oorsaak vir die ontstaan van jeugmisdaad gesetel is in swak egokragte van die individu wat voortspruit uit oneffektiewe of selfs destruktiewe interpersoonlike verhoudings. Die jeugdige kan as gevolg van swak egokragte nie andere genoegsaam vertrou om konstruktiewe verhoudings op te bou nie. Die persoon ervaar verder ook 'n lae gevoel van selfwaarde, interpersoonlike konflik en hoë vlakke van angs ( Spergel, 1966:13).

Die jeugdige se selfkonsep ontwikkel gewoonlik aan die begin van die kinderjare as 'n vae gevoel van die "self" as 'n objek wat later oorgaan tot 'n meer algemene bewustheid van die "self".


Hierdie "selfbewustheid" word versterk vanaf die ouderdom 6-12 jaar. Volwasse persone in outoriteit'sposisies asook gesingslede en portuurgroep beïnvloed die ontwikkeling en persepsie wat die jeugdige het oor homself.

Hy vergelyk homself met ander en moduleer sekere gedrag van ander persone. Hierdie aangeleerde gedrag word nou deel van sy selfbeeld en word later permanente gedrag. Die jeugdige se seksuele identiteit ontwikkel ook in hierdie tydperk (6-12) en word gekenmerk deur die feit dat die jeugdige homself van ander onderskei na aanleiding van geslag. Die kinders in hierdie fase van hul ontwikkeling is meesal nog onseker van hulself en meng daarom nie maklik met lede van die ander geslag nie. Die geslagsrol en identiteit asook gepaardgaande druk, speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die seksuele identiteit van die kind. Kinders ontwikkel 'n gevoel van veiligheid en sekuriteit waar daar defnitiewe geslagsrolle en gedragspartrone met voor en afkeure teenwoordig is.

Ter aanvulling van hierdie punt kan die volgende diagram van Sullivan & Sullivan gebruik word

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

3.2.1.1 FIGUUR A: **Faktore in die individu** (Sullivan & Sullivan, 1995)



### 3.2.2 **Faktore in die gesin**

Vir 'n geruime tyd al beklemtoon navorsers die kritieke rol wat die gesin speel in die ontstaan en ontwikkeling van jeugmisdaad. (Tolan, Cromwell & Bruswell, 1986). Navorsers is van mening dat daar sekere faktore in die gesin is wat aanleiding gee tot die ontstaan van jeugmisdaad. Hierdie siening is gebaseer op die uitgangspunt van die sogenaamde sosialiseringsteorie wat stipuleer dat die gesin 'n agent vir die aanleer van sekere sosiale vaardighede is.

Die gesin is een van die mees basiese strukture in die samelewing. Die gesinsomstandighede en die gebeure binne die gesin is van uiterste belang in die vorming van die kind se karakter. Die gesin word gesien as die " skool " vir die aanleer van positiewe sowel as negatiewe gedrag. Van die gesinspatrone wat in vorige navorsing aangewys is as oorsaaklike faktore tot die vorming van jeugmisdaad, is die volgende;

- Gebroke huis: Onder gebroke huise word hoofsaaklik verstaan die verbreking of versteuring van die normale huweliks en gesinsbande as gevolg van die afwesigheid van die vader en\of moeder weens omstandighede soos die dood, egskeiding of buite-egtelike verhoudings. (Louw, 1975: 33) 'n Studie ondeneem deur Gordon ( in Haskell, 1978:451) het bevind dat tussen 30-60% van alle jeugmisdadigers afkomstig is uit 'n gebroke huis.

- Gebrekkige dissipline: Louw (1975:40) onderskei tussen te streng, te swak, te wispelturig en geen dissipline. Te streng dissipline kan lei tot 'n wrokgevoel, verbitterdheid en opstandigheid. Dit gee daartoe aanleiding dat die kind antagonisme teenoor outoriteit'sfigure ontwikkel. Swak dissipline gee weer aanleiding tot die ontstaan van sekere eienskappe in die individu soos onverskilligheid, onverantwoordelikheid en eiegeregtigheid.


- Psigopatiese ouermodelle: Verskeie navorsers het die teenwoordigheid van psigopatiese eienskappe gevind by die ouers van jeugmisdadigers. Hier het veral die rol van die vaderfiguur (alhoewel nie eksklusief nie) soos wreedheid, alkoholisme, anti-sosiale verhoudings en onnodige afwesigheid van die huis, bygedra tot die ontstaan van misdaad by die jeugdige. (Kruger, 1980:40)

- Sosio-ekonomiese milieu: Volgens Coetser (1965:14) is die meeste navorsers dit eens dat die jeugoortreder uit die minder gegoede ekonomiese groepe uit die gemeenskap kom. Latere navorsing het egter aangetoon dat alhoewel swak ekonomiese omstandighede voorkom by die oorgrote meerderheid van jeugoortreders, dit nie gesien moet word as die hoof-oorsaak van anti-sosiale gedrag nie (Cronje, 1976:142).

- Die ouer-kindverhouding: Volgens Haskell (1978:446-447) is 'n belangrike bydraende aspek tot die ontstaan van jeugmisdaad onvoldoende en ontoereikende ouer-kindverhoudings. 'n Belangrike aspek van die sosialiseringsproses en ook 'n buffer teen jeugmisdaad, is die kwaliteit en proses van interaksie tussen die ouer en kind. Sullivan (1995: 3) het in sy studie bevind dat die jeugmisdadigers minder betekenisvolle en openlik liefde ontvang van die ouers af. Hy het ook verder bevind dat verhouding wat die vader met die kind het ook in die meeste gevalle minder bevredigend is as die moeder-kindverhouding.

Ter opsomming van rol wat die gesin speel in die ontstaan van jeugmisdaad, kan die volgende diagram aangewend word.

3.2.2.1 FIGUUR B: **Faktore in die gesin** (Sullivan & Sullivan,1995)




UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

### 3.2.3 Faktore in die Gemeenskap

J. G. Gabers (1985:16) is van mening dat die verskynsel van jeugmisdaad nie opsigself bestudeer moet word nie, maar teen die agtergrond van sosiale problematiek in die gemeenskap van herkoms. Die kind word meestal in sy ouerhuis geleer om eerlik, onselfsugtig en selfbeheersd op te tree, maar vind dikwels in sy gemeenskap dat negatiewe gedrag soos selfsug, aggressie en verlies van selfbeheer, beter resultate lewer in die dag tot dag aanpassing.

Die Suid-Afrikaanse samelewing word gekenmerk deur 'n wye verskeidenheid sosiale en maatskaplike probleme. Hierdie tendens veroorsaak spanning en konflik by die jeugdige en die behoefte aan kontrole en beheer oor onmiddellike omgewing. Die situasie word verder bemoeilik weens die feit dat daar nie genoegsaam sosiaal aanvaarbare kanale beskikbaar is vir die uitleef van negatiewe emosies en aggressie nie.

Kruger (1980:100) is van mening dat jeugmisdaad 'n addisionele gedragspatroon is wat deur die kind as 'n wyse van spanningshantering gekies is om sy leefwêreld te hanteer.

Cole en Cumy (1981:883) is van mening dat 'n groot persentasie jeugdiges misdaad gekies het as 'n alternatief op ontoereikende gesinsinteraksie en -strukture, verwerping, gebrek aan sekuriteit tuis en 'n tekort aan sosiale ondersteuning en aanvaarding. Dit word duidelik uit vorige navorsing dat omgewings- en gemeenskapsveranderlikes 'n rol speel in die ontstaan van jeugmisdaad (Rutter & Giller, 1986, Clark, 1979). Die kwessie of 'n jeugdige sal oorgaan tot die pleeg van misdaad, hang van verskeie faktore in die omgewing af, waarvan die volgende net 'n paar is:

- krisis en spanning in die fisiese omgewing
- die situasionele geleentheid tot die pleeg van misdaad
- die jeugdige se persepsie van die gevaar wat die misdaad vir hom sal inhou
- die jeugdige se emosionele ingesteldheid op daardie tydstip
- die jeugdige se temperament, en
- die teenwoordigheid van 'n groep\bende wat druk op die jeugdige toepas.

(Rutter & Giller, 1986:79)

Die jeugdige ontwikkel 'n ekologiese predisposisie tot die pleeg van misdaad as gevolg van omgewingsinvloed en gemeenskapsveranderlikes (Rutter & Giller, 1986:79). Ter stawing van hierdie stelling word die volgende aanhaling vanuit 'n gesprek met 'n jeugmisdadiger in aanhouding aangehaal:

**" I lived in .....squatter area with my mother, two sisters and stepfather.**
**The area has many people and we are too many in a room.**
**The children did not have a place to play. My mother left home very early each morning to go to work.**

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

**Then my stepfather would beat me when he was drunk. My mother did not do anything about it, so I decided to run away. I met a group of boys and started to move with them. We did not sleep at the same place each night. If we got money we would buy food, smoke and sniff benzine. We wanted to make more money for ourselves, so we broke into the store and stole goods. Then we stole a car and the police caught us."** (Gesprek gevoer met gevonnisde jeudige, 1997)

Hierdie is net een van die baie verhale van kinders wat hulself daagliks op die strate van Suid-Afrika en in die gevangenis bevind. Hierdie jong kriminele is deur hul gemeenskappe gemarginaliseer, wat beteken dat hulle op die kant geskuif is van die daaglikse lewe in die gemeenskap.

Voordat die kinders hul ouerhuise verlaat het en betrokke geraak het by misdaad, was hulle blootgestel aan verskeie faktore soos, soos onvoldoende sorg, enkel-ouergesinne, verhoudingsprobleme en -konflik tussen ouers onderling en ouers en die kind, finansiële tekorte, onvoldoende akkommodasie en oorbevolking, isolering van gemeenskapshulpbronne en ondersteuningstrukture.

Verdere faktore soos byvoorbeeld geweld, onvoldoende of ontbrekende polisiëring, geen of beperkte siviele en gesagstrukture, probleme by die skool en beperkte kanale waarin die kind selfwaarde en identiteit kan ontwikkel en ervaar, dra by tot die ontwikkeling van 'n ekologiese predisposisie tot die pleeg van misdaad. (vergelyk Schurink, 1993:85 in Perspectives om Violence, 1994:33)

Gevangenissetting verwyder slegs die kind vir 'n tydperk uit hierdie negatiewe milieu en veroorsakende faktore van misdaad, maar doen niks om hierdie negatiewe omstandighede, wat aanleiding gee tot die ontstaan van misdaad, aan te spreek nie. In werklikheid word die kind met gevangenissetting net verder gemarginaliseer en verwyder uit 'n reeds geslote gemeenskap.

Die kind kan die gevangenis as 'n verdere negatiewe en ontoereikende omgewing ervaar. Wanneer 'n persoon 'n omgewing as vyandig en negatief ervaar, en hy nie oor die nodige vaardighede beskik om dit te hanteer of te bemeester nie, voel hy bedreig , hulpeloos en beangs. 'n Alternatiewe gedragstyl, meestal negatief van aard word ontwikkel om kontrole en beheer oor die onmiddellike omgewing te verkry. Na vrylating word die jeugdige meestal teruggeplaas in die negatiewe omstandighede wat nog steeds in die gemeenskap van herkoms voorkom. Dit is die plig en taak van instansies aan wie hierdie gemarginaliseerde kinders toevertrou is, om programme en projekte in plek te kry ten einde hierdie kinders te help om vaardighede en vermoëns te ontwikkel ten einde omgewingseise te hanteer. Hierdeur word die beginsel van bemeestering en hoop weer aan die kind terugbesorg. (Lewis & Lewis, 1990:81).

Dit is verder ook noodsaaklik om 'n proses van gemeenskapsintervensie te bedryf ten einde waar moontlik, die veroorsakende faktore van jeugmisdaad aan te spreek en te bekamp. Ten einde hierdie doelwitte te bereik is dit nodig om 'n ontwikkelingsmodel of -benadering te volg. Binne die konteks van sorg aan die kind, word die volgende beginsels gevolg:


- fokus op sterkpunte eerder as patologie.
- ontwikkel eerder bevoegdheid en vaardigheid as om te poog om te genees.
- moedig 'n lewenslange leerkultuur aan.
- neem konteks in ag waarbinne die persoon homself bevind.
- verstaan en reageer passend met ontwikkelingstake en- behoeftes.
- werk met persoon in sy geheel en nie net met sogenaamde patologie en probleem nie.
- geloof in die potensiaal van die kind, sy gesin en die gemeenskap ten spyte van die rede vir verwysing.

- Intervensie gerig op maksimalisering van potensiaal eerder as op die minimalisering van die probleem.
- fokus daarop dat die meeste behandeling binne die daaglikse lewensomstandighede moet plaasvind.
- 'n Multi-dissiplinêre spanbenadering waarin die kind, sy gesin en die gemeenskap van herkoms betrek word.

(The Inter-Ministerial Committee on Young People at Risk, 1996: 5)

Ter opsomming van die invloed wat die gemeenskap het op die ontstaan van jeugmisdaad, sien figuur c:

3.2.2.2 FIGUUR C: **Faktore in die Gemeenskap** (Sullivan & Sullivan, 1995)




### 3.2.4 **Subkulturele Faktore**

Die Franse medikus, A. Lacassangne (1881:345) het in sy vernaamste werk wat reeds in 1881 verskyn het, gewys op die verband tussen misdaad en ekonomiese omstandighede.

Hierin het hy die sosiale omgewing as faktor wat bydra tot die ontstaan van misdaad beklemtoon. Die Duit'ser A. Baer (1834-1908) het 'n stap verder gegaan en beweer dat misdaad nie 'n individuele verskynsel is nie, maar 'n maatskaplike verskynsel. Volgens hom moet die maatskaplike omstandighede uit die weg geruim word, indien misdaad bestry wil word (sien Van der Walt, Cronje & Smit, 1945:85-86).

Van der Walt, Cronje & Smit, 1945:85-86noem in sy boek "The young delinquent" dat in gevalle wat hy ondersoek het, 81% van die kinders wat gesteel het, se families onder die broodlyn geleef het. In sy werk beskryf hy die geval van 'n dogter wat begin steel het;

**"Die dogter se ouers was eers redelik welaf en sy was gevolglik daaraan gewoond om rojaal te leef, maar toe haar vader se besigheid ineenstort, het sy nie meer geld tot haar beskikking gehad nie. Die relatiewe armoede waarin sy verkeer het en waaraan sy nie gewoond was nie, het daartoe aanleiding gegee dat sy begin steel het."**

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Reeds in die twintigerjare is gevind dat ook in die Suid-Afrikaanse konteks meer misdadigers uit swak woonbuurtes afkomstig is (Cronje et al.; 1982:186). Volgens Pretorius (1986:130) kan die waardestelsels,houdings en ook die leefstyl van die subkultuur waarin die kind hom bevind, die kind se persoonswording vertraag of versteur. 'n Kind identifiseer homself immers met die norme van die gemeenskap waaruit hy kom (Van Leeuwen, 1972:14). Die lede van 'n laer sosio-ekonomiese klas druk hul aggressie teen die sosiale orde dikwels uit deur middel van jeugmisdaad.


In woonbuurtes waar jeugmisdaad hoog is, is die misdaadsyfer onder volwassenes gewoonlik ook hoog (Cronje et al.; 1982:186). Die kinders wat in 'n swakker omgewing grootword, kom meer in aanraking met persone wat anti-sosiale gedrag openbaar, en leer dan om self hierdie tipe gedrag te openbaar

( Van Leeuwen, 1972: 14). Die gemeenskap waarin die kind grootword, kan met ander woorde die verkeerde norme vir die kind voorleef.

Maatskaplike netwerke bestaan uit groepe of organisasies wat verbind is deur 'n netwerk van sosiale verhoudinge, soos, lidmaatskap tot portuurgroepe wat oorvleuel en interpersoonlike affiliasie. Die interpersoonlike netwerk beklemtoon die individu se deelname en betrokkenheid by ander persone. So 'n maatskaplike netwerk kan afhangende van omstandighede, beide 'n positiewe of negatiewe invloed op die individu se gedrag en optrede hê. In gemeenskappe met hoë misdaadsyfers onder jeugdiges, word interpersoonlike verhoudings gekenmerk deur potuurgroepsdruk en konformiteit aan groepsdenke ( Sullivan, 1995: 8). Ter opsomming van die invloed van subkulturele faktore op die ontstaan van jeugmisdaad, sien figuur d.

3.2.2.3 FIGUUR D: **Faktore in die Subkultuur** (Sullivan &Sullivan,1995)

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG




### 3.3 Die behandeling van jeugmisdaad

Hierdie studie het ten doel om, deur middel van empiriese navorsing die oorsaaklike faktore in die gemeenskap van herkoms wat moontlik aanleiding kan gee tot die ontstaan van jeugmisdaad, te identifiseer.

Hierdie data sal aangewend word in die daarstellingling van 'n raamwerk vir die behandeling en rehabilitasie van die jeugoortreder wat spesifiek voorsiening maak vir die Suid-Afrikaanse konteks.

Vervolgens word daar gelet op die vernaamste benaderings tot die behandeling en rehabilitasie van die jeugoortreder. Hierdie is slegs 'n oorsigtelike literatuurstudie vir latere verwysing in hoofstuk 5 van die navorsingsontwerp.

### 3.3.1 Behandeling

Morris (1980:4) wys daarop dat die jeugdige wat homself skuldig maak aan misdaad al vir so lank rigting gee aan sy eie aksies, dat hy dikwels min vertroue het in diegene wat hom graag wil help. So 'n jeugdige moet meestal eers sekere negatiewe gedragswyses afleer alvorens daar met die aanleer van meer positiewe gedrag begin kan word.

Die afgelope twintig jaar is daar hoofsaaklik gebruik gemaak van behavioristiese tegnieke in die hantering van die jeugoortreder (Aranti, 1990:234). Dit wil egter voorkom of daar nie werklik tot op hede 'n effektiewe strategie bestaan vir die voorkoming en behandeling van jeugmisdaad nie (Wolf, 1980:4)

Kruger (1980:102) is van mening dat dit nodig is om die jeugoortreder te behandel met 'n kombinasie van individuele terapie, groepsterapie, gesinsterapie en gemeenskapsgebaseerde intervensie.

Hierdie benadering word gevolg aangesien die oorsaaklike faktore vir jeugmisdaad geweldig omvangryk is en daarom verskillende vorme van behandeling vereis.

3.3.1.1 Institusionalisering

By die hantering van jeugmisdadigers is institutionalisering die mees waarskynlike en geykte vorm van hantering wat tradisioneel gevolg word. Hierdie instutisionalisering kan opleiding, terapie en rehabilitasie insluit, maar vorm egter nie altyd deel van die hulpverleningsproses nie (Wicks-Nelson & Israel, 1984:276).

Ervaring het geleer dat hierdie vorm van hantering, naamlik die plasing, bewaring en behandeling van jeugdiges in 'n Korrektiewe instansie, dikwels daartoe lei dat die kind blootgestel word aan allerlei ander misdadige elemente wat tot gevolg het dat die kind verdere misdaadgedrag tydens gevangenissetting aanleer. Institusionalisering is dus nie noodwendig die beste vorm van behandeling nie en pogings word daarom aangewend om die jeugdiges eerder op ander wyses te hanteer.

3.3.1.2 Terapeutiese Behandeling

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Die afgelope twintig jaar is daar hoofsaaklik gebruik gemaak van behavioristiese tegnieke in die hantering van die jeugoortreder (Aranti, 1990:234).

In terme van die gedrag en behandeling van jeugmisdaad vra die terapeut, wat gebruik maak van die behavioritiese paradigma, vir homself die volgende vrae af:

1. Hoe kan die gedrag van die jeugdige so verander word dat hy ophou met misdaad? En indien hy daarin geslaag het,
2. Hoe kan die jeugdige weerhou word van verdere misdadige gedrag?

'n Groot aantal behandelingsparadigma het die laaste aantal jare die lig gesien.

Die algemene uitgangspunt van hierdie programme is dat die jeugmisdadiger 'n gebrek het aan sosiaal-toepaslike gedrag en slegs weet hoe om sosiaal-onaanvaarbare gedrag uit te leef. Programme vir die behandeling van hierdie onaanvaarbare gedrag maak gebruik van die beginsels van operante kondisionering, waar positiewe gedrag beloon word en negatiewe gedrag gestraf word (Wicks-Nelson & Israel, 1984:279).

Gevolglik maak die meeste Suid-Afrikaanse korrektiewe instellings, waar jeugoortreders aangehou word, gebruik van die beginsels van operante kondisionering in die behandeling van die jeugoortreder. Hierdie model fokus meestal op die simptome van wanaangepaste gedrag by die individu, in 'n poging om gedrag te verander.

Vervolgens word daar gelet op 'n aantal benaderings wat tans gebruik word in die behandeling en rehabilitasie van die jeugoortreder.

- **Aversie-afhanklike beheerbenaderings**: Alhoewel raas, dreig, lyfstraf en die ontrekking van voorregte die mees algemene vorm van beheer is, bring hierdie metodes van behandeling baie selde verbetering in die gedrag van die jeugdige teweeg. Dit word oor die algemeen nie as baie suksesvol beskou nie, aangesien daar dikwels 'n relatiewe lang tydperk verloop tussen die misdaad of negatiewe gedrag, en die straf van die gedrag (Aranti, 1990:235).

Daar is wel 'n mate van sukses behaal deur gebruik te maak van die tegniek van oorreaksie waar daar van die skuldige party verwag word om die gesteelde item aan die slagoffer terug te gee en boonop om ook nog 'n soortgelyke item aan die slagoffer terug te gee.

- **Positief-afhanklike beheerbenadering**: Twee tipes van positiewe versterkingsmetodes kan aangewend word by die behandeling van die jeugdige. In die eerste metode word gedrag versterk wat misdaadgedrag verwyder of beperk, terwyl positiewe gedrag wat niks met die misdaadgedrag soos die voltooiing van 'n klasopdrag, te doen het nie,in die tweede metode versterk word. Deur die positiewe versterking van alternatiewe gedrag op die pleeg van misdaad, kan negatiewe gedrag verwyder word (Herbert, 1981:127). Positiewe gedrag moet egter op vasgestelde tydperke, na 'n periode van misdaadvrye gedrag, versterk word ten einde suksesvol te wees.

- **Respons-koste**: Volgens hierdie tegniek onttrek die ouer of terapeut 'n spesifieke hoeveelheid positiewe respons vir onaanvaarbare gedrag van die jeugdige. Hierdie beheermaatrëel kan slegs met effek aangewend word indien daar 'n voorafbepaalde stelsel vir meetbare positiewe gedrag bestaan, byvoorbeeld die voorreg om oor naweke met vriende uit te gaan word onttrek indien die jeugdige homself skuldig maak aan negatiewe gedrag.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

- **Selfkontrole**: Een van die grootste leemtes in enige behandelingsproses is die tydsverloop tussen die pleeg van die aanvanklike misdaad en die gevolglike straf vir die oortreding. Die selfkontrole beheermaatrëel maak gebruik van sekere ontspannings- en selfkontrole-instruksietegnieke wat die kind leer om te ontspan in 'n situasie met misdaadpotensiaal en om homself sekere instruksies te gee wat hom kan weerhou van die pleeg van die misdaad. Hierdeur word die verantwoordelikheid vir gedrag aan die jeugdige terugbesorg en aangesien dit van die jeugdige in die potensiële misdaadsituasie afhang, kan onmiddellike reaksie op negatiewe gedrag verkry word

3.3.1.3 Behandeling deur betrekking van gesin, gemeenskap, portuurgroep en die skool

Ten einde die dinamiese wisselwerking tussen die oorsaaklike faktore van jeugmisdaad effektief aan te spreek in die behandelingsproses, is dit nodig om 'n gekombineerde benadering te volg in die rehabilitasie van die jeugoortreder (Vergelyk Kruger, 1980:23 en Sullivan, 1995:80).

Vervolgens word daar gelet op die behandeling van die jeugoortreder deur die betrekking van die gesin, gemeenskap, portuurgroep en skool.

- **Oueropleiding:** In hierdie tipe van opleiding is die fokus die ouer van die jeugdige wat homself skuldig maak aan anti-sosiale gedrag. Opleidingsprogramme wat op gedragswysigingsbeginsels gebaseer is en spesifiek ontwikkel is om die jeugoortreder se unieke behoeftes aan te spreek , word vir behandeling aangewend. Hiervolgens word die ouers van die kind opgelei om verskillende tipes van versterking en positiewe afhanklikheidsbeheerbenaderings, toe te pas.

  Die uitgangspunt hier is dat indien die ouer betrek word by die rehabilitasie van die jeugoortreder, dit die opvoedingshandelinge van die ouer asook die selfbeeld van die jeugdige sal verbeter (Glueck & Glueck, 1980:72). Die ouers van gedragsmoeilike kinders moet in ondersteuningsgroepe geplaas word waar wedersydse onder-steuning en kennis op 'n gereelde basis uitgeruil kan word.

- **Behandeling deur die gesin**: Slot (1988:2) is van mening dat aangesien die gesin 'n faktor is in die ontstaan van jeugmisdaad, die gesin betrek moet word by gesinsvoorligting en oueropleiding.
  Programme vir gedragsmoeilike kinders kan insluit die uitplaas van hierdie kinders vir kort tydperke in gesinne wat hiervoor opgewasse is.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

- Die gedragsmoeilike kind word hierdeur blootgestel aan normale patrone van kommunikasie en interaksie. In die terapeutiese proses is dit soms nodig om in die behandeling van erge anti-sosiale gedrag, die uitgebreide gesin te betrek by die intervensiefase met die oog op uitgebreide sosialiseringsbehandeling en ondersteuning van die jeugdige.

  Tydens hierdie tipe van behandeling word daar gefokus op die verbetering van die kommunikasievaardighede van gesinslede, die verandering van kognitiewe houdings en verwagtings en om alternatiewe interpretasie en betekenis aan gedrag te koppel (Wicks-Nelson & Israel, 1984:279).

- **Behandeling deur die skool**: Verskeie programme vir die behandeling van die jeugoortreder maak gebruik van die skool as hulpbron in die hulpverleningsproses. Die doel van hierdie tipe van programme is die alternatief wat dit bied op institutionalisering deur middel van 'n gekombineerde en gekoördineerde huis-, skool- en gemeenskapspoging.

  Die doel van die skoolprogram is om te verhoed dat die jeugdige betrokke by misdaad nie gemarginaliseer word van die daaglikse aktiwiteite van die gemeenskap nie. Die gedragsmoeilike jeugdige en sy klas verbind hulself tot die verbetering van die jeugdige se gedrag. Mede-verantwoordelikheid vir die handhawing van positiewe gedrag by die jeugoortreder word deur die kinders van 'n klas aanvaar.

  Indien die jeugdige vir 'n tydperk in die skool geen negatiewe mistappe begaan nie, word die klas as 'n geheel beloon, byvoorbeeld 'n gesamentlike uit'stappie. Indien die jeugdige egter in die verloop van die voorafbepaalde tydperk 'n mistap begaan word die klas as 'n geheel gestraf.
- **Behandeling deur die gemeenskap**: Die gemeenskap word by die behandelingsproses betrek aangesien die gemeenskap van herkoms 'n rol speel in die ontstaan van 'n ekologiese predisposisie tot die pleeg van

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

misdaad. Die jeugdige word aan ekologiese faktore blootgestel wat die ontstaan van jeugmisdaad presipiteer en aanmoedig. Sundeen (1982:45) is van mening dat die sukses van rehabilitasieprogramme afhang van die mate waartoe die gemeenskap betrek word by die behandelingsproses.

Rutter & Giller (1984:54) het bevind dat die kwaliteit van 'n behandelingsprogram se ondersteuningsisteme en maatskaplike netwerke in die gemeenskap, statisties geasossieer kan word met die jeugdige se vlak van residividisme, verdere veroordelings, disfunksionele gesinsinteraksie, aanvaarding van gesag, selfbeeld en persepsie van die samelewing.

Aangesien baie van die jeugdiges betrokke by jeugmisdaad deur die gemeenskap van herkoms gemarginaliseer word, is die doel van gemeenskapsgebaseerde intervensie soos om "individu-gemeenskapspassing" weer te bewerkstellig. Die "individu-gemeenskaps-passing" verwys na die graad van kongruensie en ooreenkoms tussen die individu se behoeftes, vermoëns, aspirasies en die hulpbronne, vereistes en geleenthede wat kenmerkend is van die gemeenskap van herkoms.

Gemeenskapsgebaseerde intervensie is 'n dinamiese en aktiewe proses wat ten minste twee rolspelers, naamlik die jeugdige en sy gemeenskap, betrek in 'n proses wat gedeelde verantwoordelikheid vereis, met die oog op die aanpassing van beide partye in 'n aanvaarbare "individu-gemeenskaps-passing"

- **Behandeling deur die portuurgroep**: Slot (1988:2) is van mening dat die portuurgroep ook betrek moet word by die behandeling van kinders wat misdaad pleeg. Die jeugdige se gedrag kan beïnvloed word deur gebruik te maak van die portuurgroep-milieu van die jeugmisdadiger, wat die jeugdige ondersteun in groepsprogramme soos die sogenaamde "Peergroups en

"Boys Clubs" van Amerika. Hierdeur word die jeugdige deel gemaak van 'n groter ondersteuningsisteem wat bestaan uit jeugdiges van sy eie ouderdom.

3. Slotopmerking

In hoofstuk drie van hierdie navorsingsontwerp is daar aandag geskenk aan die oorsaaklike faktore van jeugmisdaad wat anti-sosiale gedrag by die jeugdige presipiteer. Daar is verder ook vanuit die literatuur gelet op huidige hanteringstrategieë vir die behandeling en rehabilitasie van die jeugoortreder.

Die literatuur is dit eens dat die gemeenskap van herkoms 'n rol speel in die ontstaan van 'n ekologiese predisposisie tot jeugmisdaad. Die sukses van 'n behandelingsprogram vir die rehabilitasie van 'n jeugoortreder is volgens literatuur afhanklik van gemeenskapsgebaseerde intervensie in die gemeenskap van herkoms. Dit is egter noodsaaklik dat die unieke karakter van die Suid-Afrikaanse samelewing deur middel van navorsing ondersoek word ten einde 'n profiel op te trek van die faktore in die gemeenskap van herkoms, wat aanleiding gee tot die ontstaan van jeugmisdaad. In hoofstuk 4 van hierdie ontwerp word die empiriese navorsing van hierdie studie onderneem ten einde die oorsaaklike faktore van jeugmisdaad, gesetel in die gemeenskap van herkoms, wetenskaplik na te vors.

# HOOFSTUK 4

# VERWERKING EN INTERPRETASIE VAN GEGEWENS

## 4.1 Inleiding

In hoofstuk 3 van die navorsingsontwerp is daar vanuit die literatuur sekere faktore wat aanleiding gee tot die ontstaan van jeugmisdaad geïdentifiseer. Hierdie inligting is aangewend om 'n skedule vir 'n onderhoud met 4 jeugdiges daar te stel. In **hoofstuk 4** word die verwerking van die gegewens verkry uit die kwalitatiewe onderhoude vervolgens by wyse van gevallestudies hanteer, waarby die data van die verskeie kinders afsonderlik weergegee word. Om die anonimiteit van die jeugdiges sover moontlik te verseker, is net hulle eerste name gebruik.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Hoofstuk 4 bestaan uit 'n raamwerk vir die verwerking en interpretasie van gegewens, die onderskeie gevallestudies en 'n opsomming van die oorsaaklike faktore van jeugmisdaad gesetel in die gemeenskap van herkoms.

## 4.2 Raamwerk vir die verwerking en interpretasie van gegewens

Ten einde die geldigheid en betroubaarheid van die inligting en gegewens verkry vanuit die onderhoude te verseker, word 'n raamwerk vir die verwerking en interpretasie van gegewens opgestel. Hierdie raamwerk dien verder ook as 'n standaard riglyn vir die maak van eenvormige gevolgtrekkings oor faktore wat aanleiding gee tot die ontstaan van jeugmisdaad in elk van die gevallestudies.

| | | EKSTERNE FAKTORE | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **FISIESE\STRUKTURELE OMGEWING** | JA | NEE | NEE | JA | **ANTI-SOSIALE GEDRAG en OPTREDE VAN INWONERS** |
| • werkloosheid/verlies aan inkomste | 3 | 1 | | 4 | • vlak van misdaad |
| | | | | | • vlak van korrupsie |
| • deelname aan skoolaktiwiteite | 3 | 1 | | 4 | • vlak van geweld |
| | | | 2 | 2 | • koop van gesteelde items deur inwoners |
| • vlak van gemeenskapsorganisasie | 2 | 2 | | | • vlak van blootstelling aan misdadigers |
| • misdadigers woonagtig in gemeenskap | 4 | | | | |
| | | | 2 | 2 | • intimidasie en vrees vir vervolging |
| • kollektiewe aksie teen misdaad | 3 | 1 | | | • misdaadsindikate en georganiseerde misdaad |
| • marginalisering van jeugdiges | 4 | | | | |
| • verlies van inkomste | 4 | | | | |
| • enkel-ouer\werkende moeder | 3 | 1 | | | |
| | | INTERNE FAKTORE | | | |
| **JEUGDIGE SELF** | JA | NEE | NEE | JA | **GEMEENSKAPSLEDE** |
| • persepsie van gevaar wat misdaad inhou | 4 | | | 4 | • portuurgroepsdruk van vriende |
| • aansien, prestige en mag weens misdaad | 4 | | 2 | 2 | • hulpeloosheid en 'n slagoffer van misdaad |
| • alternatiewe gedragspatroon vir kontrole en beheer | 4 | | 2 | 2 | • onbetrokke houding en ingesteldheid |
| | | | | 4 | • negatiewe norme en waardes |
| • spanning verminder | 4 | | | | |

## 4.3 Ontwikkeling van Tema

### *4.3.1 Jeugdige 1 (David)*

#### 4.3.1.1 Rede vir gevangenissetting

David is twaalf maande gevangenisstraf opgelê vir huisbraak en diefstal. Hy is 'n eerste oortreder en het geen vorige veroordelings nie. Die misdaad is in groepsverband gepleeg en hy het 1 medepligtige in die saak.

#### 4.3.1.2 Gesinsamestelling

David is die jongste kind (17 jaar). Albei sy ouers leef; sy vader is 40 jaar oud en sy moeder is 38 jaar oud. Hy het een broer van 24 jaar, een suster van 21 jaar, 'n ouma van 61 jaar en 'n tante van 40 jaar.

Die gesin bly saam in Soweto, Zola Three-lokasie. Nie een van sy ander gesinslede was al voorheen betrokke by die pleeg van misdaad nie.

#### 4.3.1.3 Gemeenskapsamestelling

* *Tipe gemeenskap en populasie:*

Volgens David word die gemeenskap van Zola Three-lokasie gekenmerk deur korrupsie, misdaad en geweld. Van die mees algemene misdaad is soos diefstal, motordiefstal, winkeldiefstal.

- **N: Tell me David, about the township you come from?**
- **D: The location I come from is corruption......**
- **N: There is a lot of corruption, what do you mean?**
- **D: Many people, many guys they do crime, it is a corrupt society**

- **N: What kind of crime do they do?**
- **D: Plenty of crime.....car theft, shop-lifting, stealing and robbery....everything**

* *Die gemeenskap se waardes, norme en algemene houding teenoor misdaad:*

Die kriminele element woon tussen die lede van die gemeenskap. Die gemeenskap is bewus van hulle kriminele aktiwiteite, maar is meesal onbetrokke en toon nie veel belangstelling nie. Daar is wel sommige lede van die gemeenskap wat van tyd tot tyd die polisie in kennis sal stel van misdadigers, maar dit is meesal slegs die erger tipe oortredings soos motordiefstal en moord.

- **N: They stay in that area, all these guys that do crime?**
- **D: Ja; they stay in that area...Zola One, Zola Two and Zola Three**
- **N: Does the community know that the people are bad people, and they don't do anything about it?**
- **D: Ja; they know about the bad people staying in the community...when they steal a car, then somebody will phone the police ...**

In die lokasie gebeur dit van tyd tot tyd dat die inwoners van die gesteelde goedere sal aankoop vir eie gebruik. Die kriminele element gaan na die omliggende dele en steel byvoorbeeld motors, klere, kruideniersware en televisies. Hierdie goedere word van deur tot deur verkoop in die lokasie. Volgens David is die gemeenskap in die meeste gevalle bewus van die feit dat dit gesteelde items is.

- **N: Tell me about the bad people. Do they stay in the township?**

- **D: The man goes to the other who wants to buy a car, they steal a car and sell it to the other one...they scrap the car and sell the seats, the parts. Many people they break the grocery store, they break the clothes shop, they go from house to house in my area they sell it to the people**
- **N: Do the people that buy the stolen goods know that it was stolen?**
- **D: Some people they don't know that the goods were stolen, because they steal it in town and then they sell it to the people.**

* *Vlak van sosiale en maatskaplike ondersteuning*

In die lokasie waarin David gebly het was daar wel 'n sosiale gewete dat misdaad verkeerd is. Van die mense in die gemeenskap het gereeld vir die jeugdiges gesê om nie misdaad te pleeg nie en dat hulle nie daarvan sal hou as hulle in die gevangenis is, of dood is nie.

- **N: Tell me about the good people in the township, what do they say about crime?**
- **D: The good people they tell people, hey don't do crime please because crime does not pay...the crime she pays six feet under ground or arrested. Crime do not pay she tells the many people, hey lets go to the church to pray to God after that find a job in the township to get money. Crime does not pay, after that you are cripple or dead, if you want money go to the taxi's wash them do something to get the money.**
- **D: If you do crime they will not like you, they will not like you in prison, they will not like you are dead. We live together in this area, you must do one thing in this group. The people they give the criminal the advice not to do the crime.**

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

* *Vlak van verval/afname in waarde van die buurt waarin jy gebly het voor die misdaad:*

Volgens David is daar nie veel verval en afname in waarde in die gemeenskap nie. Die area getuig eerder van 'n goeie infrastruktuur met paaie, skole, klinieke, winkels, poskantore en telefone. Volgens hom is dit 'n goeie area om in te woon.

- **N: David tell me about the township, the set-up?**
- **D: The area that I stay is good, there are public phones, the streets...it's a good place to stay, there are shops, radio-shops, goods...everything.**

* *Verblyfsomstandighede ten tye van die misdaad:*

Ten tye van die misdaad het David by sy ouers gebly wat klaarblyklik goed vir hom gesorg het.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

4.3.1.4 Vriendegroep en Betrokkenheid

David het tussen goeie vriende grootgeword. Hulle het gereeld saam kerk toe gegaan en skool bygewoon. Later van tyd het sy vriendekring verander en het hy met minder goeie vriende deurmekaar geraak. Sy vriende het hom begin beïnvloed en kort voor lank het hy in die moeilikheid beland.

- **N: Tell me about your friends.**
- **D: My friend, I thought he was a good friend but all the time he is a "tsotsi", he lives in Soweto, he steals, he tells me; "hey let's go break that house to get some money." He did bad things, he's a bad friend, it's because of him that I am here.**
- **N: But you listened to that bad friend when he said you must go and break a house?**

- **D: No, first he show me the money, then he says this money I got it in that house then he gives you some of that money and you start thinking bad things, you start thinking; hey I want this money... let's go break the house.**
- **N: So this friend was a bad influence on you, he did not come to you the first time and said let's go break into a house, first he showed you the money?**
- **D: He said; "I've got the money, I go to town and I break the houses" You don't have the money and your mind goes; "I want the money, I can buy clothes and everything with that money." Then you go to the house and get arrested.**

Die gemeenskap van Zola Three-woonbuurt wsoos volgens David onbewus van die feit dat sy vriend 'n dief was. Die rede hiervoor was, dat hy nie in Zola Three-lokasie enige misdaad gepleeg het nie. Die gemeenskap het hom saam met David sien rondbeweeg en gedink hy was 'n goeie persoon en nie 'n misdadiger nie.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

4.3.1.5 Skolastiese prestasie en skoolbywoning

* *Aard van prestasie/vordering:*

David het tot en met standerd 6 voltooi voor sy gevangenissetting. Volgens hom was hy leergierig en positief oor sy studies. Die onderwysers van die skool wsoos volgens David goeie onderwysers want hulle het die kinders in die skool ondersteun in hulle aktiwiteite.

- **N: Did you go to school, which standard did you complete?**
- **D: I was busy with standard six...**
- **N: Did you like going to school...Why?**

- **D: Yes I like going to school...I like reading my English books, I like reading many things, I like learning new things.**
- **N: Tell me the teachers at this school, what kind of teachers were they?**
- **D: It is good teachers because they concentrate on the children, when she teach she make sure the children listen, when they don't hear, she repeats everything. She helps you a lot, if you want a book not in the school she will go outside the school to get it for you.**

* *Een week voor die pleeg van die misdaad:*

Tydens die week van die misdaad was David nie in die skool nie, aangesien die skole gesluit was vir die skoolvakansie. Die vraag word aan David gestel of hy dink hy betrokke sou geraak het in die diefstal indien hy op daardie tydstip in die skool was. Volgens hom glo hy nie hy sou die misdaad begaan het nie, indien hy wel in die skool was op daardie tydstip. Die positiewe invloed en aktiwiteite van die skool kon moontlik verhoed het dat hy deur sy vriend tot die pleeg van die misdaad beïnvloed kon word.

UNIVERSITY JOHANNESBURG

- **N: Were you in school when you broke into the house with your friend?**
- **D: No, the school was closed for the holidays...**
- **N: Do you think that if you were in school that day when you went to break into the house, you would not have committed this crime?**
- **D: Yes, if I were in school that day I would not have gone to break into the house, because the school kept me busy**

4.3.1.6 Gemeenskapsfaktore:

** Persepsie, houding en ervaring teenoor die gemeenskap van herkoms.*

Volgens David hou hy van die die lokasie waar hy gebly het voor die pleeg van die misdaad. Die inwoners het hom aanvaar en het hom by die naam geken. Op die vraag aan David of hy dink die gemeenskap hom nou sal verwerp weens die misdaad wat hy begaan het en sy kriminele rekord, het hy "nee" geantwoord. Volgens hom het hy nog steeds 'n goeie verhouding met sommige lede van die gemeenskap van herkoms, en word hy van tyd tot tyd nog deur van die inwoners van die gemeenskap van herkoms besoek in die gevangenis.

** Faktore in die gemeenskap van herkoms wat volgens die jeugdige moontlik kon aanleiding gee tot die pleeg van misdaad:*

Volgens die respondent is een van die faktore wat bydra tot die onstaan van 'n ekologiese predisposisie tot die pleeg van misdaad, die feit dat misdadigers vrylik rondbeweeg tussen die inwoners van die area en sonder om te skroom misdaad met mekaar bespreek binne hoorafstand van ander gemeenskapslede. Aangesien daar niks aan hierdie persone gedoen word nie, en hulle wegkom oor 'n tydperk met die pleeg van misdaad, skep dit die indruk aan ander dat hulle ook kan wegkom met misdaad. Sosiale kontrole en negatiewe sanksionering teen misdaad word weens die onvermoë van agente verantwoordelik vir die kontrole oor en sanksionering van misdaad (soos deur die polisie, howe, korrektiewe instellings) stelselmatig afgebreek en gekniehalter. Dit gee daartoe aanleiding dat jeugdiges makliker betrokke kan raak in die pleeg van misdaad.

- **N: Tell me David, what do you think causes young people in your community to become involved in crime?**
- **D: The people they talk about breaking the car and stealing the radio, the cassette. They walk around freely and discuss the robbery with his friend, me I hear about this robbery I think about doing it myself about breaking the car and taking the music.**

- **N: What you're telling me is that criminals talk about doing crime in the streets of you're community where young people on the street can actually hear them?**
- **D: Yes, I see nothing happens to the thief when he talks like that and I start thinking it is okay to steal because nothing can happen to me as well.**

Volgens die respondent is werkloosheid ook een van die faktore wat bydra tot die ontstaan van misdaad. Persone in die gemeenskap benodig 'n vaste inkomste om in hul basiese behoeftes te voorsien. Weens werkloosheid word egter geen inkomste gegenereer nie en die gemeenskapslede gaan oor tot die pleeg van misdaad ten einde in hierdie basiese behoeftes te voorsien.

- **N: Is there anyting else that you can think of that might lead to people becoming involved in crime?**
- **D: The people in my area, they don't have the work, so they don't have the money to buy the food, clothes, music... they go to town to ask for the work but they can't find the work so they come back and start stealing the food and the clothes.**

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

** Indien jy iets in jou gemeenskap kon verander, wat sou dit wees?*

Volgens die respondent sou meer werksgleenthede moontlik misdaad kan voorkom. Skoolbywoning, waar die kinders blootgestel word aan positiewe rolmodelle en die invloed van positiewe onderwysers, kan volgens David bydra tot die voorkoming van misdaad onder jeugdiges.

- **N: If you could change anyting in your community, what would you change?**

- **D: To change the community, the bad guys... maybe to give that people a job you see, maybe the other guy if she is still young to go back to the school... you see many of the young guys they do crime because they don't work or they don't go to school.**
- **N: You would say if the people had a job or were in school then they won't do crime?**
- **D: Yes you see if they have money they will not steal and if they were in school then they would listen to the teacher about not doing crime.**

4.3.1.7 **Jeugdige 1** (David): Opsomming en gevolgtreking

In die gesprek gevoer met Jeugdige 1 (David) kan die volgende faktore wat moontlik kan bydra tot die ontstaan van 'n ekologiese predisposisie vir die pleeg van misdaad onder jeugdiges, soos volg geïdentifiseer word:

⇒ Die gemeenskap waarin hy grootgeword het, word gekenmerk deur misdaad, korrupsie en geweld. Volgens Gabers (1985:16) word die kind dikwels in sy gemeenskap blootgestel aan negatiewe gedrag van ander gemeenskapslede, soos selfsug, aggressie en verlies van selfbeheer en kontrole.

⇒ Die kind leer hierdie tipe van gedrag aan ten einde te oorleef en aan te pas in sy gemeenskap. Die Suid-Afrikaanse samelewing word gekenmerk deur sosiale en maatskaplike probleme. Hierdie tendens veroorsaak spanning by die jeugdige en 'n behoefte aan kontrole oor sy onmiddellike omgewing. Volgens Kruger (1980:100) kies die jeugdige dikwels misdaad as 'n addisionele gedragpatroon ten einde spanning in sy omgewing te verminder. Dit blyk in die geval van David te wees dat die gemeenskap se waardes, norme en houding jeens misdaad 'n indruk op hom gemaak het, en bygedra het tot die ontstaan van 'n ekologiese predisposisie.

⇒ Die kriminele element woon tussen die ander gemeenskapslede, en verkoop dikwels van die gesteelde goedere aan ander lede van die gemeenskap. Die gemeenskap is dikwels bewus van hierdie misdadigers en weet verder ook dat die goedere, byvoorbeeld kruideniersware, gesteelde items is. Die gemeenskap se onbetrokke houding en ingesteldheid ten opsigte van misdaad, asook hul onvermoë om op te tree teen misdadigers gee aanleiding tot die pleeg van misdaad. In sommige gevalle ondersteun die gemeenskap indirek die pleeg van misdaad deur die gesteelde goedere aan te koop van die misdadigers. Solank as wat daar 'n aanvraag vir gesteelde goedere is en gemeenskapslede hierdie gesteelde items aankoop, sal misdaad voortduur.

⇒ Sy vriendekring en betrokkenheid by hul aktiwiteite het hom beïnvloed en aanleiding gegee tot die pleeg van misdaad. Volgens Rutter & Giller (1986:79) kan die teenwoordigheid van 'n groep/bende wat druk op die jeugdige toepas aanleiding gee tot die ontstaan van misdaad.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

⇒ Die positiewe invloed en aktiwiteite van die skool het ten tye van die misdaad ontbreek. Indien die respondent in die week van die pleeg van die misdaad in die skool was, sou hy heel moontlik nie betrokke geraak het in die pleeg van die misdaad nie.

⇒ Die jeugdige se persepsie van die gevaar wat die pleeg van misdaad vir hom kan inhou, is beperk deur die vrylike rondbeweeg van misdadigers in sy gemeenskap. Volgens Rutter & Giller (1986:79) word misdaad verhoed deur die mate waarin die persoon die gevolge van misdaad ervaar. In die respondent se gemeenskap het misdadigers sonder om te skroom misdaad bespreek waar ander lede van die gemeenskap dit kon hoor, en omdat daar nie teen hierdie persone opgetree is nie, word die indruk gelaat dat ander ook kan wegkom met die pleeg van misdaad.

⇒ Werkloosheid en die gevolglike verlies van inkomste gee aanleiding tot die ontstaan van 'n ekologiese predisposisie vir die pleeg van misdaad. Volgens die respondent sal werkverskaffing die toename by jeugmisdaad beperk en selfs voorkom aangesien persone in hul basiese behoeftes sal kan voorsien sonder die nodigheid van misdaad.

4.3.2 Jeugdige 2 (Alfred)

4.3.2.1 Rede vir gevangenissetting

Alfred dien tans 'n vonnis van 4 jaar uit vir verkragting. Hy is 'n eerste oortreder en het geen vorige veroordelings nie. Hy het die misdaad in groepsverband gepleeg en het twee ander medepligtiges.

4.3.2.2 Gesinsamestelling

Alfred is tans 21 jaar oud. Albei sy ouers leef nog; sy moeder is 48 jaar en sy vader is 54 jaar oud. Hy het twee broers van onderskeidelik 19 en 25 jaar . Hy het ook een suster van 32 jaar en 'n oom van 60 jaar. Nie een van sy gesinslede was al ooit betrokke by die pleeg van misdaad nie. Die gesin is woonagtig in Zola Twee-woonbuurt, in Soweto.

4.3.2.3 Gemeenskapsamestelling

* *Tipe gemeenskap en populasie;*

Volgens die respondent word die area waar hy bly, gekenmerk deur kriminele elemente en misdadige gedrag. Roof, moord en verkragting is alledaags in die gemeenskap van herkoms.

- **N: Tell me about the area where you stayed in before you got caught.**

- **A: Zola Two-township is a rough place, there are a lot of criminals in the location.**
- **N: Why do you say it's a rough place?**
- **A: They steal and murder and rape the people in the community. It's not a safe place to stay. Many criminals stay in that area.**

* *Vlak van verval\afname in waarde van die buurt waar jy gebly het voor die misdaad;*

Volgens die respondent was die area redelik oud en vervalle, dit was egter ook 'n aangename omgewing om in te bly.

- **N: Tell me about the township you stayed in before committing the crime.**
- **A: It's an old area, the houses are old and some of them are broken down, there are a few nice houses as well... it's a nice area to stay in. There are enough shops and clinics in the area... post office with telephones and a library for the people.**

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

* *Die gemeenskap se waardes, norme en algemene houding\ingesteldheid ten opsigte van misdaad;*

Volgens die respondent is die inwoners van sy area oor die algemeen gekant teen die pleeg van misdaad. Hulle neem kollektiewe aksie teen misdadigers in hul gemeenskap en skakel gereeld met die polisie oor kriminele elemente. Baie van die inwoners in die gemeenskap ignoreer egter ook, volgens die respondent, die kriminele element wat tussen hulle woon.

Hierdie persone is meestal onbetrokke en neem nie deel aan die kollektiewe aksie teen misdadigers in die gemeenskap nie.

Die rede hiervoor is dat hulle vrees vir hulle lewe, aangesien die polisie nie genoegsame beskerming bied vir informante nie. Verder kan die polisie ook nie die versekering aan informante gee dat hul getuienis teen die misdadiger genoegsaam sal wees vir strafregtelike vervolging, nie.

- **N: What is the general feeling of the people in your community about crime?**
- **A: The people are against crime because it hurts them and their families. They work with the police in finding the criminals.**
- **N: Do all the people in the community take action against the criminals?**
- **A: Not everybody... some people are afraid to talk to the police about the criminals. You see the police are not always there to protect the people against the criminals.**
- **A: Some of the criminals are caught but they come back and hurt the people that "pimped" them. So the people even if they know where the criminals are, will not tell the police because they are afraid of the criminals.**

UNIVERSITY JOHANNESBURG

* *Vlak van gemeenskapsorganisasie en -leierskap;*

Volgens Alfred is daar wel 'n mate van organisasie en -leierskap in Zola Twee-lokasie. Die "Civics" en straatkomitees neem kollektiewe aksie om sosiale probleme in hul gemeenskap aan te spreek.

- **N: What kind of organizations function in your community ?**
- **A: We have a "Civics" and a street committee for the people in the community.**
- **N: Can you tell me about these organizations?**

- **A: They help the parents with problems, they organise the community into groups to do things like clean the neighbourhood, get fresh water... they also work with the police against the criminals.**
- **N: Do you think this street committee helps to prevent the people from doing crime?**
- **A: Yes, the people in the street listen to the head of the street committee. He is like a chief to them, they have a lot of respect for him... when he tells them not to do crime they normaly listen to him.**

* *Beskikbaarheid van gemeenskapshulpbronne (skole, kerke, klinieke ens.);*

Volgens die respondent is daar wel bronne in die gemeenskap beskikbaar vir die inwoners in die area se persoonlike gebruik. Winkels, klinieke, skole en 'n poskantoor en is binne loopafstand van die inwoners. Die beskikbaarheid van ge-meenskapshulpbronne spreek van 'n redelik goedontwikkelde infrastruktuur en 'n aanvaarbare vlak van gemeenskapsorganisasie.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

* *Algemene lewensomstandighede ten tye van die misdaad;*

Alfred het by sy ouers gebly ten tye van die misdaad. Hy het in 'n buitekamer agter die hoofhuis geleef. Sy ouers het in sy basiese behoeftes voorsien, en in vergelyking met sy maats in die omgewing, was hy redelik wel-af .

Die feit dat die misdaad in sy buitekamer plaasgevind het, sê wel iets van die mate van ouerlike kontrole wat oor hom uitgeoefen is. Indien daar meer kontrole oor hom uitgeoefen is, sou die insident dalk nooit plaasgevind het nie.

** Ooreenkomste tussen die jeugdige se gedrag en die van die gemeenskap van herkoms;*

Die gemeenskap van Zola Twee-woonbuurt word gekenmerk deur misdaad, soos moord, roof en verkragting.

Alhoewel daar 'n sosiale gewete onder van die inwoners is, (gesien in die "Civics", straatkomitees ens.) en die inwoners tot 'n mate kollektiewe aksie teen misdaad in die gemeenskap neem, is dit nie genoegsaam om uitgebreide kriminele aktiwiteite stop te sit nie. Die vraag ontstaan of Alfred 'n produk van sy gemeenskap se sosiale identiteit is? Sy gedrag stem ooreen met die van die kriminele element wat die bo-toon voer in sy gemeenskap van herkoms.

- **N: Why do you say it's a rough place?**
- **A: They steal and murder and rape the people in the community. It's not a safe place to stay. Many criminals stay in the area.**

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

4.3.2.4 Vriendegroep en betrokkenheid by Misdaad

** Tipe vriende;*

Alfred se vriendegroep het redelik gewissel tot kort voor sy betrokkenheid in die pleeg van die misdaad. Aanvanklik het sy vriendegroep bestaan uit kerkvriende en skoolvriende wat 'n positiewe invloed op hom uitgeoefen het. Later van tyd het hy egter deurmekaar geraak met minder goeie vriende wat hom negatief beïnvloed het.

- **N: What kind of friends did you have in the area that you stayed in?**
- **A: When I was younger my friends were from church, we went to church together every Sunday. Some of my friends were from school.**

- **A: Later I met up with some guys that were not from church or school. We started spending a lot of time together, everyday.**
- **N: Were any of these guys ever involved in crime?**
- **A: Yes, the one got a sentence for housebreaking and theft.**

** Rol wat vriende gespeel het in die pleeg van die misdaad:*

Alfred se vriende was betrokke in die pleeg van die misdaad. Hy noem dat hy met die misdaad saamgegaan het omdat hy bang was vir verwerping indien hy nie wou deelneem aan die misdaad nie.

- **N: What role did your friends play in the crime?**
- **A: They also raped the girls. They did it first and then told me to do it as well. I did not want to do it, but I was afraid of them.**
- **N: Why were you afraid of them?**
- **A: I was afraid that they would think that I am "chicken"... that they would not want to be my friends any more.**

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

* *Houding en ingesteldheid van die gemeenskap teenoor sy vriende:*

Die gemeenskap van Zola Twee-woonbuurt het vir Alfred afgeraai om met hierdie spesifieke groep vriende deurmekaar te wees. Volgens die gemeenskap was hulle 'n slegte invloed op Alfred. Alfred moes op 'n stadium kies tussen sy vriende en die gemeenskap se druk. Hy het sy vriende gekies. Sy besluit het daartoe gelei dat die gemeenskap hom ook as 'n slegte invloed beskou het, gevolglik het die gemeenskap vir Alfred saam met sy vriende gemarginaliseer en uitgeskuif uit die daaglikse aktiwiteite van die woonbuurt.

- **N: What did the community think of your new friends?**

- **A: They did not like my friends, they told me to stay away from them, that they were a bad influence on me.**
- **N: Did you listen to the people?**
- **A: No, I chose my friends and started spending more and more time with them.**
- **N: What did the community do after they had seen that you did not listen to them?**
- **A: They stopped talking to me, they did not greet me on the street as they used to anymore. It felt as if I were a criminal already.**
- **N: How did this make you feel?**
- **A: I felt angry, why did I have to choose between my friends and what they said.**
- **N: Did you stil feel part of the community after that?**
- **A: No, I felt left out... I started spending more time with my friends.**

4.3.2.5 *Skolastiese prestasie en skoolbywoning:*

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Alfred was besig met standerd 8 ten tye van die misdaad. Hy noem dat hy gelukkig was in sy skool, aangesien hy gereeld ondersteuning en herkenning van die onderwysers gekry het. Die houding en gedrag van die onderwysers teenoor Alfred was oor die algemeen positief. Hul belangstelling in hul leerlinge kom na vore in die bemoeienis wat met elk van die leerlinge gemaak is.

- **N: Tell me about the school that you attended before committing the crime.**
- **A: I liked going to school, the teachers were good to me and the other children, they used to come to our homes to meet our parents. They really seemed interested in the school children.**

** Jeugdige se houding teenoor onderwysers:*

Alfred het sy onderwysers met respek hanteer, en volgens hom was hy ernstig oor sy studies. Die onderwysers het gesien dat hy erns maak met sy skoolwerk en het hom baie ondersteuning en aanmoediging gegee.

** Sosiale kwaliteite van die skool:*

Die skool het 'n positiewe invloed op die vorming en groei van die kind. Volgens die respondent het die skool positiewe gedrag en leergierigheid aangespoor en nega-tiewe gedrag afgeraai.

- **N: What did the school do to improve your community?**
- **A: The teachers told the children not to get involved in crime, not to live bad lives and to study to better themselves.**

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Alfred het die dag van die misdaad van die skool af weggeloop. Hy en sy vriende het hul klasse verlaat en saam met twee van die skoolmeisies na Alfred se kamer gegaan terwyl sy ouers nie by die huis was nie. Indien hy nie die van die skool af weggeloop het nie, sou hy nie betrokke geraak het in hierdie mis-daad nie.

- **N: Were you in school on the day you got involved in the crime?**
- **A: I went to school the morning. My friends did not want to go to the class, they had two girls with them.**
  **They asked if they could go to my room with the two girls. I said yes but did not want to give them my keys, so I went with them to my room. We listened to some music, and played some games with the girls.**
- **N: Do you think if you stayed in school that day and did not go with your friends, that you would have gotten involved in this crime?**

- **A: I should have stayed in school that day, then I would not have done this thing.**

4.3.2.6 Gemeenskapsfaktore

** Persepsie, houding en ervaring van die gemeenskap van herkoms teenoor die jeugdige:*

Volgens die respondent aanvaar die gemeenskap hom ten spyte van die feit dat hy tans 'n vonnis uitdien. Die respondent is verder van mening dat die gemeenskap hom terug sal verwelkom na sy vrylating. Alfred verbaliseer die behoefte daaraan om iets positiefs terug te gee aan die gemeenskap. Hy wil graag na skole gaan om die kinders te waarsku teen die pleeg van misdaad. Hy is van mening dat indien iemand vanuit die gevangenis met hom kom praat het voor hy die misdaad begaan het, hy heel moontlik nie dieselfde fout sou begaan het nie.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

** Faktore in die gemeenskap van herkoms wat volgens die jeugdige moontlik kan aanleiding gee tot misdaad;*

- **N: Tell me Alfred, this community that you stay in, why do think the young people get involved in crime?**
- **A: They are involved in gangsterism because they want money. Maybe their parents don't work, so they can't buy them the things of the young people.**
- **N: Have you actually spoken to some of these young people that steal for money?**
- **A: Yes, I have spoken to some of them... they say they steal to buy clothes. Their friends have new clothes, maybe new shoes so they think I want this new clothes as well... they start making plans to get this clothes.**

- **N: So they steal because they also want the same expensive clothes that their friends are wearing?**
- **A: Yes, immediately you start thinking: "hey; I also want this new shoes" then you start making plans to get some money to buy this clothes.**
- **A: I ask my friends: "why don't you go to town to find a job to buy your own clothes" they just say every time they ask they only see big board saying no job... no job... no job... so they steal to get the money even if they know it's wrong.**
- **N: Because you can't find a job, it's okay to steal to get the money?**
- **A: They know it's wrong to steal, but... do you see this watch of yours, they will take the watch and sell it for fifty rand or a hundred rand, to get the money to go and buy the clothes.**

Volgens die respondent het die aktiwiteite van bendes in die area 'n verdere invloed op die voorkoms van misdaad. In die area waar hy woon, is daar twee bendes waarvan hy bewus is. Jeugdiges wat nie skool bywoon of 'n vaste werk het nie, maak grootliks die ledetal van hierdie groepe uit.

UNIVERSITY JOHANNESBURG

* *Indien jy iets in jou gemeenskap van herkoms kon verander, wat sou dit wees?*

Alfred is van mening dat indien die jeugdiges betrokke in bende bedrywighede oorreed kan word om deel te neem aan positiewe aktiwiteite byvoorbeeld bywoning van die kerk, skool, ensovoorts; hul moontlik verander kan word. Indien jeugdiges betrokke by misdaad deur iemand, wat as gevolg van misdaad in die gevangenis beland het, toegespreek kan word, kan dit moontlik bydra tot 'n afname by jeugmisdaad. Konfrontering met die harde realiteit van die gevangenisopset, kan moontlik dien as 'n afskrikmiddel vir potensiële jeugoortreders.

- **N: If there were one thing that you could change in your community to stop young people from getting involved in crime, what would it be?**

Die vraag ontstaan of Alfred nie 'n produk is van die negatiewe, kriminele subkultuur van die gemeenskap waaraan hy blootgestel is nie. Indien hy wel 'n produk van sy gemeenskap se kriminele subkultuur is, kan die gevolgtrekking gemaak word dat vrylating in die gemeenskap van herkoms sonder intervensie op gemeenskapsvlak in hierdie subkultuur, weer aanleiding kan gee tot verdere misdaadpleging by die individu.

⇒ Die gemeenskap se waardes, houding en algemene ingesteldheid ten op sigte van misdaad in hul gemeenskap getuig van 'n mate van betrokkenheid in kollektiewe aksie teen misdaad. Dit kan gesien word in die aktiwiteite van die "Civics" en straatkomitees.

⇒ Baie van die inwoners van die area ignoreer egter die kriminele element wat tussen hulle woonagtig is. Die rede hiervoor is vrees vir vervolging deur misdadigers. Dit gebeur op 'n gereelde basis dat kriminele na slegs 'n kort tydperk van gevangenissetting weer vrygelaat word in die gemeenskap. Hierdie persone loods in baie gevalle 'n persoonlike vete teen die inwoners in die gemeenskap wat hulle "gepimp" het, met die gevolg dat inwoners in die gemeenskap eerder nie betrokke raak by kollektiewe aksie teen kriminele elemente in hul gemeenskap nie. Die kriminele subkultuur bly dus voortbestaan aangesien geen gemeenskapsgebaseerde, kollektiewe aksie teen misdadigers geneem word nie.

⇒ Jeugdiges woonagtig in die gemeenskap sien dat min of geen aksie teen kriminele aktiwiteite geneem word. Hierdie tendens dra by tot die ontstaan van 'n ekologiese predisposisie vir die pleeg van misdaad.

⇒ Die respondent se betrokkenheid by 'n negatiewe vriendegroep het daartoe aanleiding gegee dat die gemeenskap van herkoms hom gemarginaliseer het van die gemeenskap se daaglikse aktiwiteite, met die gevolg dat die jeugdige meer en meer tyd saam met sy vriendegroep begin spandeer het.

Aangesien hy uit die positiewe aktiwiteite van sy gemeenskap verwyder is,het hy meer vatbaar geword vir die meer negatiewe suggesties en portuurgroepsdruk van sy vriende.

⇒ Indien die gemeenskap 'n poging aangewend het om hom nog steeds te betrek by die meer positiewe aktiwiteite van die gemeenskap, kon dit moontlik die negatiewe portuurgroepsdruk uitgeskakel het. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die marganalisering van die gemeenskap van herkoms van 'n jeugdige betrokke in kriminele aktiwiteite, die jeugdige dryf tot die negatiewe invloed van 'n kriminele subkultuur.

⇒ Ten opsigte van skolastiese prestasie en skoolbywoning verbaliseer die jeugdige verbaliseer 'n posi-tiewe ervaring ten opsigte van sy skool. Volgens die jeugdige sou hy nie in die misdaad betrokke geraak het nie, as hy in die skool gebly het op die dag van die misdaad. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die positiewe invloed en aktiwiteite van die skool as 'n instelling, op die vorming van aanvaarbare gedragswyses by jeugdiges as teenvoeter vir 'n kriminele subkultuur aangewend kan word. Die skool moet as 'n agent vir verandering by gemeenskapsgebaseerde intervensie betrek word in 'n poging om die gemeenskap betrokke te maak by die rehabilitasie van die jeugoortreder.

⇒ Die volgende voorstel word deur Alfred gemaak vir die moontlike voorkoming van misdaad onder jeugdiges: Hierdie voorstel kan dien as een van die van vertrekpunte gemeenskapsgebaseerde intervensie in die hulpverleningsproses. "**A: I know it's not easy, but the young people must be told not to do crime... they must be helped to change their ways of doing things. I think that by talking to them and taking them to church, that wil stop the young people from doing crime.**"

### 4.3.3 Jeugdige 3 (Ngoasi)

#### 4.3.3.1 Rede vir gevangenissetting

Ngoasi dien tans 'n vonnis van 12 maande uit vir huisbraak en diefstal. Hy is 'n eerste oortreder met geen vorige aanklagte teen sy naam nie. Die misdaad is in groepsverband gepleeg, en hy het 1 medepligtige in die saak.

#### 4.3.3.2 Gesinsamestelling

Ngoasi is die oudste kind en is tans 17 jaar oud. Hy het 'n jonger broer van 11 jaar en 'n suster van 13 jaar. Hy het geen kennis van sy vader nie; volgens sy moeder is hulle vervreemd van mekaar voor sy geboorte. Sy moeder is tans 39, 'n enkel-ouer wat moet werk ten einde te voorsien in die gesin se basiese behoeftes. Ngoasi se ouma (72 jaar) en tante (53 jaar) deel die gesin se huisvesting en is verantwoordelik om na die kinders om te sien in die dag as sy moeder weg is by die werk.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

#### 4.3.3.3 Gemeenskapsamstelling

Ngoasi was woonagtig in Mofolo Village, Soweto voor sy gevangenissetting. In die onderhoud met hom het die volgende aspekte van sy gemeenskap na vore gekom:

* *Tipe gemeenskap en populasie:*

Volgens die jeugdige word die area waar hy grootgeword het, gekenmerk deur mense wat daarvan hou om misdaad te pleeg.

Die gemeenskap neem 'n meer landelike karakter aan en die populasie woon oor 'n area van ongeveer 5 kilometer. Die infrastruktuur van die area is nie baie goed ontwikkel nie met beperkte gemeenskapshulpbronne vir die inwoners van die area.

- **N: Tell me about this area that you stayed in? About the people that stay there?**
- **NG: The area that I stayed in, is on the outside of Soweto. I stayed with my family with the other people of Mofolo Village. Some of the houses in the area are of the squatters... dirt roads and few shops**
- **NG: The people of Soweto like doing crime...**
- **N: What do you mean they like doing crime?**
- **NG: A lot of the people do crime, the police are too slow to catch them so they run away. Other people see it's easy to do crime, so they also start doing the crime.**

** Vlak van verval\afname in waarde in die buurt waar jy gebly het voor die misdaad:*

UNIVERSITY
JOHANNESBURG

Die gemeenskap neem 'n meer landelike karakter aan en die populasie woon oor 'n area van ongeveer 5 kilometer. Die infrastruktuur van die area is nie baie goed ontwikkel nie met beperkte gemeenskapshulpbronne vir die inwoners van die area. Ngoasi het so min as moontlik van sy tyd in die lokasie spandeer. Hy en 'n groep vriende het hul dae deurgebring in die huis van 'n ouer man in 'n aangrensende woonbuurt. In die hofsaak het dit vorendag gekom dat hierdie man onwettig handel gedryf het in gesteelde goedere.

Die kinders het as gevolg van sy invloed huisbraak en diefstal gepleeg in die area en die gesteelde goedere (soos televisies, videomasjiene, laserskyfspelers ens.) na sy huis geneem. Van hier af het hy die gesteelde items teen 'n wins verkoop.

- **N: Tell me more about the area that you stayed in... the shops, clinics...?**
- **NG: Some of the people stayed in squatterhomes, others stayed in better homes, the streets were of dirt with no underground sewage disposal in some of the streets. The children of the area played amongst the squatterhomes and sewage.**
- **N: Where did you and your friends play?**
- **NG: We never played where the other children played... we used to go to a house in the next neighbourhood.**
- **N: Whose house?**
- **NG: The old man that we sold the things to, which we stole. He had a big house with a nice room for me and my friends. He was the father of one of my friends**
- **N: How many of your friends went there?**
- **NG: We were about 13 children that went to this house, and we stayed there for the whole day. Everyday we went to this house.**
- **N: What did you do with yourselves the whole day long?**
- **NG: We played some cards, listened to music and we talked mostly.**
- **N: Where are your friends now? Where is this man of the house?**
- **NG: The man died, most of my friends are now in P4 (waiting-trials)**

* *Gemeenskap se waardes, norme en algemene houding teenoor misdaad:*

Volgens Ngoasi word die gemeenskap gekenmerk deur misdaad en geweld. Die mense van die area is meestal die slagoffers van hierdie geweld en misdaad. Ten spyte hiervan neem die inwoners van die area nie werklik kollektiewe aksie teen die kriminele element in die lokasie nie. Die rede hiervoor blyk te wees dat 'n groot aantal van die gesinne in die area meestal uit enkel-ouer, werkende moeders met kinders, bestaan.

- **N: You told me that you and your friends used to spend the day at the house of this man. Were any of your friends involved in crime?**
- **NG: Yes, one of my friends were caught for housebreaking and theft... the other one shot a guy at Christmas for coming on to his girlfriend.**
- **N: You new that this friend of yours killed somebody? Why did you still spend time with them?**
- **NG: Yes, I knew that this friend of mine shot the other one, but I was afraid they would stop being my friends if I walked away from them.**
- **N: What would they say if you were to break the friendship with them?**
- **NG: They would say, "you think you are a clever, you think you are beter than us?"**
- **N: So you went with them to break the house?**
- **NG: Yes, they said that it was my duty to watch for the police, when they break the house... they said that I was one of them.**
- **N: What did you do with the stolen goods?**
- **NG: We took it back to the house... the father of my friend sold the stuff and gave some of the money to us**
- **N: What did you do with the money?**
- **NG: We went to town to buy some clothes and food if we were hungry.**

4.3.3.5 Gemeenskapsfaktore

* *Faktore in die gemeenskap van herkoms wat volgens die jeugdige moontlik kon aanleiding gee tot die pleeg van misdaad onder jeugdiges:*

Volgens Ngaosi raak jeugdiges betrokke by misdaad vir die aansien, prestige en mag wat dit hulle gee in die swart gemeenskap. Inwoners in die lokasie neem kennis van hulle en in baie gevalle dwing hul betrokkenheid by misdaad vrees en geforseerde respek af by die gemeenskapslede.

- **N: Ngoasi, why do you think the young poeple get involved in crime? Why do they steal and rob the people in the community?**
- **NG: The young people do it to feel important in the community. The other people know about them, they fear them... it's for the power. I think they do this because they want the people to know about them.**

Volgens die respondent speel geld ook 'n rol in die ontstaan van misdaad. Die jeugdiges steel om vir hulself klere, voedsel, musiek, ensovoorts, aan te koop. Sy redenasie is dat dit die enigste wyse is om ook iets van waarde te besit aangesien baie van die kinders se ouers nie hierdie duur items met hul inkomste kan bekostig nie. In die meeste van hierdie jeugdiges se ouerhuise word die geld gespandeer op slegs die mees noodsaaklikste bestaansmiddele. Duur items, soos klerasie, word selde vir die kinders aangekoop.

- **NG: They get involved in crime for the money. They don't get the money from their parents to buy the nice clothes with. They see their friends involved in stealing wear this nice clothes, so they start stealing as well.**
- **N: What do they buy with this stolen money?**
- **NG: They used the money to buy clothes, jewels and watches and go to the movies.**
- **N: So you would say the reason these young people get involved in crime, is because they want the money for spending on themselves?**
- **NG: Some of us were forced to break the houses and steal the stuff. This man told us to do this crime... always talking about stealing stuff. He forced us.**

** Gemeenskap van herkoms se houding en ingesteldheid ten opsigte van die jeugoortreder*

Volgens Ngoasi het die gemeenskap die groep jeugdiges vermy weens hul betrokkenheid by misdaad. Die gemeenskap het nie van die groep seuns gehou nie, en gevolglik die groep gemarginaliseer uit die aktiwiteite van die gemeenskap. Die gevolg hiervan was dat die respondent homself begin distansieer het van die gemeenskap, aangesien hy gevoel het hy kan nie weer deel van die gemeenskap wees nie.

- **N: What did the community think about this group of friends of yours?**
- **NG: The community did not like my friends, they said we were "tsotsi's" because almost all of my friends carried the bags with the stolen goods in it. So they did not want anything to do with us. Some even phoned the police.**
- **N: Did you still feel part of the community when the people did not want anything to do with you?**
- **NG: No, I felt left out... it felt as if I could never go back to them again.**

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

4.3.3.6 **Respondent 3** (Ngoasi): Opsomming en gevolgtrekking

Uit die gesprek gevoer met repondent 3, kan die volgende aspekte geïdentifiseer word wat moontlik kan aanleiding gee tot die ontstaan van 'n ekologiese predisposisie tot die pleeg van misdaad onder jeugdiges.

⇒ Volgens Ngoasi word die gemeenskap gekenmerk deur misdaad en geweld. Die mense van die area is meestal die slagoffers van hierdie geweld en misdaad. Ten spyte hiervan neem die inwoners van die area nie werklik kollektiewe aksie teen die kriminele element in die lokasie nie. Die rede hiervoor blyk te wees dat 'n groot aantal van die gesinne in die area meestal uit enkel-ouer, werkende moeders met kinders, bestaan.

Hierdie moeders werk per dag weg van die lokasie af en kom eers laat in die nag weer by die huis. Die gevolge hiervan is dat die grootste deel van die gemeenskap uit jeugdiges bestaan met min of geen supervisie en kontrole oor hulle in die dag. Hierdie kinders waarvan Ngoasi 'n voorbeeld is, is oop vir uitbuiting en perversie van georganiseerde misdaadsindikate aangesien hul ouers nie gedurende die dag na hul welstand kan omsien nie.

⇒ Die algemene houding en standpunt van die inwoners teen misdaad en geweld bestaan in effek nie aangesien die ouers weg van die lokasie af werk vir finansilëe redes en dus nie in die posisie verkeer om konstruktief op 'n daaglikse basis standpunt teen misdaad in te neem nie.

⇒ Mofolo Village beskik oor geen formele organisatoriese strukture vir verandering en verbetering nie. Die inwoners is nie in straatkomitees of "Civics" ingedeel nie, dus kan kollektiewe aksie teen sosiale probleme byvoorbeeld misdaad, nie op 'n breë front georganiseer word nie. Die rede hiervoor is weereens die feit dat die meeste van die inwoners van die area, enkel-ouer, werkende moeders met kinders is. Bedags, wanneer kollektiewe aksie georganiseer kan word teen sosiale probleme in die lokasie, werk die meeste van hierdie ouers.

⇒ Na aanleiding van die gesprek gevoer met jeudige 3, kan die afleiding gemaak word dat sy vriendegroep 'n rol gespeel het in die ontstaan van 'n predisposisie tot die pleeg van misdaad. Hierdie jeugdiges het daagliks tyd saam deurgebring in die woning van een van die seuns se vader. Van die jeugdiges was voorheen in botsing met die gereg, een vir huisbraak en diefstal, 'n ander vir moord.

⇒ Volgens Ngoasi raak jeugdiges betrokke by misdaad vir die aansien, prestige en mag wat dit hulle gee in die swart gemeenskap. Inwoners in die lokasie

neem kennis van hulle en in baie gevalle dwing hul betrokkenheid by misdaad vrees en geforseerde respek af by die gemeenskapslede.

⇒ Volgens die respondent speel geld ook 'n rol in die ontstaan van misdaad. Die jeugdiges steel om vir hulself klere, voedsel, musiek, ensovoorts aan te koop. Sy redenasie is dat dit die enigste wyse is om ook iets van waarde te besit, aangesien baie van die kinders se ouers nie hierdie duur items met hul inkomste kan bekostig nie. In die meeste van hierdie jeugdiges se ouerhuise word die geld gespandeer op slegs die mees noodsaaklikste bestaans-middele. Duur items soos klerasie word selde vir die kinders aangekoop.

⇒ Volgens Ngoasi het die gemeenskap die groep jeugdiges vermy weens hul betrokkenheid by misdaad. Die gemeenskap het nie van die groep seuns gehou nie en gevolglik die groep gemarginaliseer uit die aktiwiteite van die gemeenskap. Die gevolge hiervan was dat die respondent homself begin distansieer het van die gemeenskap, aangesien hy gevoel het hy kan nie weer deel van die gemeenskap wees nie.

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

### 4.3.4. **Jeugdige 4: Dlamini**

#### 4.3.4.1 Rede vir gevangenissetting

Dlamini is twaalf maande gevangenisstraf opgelê vir huisbraak en diefstal. Hy is 'n eerste oortreder met geen vorige veroordelings. Die misdaad is in groeps-verband gepleeg deur Dlamini en twee ander medepligtiges. Jeugdige 3 (Ngoasi) is een van die ander medepligtiges in die saak. Beide Dlamini en Ngoasi was dus afkomstig van Mofolo Village en is vir dieselfde oortreding gevonnis.

4.3.4.2 Gesinsamestelling

Dlamini is tans 17 jaar oud en deel van 'n uitgebreide gesin. Hy het drie ander broers onderskeidelik 7 , 14 , en 20 jaar oud. Hy het drie susters, onderskeidelik 6 , 15 , en 17 jaar oud. Albei sy ouers leef nog, sy vader (47) is woonagtig in Kaapstad aangesien die ouers vervreemd is van mekaar. Sy moeder (37) is werksaam in Johannesburg bedags terwyl sy ouma (72) na die kinders omsien.

4.3.4.3 Gemeenskapsamestelling

* *Tipe gemeenskap:*

Volgens Dlamini word die area waar hy grootgeword het gekenmerk deur misdaad, dwelms en geweld. Dlamini is van mening dat Mofolo Village, as gevolg van die hoë misdaadsyfer nie 'n goeie plek is om in groot te word nie. Dwelms, georganiseerde misdaad, huisbraak en diefstal, ensovoorts, is aan die orde van die dag.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

- **N: Dlamini, tell me about Mofolo Village, what kind of people live there?**
- **DL: Mofolo Village, hey... it's not a good place to grow up in.**
- **N: Why do you say that?**
- **DL: The other guys they want to do crime, they do crime in the township... a lot of bad things, some drugs, some bad guys they wanted us to do bad things, so they take us to a house and force us to break the house with them. Too much crime.**
- **N: The bad people in that area what kind of things do they do?**
- **DL: They steal, they steal the cars... many bad things.**
- **N: The bad guys, are they older guys or young ones?**

- **DL: Most of them are old guys, they force the young guys to steal... do bad things**

** Vlak van verval\afname in waarde van die area waar jy gebly het voor die misdaad;*

Mofolo Village is een van die oudste woonbuurtes in die area. Die strate is nie geteer nie, verskeie van die huise is tydelike wonings van plakkers wat in die area in beweeg het vanuit die landelike dele.
Daar is wel winkels en openbare geriewe, maar volgens Dlamini is dit vervalle, oud en nie genoegsaam ontwikkel vir die gebruik van die inwoners nie.

- **N: This area that you stayed in, tell me what it looks like?**
- **DL: It's the oldest area in Soweto, the houses are old and run down, the streets are made of dirt. Not many shops and things to do for the young people.**

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

* Vlak van gemeenskapsorganisasie en -leierskap:

Volgens die respondent is daar wel 'n mate van gemeenkskapsorganisasie en - leierskap. Gemeenskapsgebaseerde organisasies soos die "Civics" is werksaam in die area. Hierdie organisasies poog om die Mofolo Village se infrastruktuur te ontwikkel en te verbeter. Die "Civics" organiseer projekte om sosiale probleme in die area, byvoorbeeld werkloosheid en tekort aan behuising, aan te spreek.

- **N: Are there any organizations working in your community?**
- **DL: Yes, the Civic's are working in Mofolo-Vilage, they help the people to get jobs and sort out any problems in town.**

**They helped one of my friends with getting a place to stay when his father left his brothers and sisters**

- **N: Do the organisations like the civic's support and help people involved in crime**
- **DL: Yes, they help where they can with finding a job for those without a salary that maybe stole money because of not having a job**

** Ooreenkomste tussen die jeugdige se gedrag en die van die gemeenskap waaruit hy kom:*

Dlamini se gedrag stem ooreen met die van die kriminele subkultuur wat in sy gemeenskap voorkom. Verskeie van die inwoners was ten tye van sy eie oortreding betrokke by misdaad en geweld.

- **DL: Mofolo Village, hey... it's not a good place to grow up in.**
- **N: Why do you say that?**
- **DL: The other guys they want to do crime, they do crime in the township... a lot of bad things, some drugs, some bad guys they wanted us to do bad things, so they take us to a house and force us to break the house with them. Too much crime.**

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

4.3.4.4 Vriendegroep en betrokkenheid by misdaad

Volgens die respondent het hy baie vriende gehad in die gemeenskap waarin hy grootgeword het. Sommige van sy vriende het volgens hom 'n positiewe invloed op hom gehad. Hierdie vriende was gewoonlik van sy klasmaats wat hy in die skool ontmoet het. Verskeie van sy vriende het egter ook 'n minder goeie invloed op hom gehad. Hierdie vriende het druk op hom geplaas om deel te neem aan anti-sosiale aktiwiteite. Indien hy nie wou deelneem aan hierdie aktiwiteite nie, is hy uit die groep uitgeskuif.

Die dag met die pleeg van die misdaad was Dlamini se vriende saam met hom. Hulle het onder die voorwendsel van werksoek by verskeie huise aangeklop, en diegene met geen antwoord is hierna beroof. Van sy vriende was al voorheen betrokke in die pleeg van misdaad en die groep is deur die gemeenskap as moeilikheidmakers ervaar. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die groep deur lede van die gemeenskap verwerp en gemarginaliseer is van positiewe aktiwiteite in die gemeenskap van herkoms.

- N: **Tell me about your friends, what kind of friends did you have?**
- **DL: I had some good friends from school that I used to spend time with. I also had some bad friends... bad boys that did wrong. These friends forced me to do wrong things with them. They used to say: " you want to be one of us, you do the things we do"**
- **N: What happened when you did not want to do the same things as these boys?**
- **DL: They moved you out of the group... they did not want do know you anymore. It was better to go along with them than be one of the boys without any friends to play with**
- **N: Did the community like the fact that you spent time with these bad boys?**
- **DL: No, the people said that I am running around with the wrong company. They stopped talking to me... I did not feel welcome anymore in the township. They looked at me as a criminal.**

UNIVERSITY
JOHANNESBURG

4.3.4.5 Skolastiese prestasie en skoolbywoning

* *Skoolbywoning en sosiale kwaliteite van skool:*

Dlamini was ten tye van die misdaad in standerd 6. Hy noem dat hy dit geniet het om skool toe te gaan en klasse by te woon.

Die onderwysers het standpunt ingeneem teen die pleeg van misdaad en die kinders aangeraai om hul skoolloopbaan te voltooi, aangesien dit aan hulle die geleentheid sou bied om 'n sukses van hul lewens te maak. Volgens die respondent het hy ten tye van die pleeg van die misdaad van die skool af weggebly en die dag saam met sy vriende deurgebring.

- **N: Did you go to school on the day of the crime?**
- **DI: No, on the day of the crime my friends and I went to town to look for work for one of my friends that did not go to school. We went to the homes and asked for a job. When we came to a house with no one at home my friends went to break the house.**

4.3.4.6 Gemeenskapsfaktore

* *Faktore in die gemeenskap van herkoms wat volgens die jeugdige aanleiding kan gee tot die ontstaan van misdaad:*

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Volgens die respondent raak jeugdiges betrokke in die pleeg van misdaad omdat hulle materiële besittings soos klerasie, juweliersware, klanktoerusting wil bekom. Hul ouers verdien in die meeste van die gevalle nie 'n groot inkomste nie en kan daarom nie vir die kind duur artikels aankoop nie.

In sommige van die gevalle werk die moeders van die kind nie en kan ook nie luukshede soos klerasie, juweliersware en klanktoerusting bekostig nie. Die jeugdige sien hierdie tipe van luukshede by hul vriende en verneem waar hulle die geld gekry het om dit te kan bekostig. Die pleeg van diefstal word as alternatief vir die verdien van 'n salaris aangemoedig en die jeugdige raak betrokke by misdaad.

- **N: Tell me why you think people in the township become involved in crime, the reason some of them go and steal?**

- **DL: The other people see that someone has something nice to wear or some nice clothes and he knows that he can't get it so he goes to steal**
- **N: Why can't he get the nice things to wear?**
- **DL: He's got no job or money or his mother is not working so he goes and steal from somebody that's got some money. He see his friend is wearing nice clothes so he wants the same things... then he do crime**

* *Indien jy iets in jou gemeenskap kon verander om dit te verbeter wat sou dit wees?*

Die jeugdige kon geen werkbare alternatief op die pleeg van misdaad aanbied nie.
Hy kon verder ook geen faktore in sy gemeenskap identifiseer vir verbetering nie. Hierdie onvermoë opsigself dien as 'n aanduiding van die onkunde wat onder jeugdiges in gemeenskappe heers oor moontlike alternatiewe gedrag en optrede teenoor die pleeg van misdaad. Dit spreek verder ook van 'n ingesteldheid van onbetrokkenheid in die welsyn en verbetering van die gemeenskap van herkoms.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

4.3.4.7 **Respondent 4** (Dlamini): Gevolgtrekking en opsomming

Voorts word die belangrikste faktore wat volgens die onderhoud 'n invloed uitgeoefen het op die ontstaan van 'n ekologiese predisposisie tot die pleeg van misdaad, kortliks opgesom.

⇒ Volgens Dlamini word die area waar hy grootgeword het gekenmerk deur misdaad, dwelms en geweld. Dlamini is van mening dat Mofolo Village, as gevolg van die hoë misdaadsyfer nie 'n goeie plek is om in groot te word nie. Dwelms, georganiseerde misdaad, huisbraak en diefstal, ensovoorts, is aan die orde van die dag. Die jeugdige is blootgestel aan 'n kriminele subkultuur waar anti-sosiale gedrag aan die orde van die dag was.

⇒ Verskeie van sy vriende het 'n minder goeie invloed op hom gehad. Hierdie vriende het druk op hom geplaas om deel te neem aan anti-sosiale aktiwiteite. Indien hy nie wou deelneem aan hierdie aktiwiteite nie, is hy uit die groep uitgeskuif. Portuurgroepsdruk gee aanleiding tot die ontstaan van anti-sosiale gedrag, in die teenwoordigheid van 'n bendegroep wat druk op die individu toepas, konformeer die individu maklik tot die norme en waardes van die groep.

⇒ Van sy vriende was al voorheen betrokke by die pleeg van misdaad en die groep is deur die gemeenskap as moeilikheidmakers ervaar. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die groep deur lede van die gemeenskap verwerp en gemarginaliseer is van positiewe aktiwiteite in die gemeenskap van herkoms.

⇒ Volgens die respondent het hy ten tye van die pleeg van die misdaad van die skool af weggebly en die dag saam met sy vriende deurgebring. Indien hy die dag van die misdaad eerder sy klasse bygewoon het en nie saam met sy vriende was nie, sou hy heel moontlik nie betrokke geraak het by die pleeg van die misdaad nie.

⇒ Volgens die respondent raak jeugdiges betrokke in die pleeg van misdaad omdat hulle materiële besittings soos klerasie, juweliersware en klanktoerusting wil bekom. Hul ouers verdien in die meeste van die gevalle nie 'n groot inkomste nie, en kan daarom nie vir die kind duur artikels aankoop nie. Weereens speel portuurgroepsdruk 'n rol in die ontstaan van misdaad; die jeugdige ervaar druk van sy vriende om soortgelyke artikels (klerasie, juweliersware) as die van die groep te besit. Die jeugdige pleeg diefstal ten einde die fondse te bekom om gesogte items aan te koop.

5. Slot

In **hoofstuk 4** is die empiriese studie van die navorsingsontwerp onderneem. Daar is gebruik gemaak van kwalitatiewe navorsing om die faktore wat volgens 4 jeugdiges voorkom in die gemeenskap van herkoms, wat moontlik aanleiding gee tot die ontstaan van misdaad onder jeugdiges te ondersoek. Hierdie inligting is verkry vanuit semi-geskeduleerde onderhoude gevoer met die jeugdiges wat tans in aanhouding is vir misdaad. Die navorser het gebruik gemaak van die formaat vir navorsing soos bepaal in hoofstuk 2 van hierdie studie in die voer van die onderskeie onderhoude (sien bylae 1).

Na elk van die 4 onderhoude is die aspekte van belang tot die studie, kortliks opgesom en geïnterpreteer aan die hand van die literatuurkontrole onderneem in hoofstuk 3 van hierdie studie. Hierdie stap het aanleiding gegee tot die generering van sekere hipoteses oor faktore wat voorkom in die gemeenskap van herkoms, wat moontlik aanleiding kan gee tot die ontstaan van 'n ekologiese predisposisie tot die pleeg van misdaad onder Suid-Afrikaanse jeugdiges.

In **hoofstuk 5** word die inligting verkry uit die empiriese studie aangewend om 'n raamwerk te ontwikkel vir intervensie in die gemeenskap van herkoms, in 'n poging om die oorsaaklike faktore van jeugmisdaad aan te spreek.

# HOOFSTUK 5

## RIGLYN VIR GEMEENSKAPSGEBASEERDE INTERVENSIE IN DIE GEMEENSKAP VAN HERKOMS

### 5.1 Inleiding

In **Hoofstuk 4** van hierdie studie is die empiriese deel van die navorsingsontwerp afgehandel. Deur middel van kwalitatiewe navorsing (semi-geskeduleerde onderhoud met 4 respondente) is sekere faktore in die gemeenskap van herkoms geïdentifiseer, wat moontlik onder jeugdiges kan aanleiding gee tot die ontstaan van 'n ekologiese predisposisie tot die pleeg van misdaad. Hierdie oorsaaklike elemente is deur middel van 'n literatuurkontrole geverifïeer en as geldig aanvaar. Aangesien die fokus van die studie tweeledig van aard is, naamlik die bepaling van oorsaaklike faktore in die gemeenskap van herkoms wat moontlik aanleiding kan gee tot die ontstaan van jeugmisdaad, en die saamstelling van 'n riglyn vir gemeenskapsgebaseerde intervensie, word daar in **Hoofstuk 5** van hierdie studie uitvoering gegee aan die tweede aspek van die studie.

Die riglyn dien as 'n verwysingsraamwerk vir die hulpverleningsprofessies gemoeid met die rehabilitasie en behandeling van die jeugoortreder voor herinskakeling in die gemeenskap van herkoms. Dit kan egter ook aangewend word vir die voorkoming van jeugmisdaad onder jeugdiges.

Alvorens 'n raamwerk vir gemeenskapsgebaseerde intervensie egter opgestel kan word, het die navorser dit goed gedink om 'n lys van oorsaaklike faktore in die gemeenskap van herkoms, soos bepaal deur die empiriese studie, daar te stel. **Hoofstuk 5** word afgesluit met sekere aanbevelings en 'n slotopmerking.

## 5.2 Oorsaaklike faktore in die gemeenskap van herkoms

Hieronder volg 'n lys van die oorsaaklike faktore in die gemeenskap van herkoms, wat volgens die empiriese studie moontlik onder jeugdiges aanleiding kan gee tot die ontstaan van 'n ekologiese predisposisie tot die pleeg van misdaad.

1. Die gemeenskap waarin die jeugdige grootgeword het, word gekenmerk deur misdaad, korrupsie en geweld. Volgens Gabers (1985:16) word die kind dikwels in sy gemeenskap blootgestel aan negatiewe gedrag van ander gemeenskapslede, soos selfsug, aggressie en verlies van selfbeheer en kontrole. Die kind leer hierdie tipe van gedrag aan ten einde te oorleef en aan te pas in sy gemeenskap. Die Suid-Afrikaanse samelewing word in besonder gekenmerk deur sosiale en maatskaplike probleme.

   Hierdie tendens veroorsaak spanning by die jeugdige en 'n behoefte aan kontrole oor sy onmiddellike omgewing. Volgens Kruger (1980:100) kies die jeugdige dikwels misdaad as 'n addisionele gedragspatroon ten einde spanning in sy omgewing te verminder. Dit blyk dat die gemeenskap se waardes, norme en houding jeens misdaad 'n indruk op hom gemaak het, en bygedra het tot die ontstaan van 'n ekologiese predisposisie tot die pleeg van misdaad.

2. Die kriminele element woon tussen die ander gemeenskapslede en verkoop dikwels van die gesteelde items, met die medewete van die koper dat dit gesteel is, aan ander lede van die gemeenskap. Die gemeenskap is dikwels bewus van hierdie misdadigers se aktiwiteite.

Bartol & Bartol (1989:7) gaan van die standpunt uit dat die sosiale netwerke en aktiwiteite waaraan 'n persoon blootgestel word in 'n gemeenskap, 'n persoon se gedrag help vorm. In hierdie geval word die jeugdige blootgestel aan sekere kriminele elemente wat in die gemeenskap woonagtig is. Langdurige blootstelling aan hierdie negatiewe elemente gee aanleiding tot die ontstaan van soortgelyke gedragwyses by die jeugdige.

3. Die gemeenskap se onbetrokke houding en ingesteldheid ten opsigte van misdaad, asook hul onvermoë om op te tree teen misdadigers, gee aanleiding tot die ontstaan van jeugmisdaad. Baie van die inwoners van die area ignoreer die kriminele element wat tussen hulle woonagtig is. Die rede hiervoor is vrees vir vervolging deur die misdadigers. Dit gebeur gereeld dat misdadigers na slegs 'n kort tydperk van gevangenissetting weer vrygelaat word in die gemeenskap.

   Hierdie persone loods in baie gevalle 'n persoonlike vete teen die inwoners in die gemeenskap wat hulle "gepimp" het, met die gevolg dat inwoners in die gemeenskap eerder nie betrokke raak by kollektiewe aksie teen kriminele elemente in hul gemeenskap nie. Die kriminele subkultuur bly dus voortbestaan aangesien geen gemeenskapsgebaseerde, kollektiewe aksie teen misdadigers geneem word nie.

4. In sommige gevalle ondersteun die gemeenskap indirek die pleeg van misdaad deur hierdie gesteelde goedere aan te koop van die misdadigers. Solank as wat daar 'n aanvraag vir gesteelde goedere is en gemeenskapslede hierdie gesteelde items aankoop, sal misdaad voortduur.

5. Die jeugdige se vriendekring en betrokkenheid by hul aktiwiteite beïnvloed hom en gee aanleiding tot die pleeg van misdaad. Volgens Rutter & Giller (1986:79) kan die teenwoordigheid van 'n groep\bende wat druk op die jeugdige toepas, aanleiding gee tot die ontstaan van misdaad.

aanleiding gee tot die afbreek van die wese van Ubuntu en die gevolglike eskalering van misdaad onder jeugdiges.

Ten einde die wese van Ubuntu te herstel en so eskalering van jeugmisdaad teen te werk, is dit nodig om 'n geïntegreerde kinder- en jeugversorgingsprogram te ontwikkel wat gebaseer is op 'n ekologiese en ontwikkelingsperspektief van die kind as deel van sy gemeenskap.

Die motivering vir gemeenskapsgebaseerde intervensie is drieledig van aard, naamlik:

- Oorsaaklike faktore verantwoordelik vir die ontstaan van 'n ekologiese predisposisie tot die pleeg van misdaad onder jeugdiges, kom voor in die gemeenskap van herkoms. Intervensie moet in die gemeenskap van herkoms gesetel wees ten einde hierdie faktore aan te spreek.

- Ten einde die oorsaaklike faktore in die gemeenskap die hoof te bied, moet bestaande gemeenskapshulpbronne en -potensiaal op gemeenskapsvlak ontgin word deur die inwoners van die area.

- Gemeenskapsgebaseerde intervensie maak gebruik van die beginsel van 'Ubuntu' as vertrekpunt vir die hulpverleningsproses. Hierdeur word 'n natuurlike reservior van inherente potensiaal, afgestem op 'n gemeenskaplike probleem naamlik misdaad onder jeugdiges in die gemeenskap van herkoms.

Uit die empiriese studie word die afleiding gemaak dat 'n geïntegreerde raamwerk vir kinder- en jeugversorging, gevolg moet word. Die begrip "integreer" beteken "volledig maak" of "afrond" (Eksteen, 1984: 170).

Wanneer hierdie begrip in verband met maatskaplike werkmetodes gebring word impliseer dit dus doeltreffender en terselfdertyd meer verantwoordbare dienslewering aan die kliëntsisteem ( Specht & Vickery, 1977: 16-17).

Hierdie raamwerk is gebaseer op 'n hulpverleningsproses wat fokus op die voorkoming van misdaad onder jeugdiges, asook vroegtydige intervensie in die hoë-risiko-kategorie jeugdige wat moontlik betrokke kan raak by jeugmisdaad. Die geïntegreerde raamwerk is gebaseer op 'n kontinuum van dienslewering binne die ekologiese en ontwikkelingsperspektief van die kind as deel van die gemeenskap van herkoms.

5.3.1 Die konteks en fokus van die raamwerk

Die raamwerk vir gemeenskapsgebaseerde intervensie moet binne die breë konteks van die volgende aspekte gelees word:

- Die Suid-Afrikaanse makro-sisteme, met inagneming van die breë sosio-ekonomiese en politieke beleid rakende die vermindering van verarming, werkloosheid, verskaffing van behuising, die daarstelling van effektiewe opleidingsinstansies, maatskaplike dienslewering, ensovoorts. Beleidsdokumente, soos die Heropbou en Ontwikkelingsprogram asook die onderskeie Wit'skrifte op Behuising, Welsyn en Ontwikkeling en Maatskaplike Werk, moet in ag geneem word.

- Die Suid-Afrikaanse meso-sisteme met inagneming van die onderskeie provinsies se sosio-ekonomiese en politieke beleid rakende die vermindering van verarming, werkloosheid, verskaffing van behuising, die daarstelling van effektiewe opleidingsinstansies, maatskaplike dienslewering, ensovoorts.

- Die Suid-Afrikaanse mikro-sisteme met inagneming van die onderskeie gemeenskapsgebaseerde instansies en plaaslike owerhede se sosio-ekonomiese en politieke beleid rakende die vermindering van verarming,

Jeugmisdaad moet nie in isolasie gesien word nie, maar as deel van ander sosiale, ekonomiese en strukturele probleme binne die Suid-Afrikaanse samelewing. Ten einde die probleem van jeugmisdaad aan te spreek, moet aandag verleen word aan brëer ontwikkelingsaangeleenthede op nasionale vlak.

As 'n strategie moet regeringsinstansies gemoeid met die rehabilitasie en behandeling van die jeugoortreder, verseker dat 'n gekoördineerde plan van aksie op alle vlakke van die samelewing (nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsvlakke) geïmplementeer word ten einde jeugmisdaad te voorkom.

In die dienste en programme wat fokus op die voorkoming van jeugmisdaad kan daar van die volgende praktykmodel vir gemeenskapsgebaseerde intervensie gebruik gemaak word:

- **Die maatskaplike gemeenskapsopvoedingsmodel**

Hierdie model gaan van die standpunt uit dat die doeltreffendheid van 'n gegewe gemeenskap se maatskaplike funksionering en sy lede se vermoë om lewenseise te hanteer, primêr bepaal word deur individuele en kollektiewe kennis, insig, vaardighede en houdings wat by wyse van opvoeding by hulle gevestig word. Die gemeenskap van herkoms is die milieu en die instrument waardeur opvoeding geskied (Lombard et al, 1991:143).

In die opvoeding van die gemeenskap word daar op twee primêre vertakkings gefokus, te wete gemeenskapsvoorligting en gemeenskapskakelwerk. Gemeenskapsvoorligting is daarop gerig om gemeenskapslede:

- tot kennis en insig rakende die aard van die gemeenskap, asook die gemeenskap se latente en aktiewe probleme en behoeftes te laat kom, bewus te maak van die wyse waarop die probleme opgelos en behoeftes bevredig kan word,

- te motiveer om aan probleemoplossing en behoeftebevrediging deel te neem of,
- vir die uitvoer van hul taak met die nodige vaardighede toe te rus.

Gemeenskapsvoorligting is veral met die kognitiewe, affektiewe en konatiewe toerusting van gemeenskapslede gemoeid vir die oplos van gemeenskaps-probleme (Vergelyk Armstrong, 1991:100-101),

Gemeenskapskakelwerk is aan die ander kant weer gemoeid met die opvoeding van gemeenskapslede ten opsigte van die benutting en ondersteuning van maatskaplike hulpbronne en sisteme met die doel om;

- produktiewe samewerking en wedersydse behoeftebevrediging tussen 'n instansie en sy teiken-publiek te bewerkstellig deur die,
- instelling se interne en eksterne bestaande beeld te bepaal en deur middel van,
- beplande, uitgebreide en volgehoue oordrag van inligting te beïnvloed

(Lombard, et al, 1991: 144)

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Ten einde die oorsaaklike faktore wat aanleiding gee tot die ontstaan van 'n predisposisie tot die pleeg van misdaad te voorkom in die gemeeskap van herkoms, kan daar van die volgende strategie gebruik gemaak word;

- **<u>Strategie vir gemeenskapsopvoeding vir misdaadvoorkoming</u>**

1) *Die basiese persepsie van die aard van die mens en die gemeenskap van herkoms, is dat:*

- die doeltreffende maatskaplike funksionering van die gemeenskap waar die sosiale verskynsel van jeugmisdaad voorkom kan word en sy inwoners se vermoë om die lewenseise rondom die ontstaan van jeugmisdaad te hanteer

word primêr bepaal deur die individuele en kollektiewe kennis, insig, vaardighede en houdings wat by wyse van opvoeding by hulle gevestig word.

- Die beeld wat 'n gemeenskap het van 'n sosiale verskynsel, in hierdie geval die oorsaaklike faktore in die gemeenskap van herkoms wat aanleiding gee tot die ontstaan van jeugmisdaad, sal 'n deurslaggewende invloed uitoefen op individuel en kollektiewe aksie wat die inwoners van 'n gegewe gemeenskap sal neem ten einde die sosiale verskynsel te voorkom.
- Die gemeenskap is die milieu en die instrument waardeur opvoeding rakende die oorsaaklike faktore van jeugmisdaad moet geskied.

2) *Aanames rakende die etiologie van die gemeenskap se stremminge (probleme en behoeftes):*

- daar heers 'n gebrek aan die kwaliteit en kwaniteit van opvoeding rakende die oorsaaklike faktore van jeugmisdaad asook dienste vir die voorkoming van hierdie faktore, by gemeenskapslede,
- gemeenskapslede beskik nie oor genoegsame, toepaslike of korrekte kennis, insig en vaardighede oor jeugmisdaad en die hantering daarvan nie,
- daar heers 'n negatiewe houding of beeld van die instellings wat die gemeenskap van hulp kan wees in die oplos en voorkoming van jeugmisdaad. Die SAP word byvoorbeeld as oneffektief en korrup gesien, wat die positiewe samewerking en wedersydse behoeftebevrediging benadeel.

3) *Die begrensing van die verbruikersisteem:*

- is alle gemeenskapslede en instellings wat verder opgevoed moet word rondom die oorsaaklike faktore van jeugmisdaad asook beskikbare dienste en programme vir die voorkoming van jeugmisdaad. Die vlak waarop intervensie primêr plaasvind is van individu tot massavlak.

4) *Kenmerkende stremminge waarop daar primêr gefokus word ten einde die ontstaan van misdaad te voorkom, is:*

- onkunde of gebrekkige kennis, insig en vaardighede van gemeenskapslede aangaande die volgende faktore wat aanleiding gee tot die ontstaan van:

a) jeugmisdaad die gemeenskap waarin die jeugdige grootgeword het, word gekenmerk deur misdaad, korrupsie en geweld. Volgens Gabers (1985:16) word die kind dikwels in sy gemeenskap blootgestel aan negatiewe gedrag van ander gemeenskapslede, soos selfsug, aggressie en verlies van selfbeheer en kontrole. Die kind leer hierdie tipe van gedrag aan ten einde te oorleef en aan te pas in sy gemeenskap. Dit blyk dat die gemeenskap se waardes, norme en houding jeens misdaad 'n indruk op die jeugdige maak, en bygedra het tot die ontstaan van 'n ekologiese predisposisie tot die pleeg van misdaad.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

b) die sosiale netwerke en aktiwiteite waaraan 'n persoon blootgestel word in 'n gemeenskap, 'n persoon se gedrag help vorm. In hierdie geval word die jeugdige blootgestel aan sekere kriminele elemente wat in die gemeenskap woonagtig is. Langdurige blootstelling aan hierdie negatiewe elemente gee aanleiding tot die ontstaan van soortgelyke gedragwyses by die jeugdige.

c) die gemeenskap se onbetrokke houding en ingesteldheid ten opsigte van misdaad, asook hul onvermoë om op te tree teen misdadigers gee aanleiding tot die ontstaan van jeugmisdaad. Baie van die inwoners van die area ignoreer die kriminele element wat tussen hulle woonagtig is. Die rede hiervoor is vrees vir vervolging deur die misdadigers.

d) in sommige gevalle ondersteun die gemeenskap indirek die pleeg van misdaad deur gesteelde goedere aan te koop van die misdadigers. Solank as

wat daar 'n aanvraag vir gesteelde goedere is en gemeenskapslede hierdie gesteelde items aankoop, sal misdaad voortduur.

e) betrokkenheid by 'n negatiewe vriendegroep gee daartoe aanleiding dat die gemeenskap van herkoms die jeugdige marginaliseer van die gemeenskap se daaglikse aktiwiteite, met die gevolg dat die jeugdige meer en meer tyd saam met sy vriendegroep begin spandeer. Aangesien hy uit die positiewe aktiwiteite van sy gemeenskap verwyder is, word die jeugdige vatbaar vir die meer negatiewe invloed en portuurgroepsdruk van sy vriende. Indien die gemeenskap 'n poging aangewend het om hom nog steeds te betrek by die meer positiewe aktiwiteite van die gemeenskap, kon dit negatiewe portuurgroepsdruk uitgeskakel het.

- gebrekkige rolvervulling en leierskapsvermoëns van gemeenskapslede ten einde jeugmisdaad te voorkom, word beperk deur onbetrokkenheid van gemeenskapslede by die gemeenskap van herkoms

- gebrekkige begrip, simpatie en ondersteuning vir jeugdiges betrokke by misdaad gee daartoe aanleiding dat die jeugdige 'n negatiewe ingesteldheid ten opsigte van die gemeenskap van herkoms ontwikkel.

- gebrekkige benutting van dienste en fasiliteite wat voorsiening maak vir die hantering en voorkoming van jeugmisdaad.

5) Doelstellingskategorie met tipiese doelstellings vir die voorkoming van jeugmisdaad:

- sekere prosesdoelstellings wat fokus op programme en dienste vir gemeenskapsopvoeding, soos:

a) vaardigheidsopleiding aan ouers, onderwysers en ander gemeenskapslede, in lyn met die ontwikkelingsvlakke van die kind, vanaf die vroegste moontlike ouderdom, gefasilliteer deur maatskaplike instellings in die gemeenskap

b) rol-opvoeding aan individue, sosiale en institusionele opvoeding aan instansies en instaatstellende opvoeding aan gemeenskappe

c) leierskapsontwikkeling van gemeenskapslede en

d) die verbetering van openbare begrip en simpatie vir die jeugoortreder met die oog op die daarstellingling van kollektiewe aksie

6) *'n Kenmerkende strategie wat uit die model voortspruit, is:*

- die ontsluiting van die gemeenskapslede se kollektiewe en individuele kognitiewe, affektiewe en konatiewe potensiaal met van voorligtings en skakelwerkaksies.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

7) *Medium of instrument met behulp waarvan die voorkoming van jeugmisdaad bewerkstellig wil word:*

- kommunikasiemedia op die intermediêre en massavlakke met die fokus op die voorkoming van jeugmisdaad wat gebruik maak van:

a) intermediêre media: spesiale byeenkomste, openbare vergaderings, organisatoriese verslae en nuusblaaie, bondige inligtingstukke, pamflette en plakkate
b) massamedia: radio- en televisiedienste, koerante en tydskrifte

8) *Die doel van gemeenskapsgebaseerde intervensie:*

- met die oog op die voorkoming van jeugmisdaad, is die ontwikkeling van insig by gemeenskapslede ten einde gedrag te verander. Daar word gebruik gemaak van 'n samewerkingsgesentreerde intervensievorm ten einde al die lede van die gemeenskap by die proses te betrek. Gemeenskapslede word betrek deur gebruik te maak van opvoedings- en skakelwerktegnieke

*9) Voorbeelde van die tipe prosesse wat gevolg kan word vir die voorkoming van jeugmisdaad:*

- opvoeding: bepaling van die opvoedingsprobleem of behoefte (in hierdie geval jeugmisdaad), die analisering van die take wat uitgevoer moet word om die probleem op te los, die stel van opvoedingsdoelstellings, die ontwerp van 'n opvoedingsprogram en die formulering van die boodskap en evaluering van die proses.

- skakelwerk: die situasie-analise (insluitend die analisering van die skakelwerkprobleme en openbare stelsels), beplanning (insluitend die selektering van die ontvangers, senders, boodskap en medium) en evaluering van die proses.

*10) Voorbeelde van tipiese projekte wat gevolg kan word vir die voorkoming van jeugmisdaad:*

- opvoedingsprojekte: formele, nie-formele en informele opleiding van gemeenskapslede ten einde die faktore wat aanleiding gee tot die ontstaan van jeugmisdaad te herken en aan te spreek

- skakelwerkprojekte: verandering van die beeld van die jeugmisdadiger ten einde simpatie en ondersteuning te bewerkstellig en die bekendstelling van instansies wat maatskaplike ondersteuning en dienste bied vir die voorkoming van jeugmisdaad.

### 5.3.3.2 **Vlak 2: Vroegtydige intervensiedienste en -programme**

Hoë-risiko-jeugdiges en hul gesinne wat nie in die posisie, -of onwillig is om van voorkomingsdienste en -programme gebruik te maak, vereis heel moontlik vroegtydige invervensiedienste en -programme. Hierdie jeugdiges benodig versorging en beskerming weens hul betrokkenheid by jeugmisdaad, aangesien hulle die risiko loop om van hul ouerhuise verwyder te word indien hulle in botsing met die regstelsel sou kom.

Die fokus van vroegtydige intervensie is om die jeugdige se bestaande potensiaal te ontwikkel en te verbeter ten einde te verhoed dat die jeugdige weens misdaadpleging na die volgende vlak van intervensie beweeg. Ten einde dit te bewerkstellig, is dit nodig om die gemeenskap van herkoms te ontwikkel ten einde self die stremming van jeugmisdaad vroegtydig die hoof te bied.

Daar kan van die volgende raamwerk gebruik gemaak word ten einde die gemeenskap te ontwikkel met die oog op vroegtydige intervensiedienste en programme:

- **Die maatskaplike gemeenskapsontwikkelingsmodel:**

In hierdie model word daar van die standpunt af uitgegaan dat die lede van 'n gemeenskap in die beste posisie is om self hul gemeenskap te laat ontwikkel en om die probleme en behoeftes wat in die weg van ontwikkeling staan, uit die weg te ruim (Lombaard, et al 1991: 134).

Ten einde vroegtydig aan die jeugdige betrokke by jeugmisdaad, intervensiedienste en programme te verskaf, is dit nodig om die gemeenskap in klein taakgeoriënteerde groepe te betrek. Vanweë die aard van die stremming moet daar tydens dienslewering veral gestreef word na die aktivering van plaaslike leierskap, die volg van demokratiese prosedures, die verbetering van interpersoonlike en intergroepverhoudinge en die bewerkstelling van deelname en selfhelp onder lede van die gemeenskap (Lombaard, et al., 1991:135).

- **Strategie vir vroetydige intervensiedienste en -programme**

Daar word voorgestel dat 'n aantal vroegtydige intervensiedienste en -programme geïnisieer word waar hierdie dienste nie bestaan nie. Reeds bestaande dienste moet waar nodig versterk en ontwikkel word. Vervolgens word daar gelet op 'n raamwerk vir gemeenskapsontwikkeling.

1) *Die basiese persepsie van die aard van die individu en die gemeenskap van herkoms is:*

- elke gemeenskapslid is in die eerste instansie verantwoordelik vir sy eie selfverwesenliking en het 'n verantwoordelikheid om 'n bydrae te lewer tot die selfverwesenliking van ander persone en die gemeenskap as 'n geheel.

- gemeenskapslede en -leiers is in die beste posisie om hul eie behoeftes ten probleme te identifiseer en self aan die bevrediging van hul behoeftes en die oplosvan probleme te werk.

- die gemeenskap is 'n maatskaplike sisteem wat uit verskeie interafhanklike subgroepe bestaan.

2) *Aannames rakende die etiologie van die gemeenskaplike stremming naamlik jeugmisdaad:*

- gebrekkige samehorigheidsgevoel en samewerking asook anomie van gemeenskapslede ten opsigte van georganiseerde misdaad.

- gebrekkige probleemoplossingvermoë, deursettingsvermoë en betrokkenheid van gemeenskapslede in die hantering van oorsaaklike faktore wat aanleiding gee tot die ontstaan van misdaad, soos:

a) Die gemeenskap se onbetrokke houding en ingesteldheid ten opsigte van misdaad, asook hul onvermoë om op te tree teen misdadigers gee aanleiding tot die ontstaan van jeugmisdaad.

b) Baie van die inwoners van die area ignoreer die kriminele element wat tussen hulle woonagtig is. Die kriminele subkultuur bly dus voortbestaan aangesien geen gemeenskapsgebaseerde, kollektiewe aksie teen misdadigers geneem word nie.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

c) Die jeugdige se betrokkenheid by 'n negatiewe vriendegroep gee daartoe aanleiding dat die gemeenskap van herkoms die jeugdige marginaliseer van die gemeenskap se daaglikse aktiwiteite wat help om sy karakter te vorm.

d) Die inwoners van die gemeenskap is meestal die slagoffers van geweld en misdaad. Ten spyte hiervan neem die inwoners van die area nie werklik kollektiewe aksie teen die kriminele element in die gemeenskap nie.

e) Werkloosheid en die gevolglike verlies van inkomste kan aanleiding gee tot die ontstaan van 'n ekologiese predisposisie tot die pleeg van misdaad.

f) Die gesinne in die area bestaan meestal uit enkel-ouer, werkende moeders met kinders. Hierdie moeders werk bedags weg van die lokasie af en kom eers laat in die nag weer by die huis.

3) *By dienslewering aan die jeugdige en sy gemeenskap* is die totale geografiese gemeenskap deel van die verbruikersisteem. Intervensie vind primêr plaas op grondvlak waar gemeenskaphulpbronne ontgin en ontwikkel kan word ten einde die stremminge doelgerig aan te spreek.

4) *Kenmerkende stremminge waarop daar in vroegtydige intervensiedienste en --programme gefokus word, is:*

- gebrekkige organisasie, gebrekkige organisatoriese infrastruktuur, onvoldoende leierskap, onontwikkelde hulpbronne, nie genoegsame gemeenskapsbetrokkenheid nie.

- sosio-kulturele, fisiese en ekonomiese agteruitgang en stagnasie wat aanleiding gee tot onvoldoende werksgeleenthede en selfhelp.

- nie genoegsame intervensiedienste en -programme vir die bewaking en beskerming van risiko-jeugdiges nie.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

5) *Doelstellingskategorie met tipiese doelstellings vir intervensiedienste en -programme:*

- die bewerkstelling van maatskaplike ontwikkeling met die oog op die daarstelling van:

a) selfhelpgroepe aan ouers met probleemtieners wat die risiko loop om betrokke te raak by jeugmisdaad, of reeds betrokke is by misdaad.

b) skoolgebaseerde ondersteuningsgroepe vir jeugdiges en onderwysers met die oog op emosionele ondersteuning en leiding aan kinders met emosionele en gedragsprobleme in die klaskamer en skool.

c) skoolnasorgsentrums vir jeugdiges in botsing met die gereg waar assessering, volwasse leiding en selfhelp aktiwiteite aangebied word op 'n gereelde basis.

d) selfontwikkelings en selfhelpprogramme (bv. sportontwikkelingsweke, kleinsake ontwikkelings projekte,redenaarswerkswinkels) moet deur gemeenskapsgebaseerde organisasies aangebied word ten einde die jeugdige deel te maak van die gemeenskap.

e) ondersteuningsprogramme en kapasiteitsbou-projekte vir gesinne met jeugdiges wat emosionele en gedragsprobleme ondervind.

f) krisisintervensiesentrums wat daagliks funksioneer vir hulpverlening aan gesinne met jeugdiges in konflik met die gereg waar regsverteenwoordiging aangebied word.

- groepvorming en -ontwikkeling van maatskaplike integrasie ten einde marginalisering van jeugdiges teen te werk

- skakeling tussen rolspelers op mikro-, meso- en makrovlak vir die daarstellingling van 'n samewerkingsooreenkoms en deelname, ten einde die inherente potensiaal van risiko-jeugdiges te aktualiseer.

6) *Die strategie van gemeenskapsontwikkeling* is om 'n breë deursnee van die gemeenskap by die bepaling en hantering van hul eie stremming (in hierdie geval die hantering van jeugmisdaad) te betrek. Die medium of instrument wat vir hierdie doel aangewend word, is klein taakgeoriënteerde groepe wat vooraf vir spesifieke redes saamgestel en bestuur word.

7) *Die rolpspelers betrokke by die proses van intervensie* vir risiko-jeugdiges maak gebruik van groepbesluitnemings en konsultasietegnieke ten einde gevoelhantering, insigontwikkeling en gedragverandering by die jeugdige en gemeenskap van herkoms te bewerkstellig. In hierdie intervensiediens is die gemeenskap van herkoms deelnemers aan die stremmings-hanteringsproses.

8) *Voorbeeld van die tipe proses wat gevolg kan word in vroegtydige intervensiedienste is soos volg:*

a) identifisering van die probleem of behoefte
b) identifisering van die potensiaal in die sisteem

c) verteenwoordiging vanuit die doelwit'sisteem
d) stigting van 'n aksiekomitee
e) ordening en rangskikking van geidentifiseerde stremminge
f) beplanning en konsultasie met hulpbronne
g) implementering van beplanningsaksies
h) evaluering

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

9) *Voorbeelde van tipiese projekte wat geïmplementeer kan word:*

a) vorming van selfhelp-groepe en organisasies vir werkende enkel-ouers met jeugdiges vir toesig en kontrole.
b) vorming van diensgroepe, byvoorbeeld vir die bevordering van gemeenskapsbetrokkenheid vir kollektiewe aksie teen georganiseerde misdaad, bevordering van geletterdheid, agterplaas-groenteverbouing, kleinsake -ontwikkelingsprojekte vir die kleinsakeman.
c) vorming van bestuursgroepe vir die bestuur van organisasies en projekte byvoorbeeld die bevordering van transkulturele kommunikasie, organisering en bestuur van 'n buurtwag, gemeenskapspolisiering en. misdaadvoorkoming

d) hulp met die skep van 'n tuisnywerheid en ander besighede om 'n inkomste te genereer en so werkloosheid te bekamp.
e) vorming van portuurgroepe byvoorbeeld "boys scouts" en "boy brigades" om risiko-jeugdiges by in te skakel vir positiewe interaksie met seuns van dieselfde ouderdom.
f) vorming van jeuggroepe (youthwatch) vir samewerking met polisie en buurtwag om uitbuiting van jeugdiges deur misdaadsindikate teen te werk, bendebedrywighede uit te wys, ensovoorts.

5.3.3.3 **Vlak 3: Statutêre intervensiedienste en -programme**

Wanneer die prosesse van voorkoming en vroegtydige intervensiedienste en -programme (vlak 1-2) , en pogings aangewend om die jeugdige uit die regsproses te hou, nie suksesvol of geslaagd was nie, word dit nodig om die jeugdige te betrek by formele professionele dienste byvoorbeeld die howe en regstelsel. Sake voortspruitend uit versorging en beskerming word verwys na die Kinderhof en jeugdiges in botsing met die gereg word verwys na die Landroshof.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Daar moet egter nog steeds gepoog word om die jeugdige in die gemeenskap van herkoms te hou tydens die statutêre proses. Indien dit nie moontlik is om hom by sy ouerhuis te hou nie, moet hy in tydelike pleegsorg geplaas word. Sommige van die jeugdiges se omstandighede vereis egter aanhouding in 'n Plek van Veiligheid of veilige bewakingsfassiliteit. Op die basis van 'n multi-dissiplinêre spanbenadering moet die kind, na 'n assesseringsproses, verwys word na die mees gepaste program en fassiliteit beskikbaar.

In die meeste van die gevalle is bestaande strukture en regsprosesse nie gerat vir die hantering en kanalisering van die jeugoortreder nie, en eindig baie nog steeds op in volwasse aanhoudingsfassilliteite vir verhoorafwagtendes. Vlak 3 van hierdie model maak gebruik van die maatskaplike beplanningsmodel ten einde 'n proses daar te stel wat voorsiening maak vir die jeugdige oortreder.

- **Die maatskaplike beplanningsmodel**

Hierdie model gaan van die standpunt uit dat die doeltreffendheid van die gemeenskap se maatskaplike funksionering, in hierdie geval die funksionering van die jeugdige afhang, van die kwantiteit en kwaliteit van professionele dienste wat aan die gemeenskap (jeugoortreder) gelewer word, asook die mate waarin aan die konkrete behoeftes voorsien word (Lombaard, et al., 1991:138). Gevolglik is dit in terme van hierdie praktykmodel die maatskaplike werker se taak om die ontbrekende dienste ingestel te kry, om bestaande dienste te verbeter asook om die bronne en fasilliteite wat hiervoor nodig is, te bekom.

- **Strategie vir statutêre intervensiedienste en programme**

1) *Basiese persepsie van die aard van die mens en die gemeenskap:*

- gemeenskapslede het die dienste van professionele persone/deskundiges nodig om hulle te help om hul behoeftes te bevredig en probleme op te los.
- die doeltreffendheid van 'n gemeenskap/jeugoortreder se funksionering word bepaal deur die kwantiteit en kwaliteit van dienste beskikbaar.
- die gemeenskap is 'n maatskaplike sisteem wat bestaan uit 'n versameling dienslewerende en diensontvangende subsisteme wat horisontaal en vertikaal met mekaar verbind is.

2) *Aannames rakende die etiologie van die gemeenskap se stremminge:*

- 'n gebrek aan die benodigde of toepaslike dienste en fasiliteite vir die hantering en kanalisering van die jeugoortreder.
- leemtes in die dienste wat gelewer word en reeds bestaande fassiliteite.
- nie genoegsame alternatiewe vir die kanalisering van die jeugoortreder tydens die statutêre proses en na-vonnisopleggingsfase nie.

e) bywoning en deurloop van 'n omwentelingsprogram waar die jeugdige in plaas van 'n vonnis 'n werkskool van ongeveer 6 weke moet bywoon waartydens hy sekere vaardighede en selfontwikkelingskursusse deurloop.

- bewerkstellig gemeenskapsbetrokkenheid deur die inwoners van 'n gemeenskap te betrek by die plasing, supervisie en kontrole oor jeugoortreders.
- die daarstelling van 'n slagoffer-oortredersprogram waar die slagoffer en oortreder die geleentheid gebied word om met mekaar versoen te word.
- ten einde die jeugdige sover moontlik binne die gemeenskap van herkoms te akkommodeer en te verhoed dat hy verder gemarginaliseer word, kan hofverrigtinge in minder ernstige gevalle, in die gemeenskap van herkoms gehou word en die gemeenskap kan die geleentheid gebied word om self te beslis oor die jeugdige se vonnis.

*6) Voorbeeld van die tipe proses wat gevolg word in die daarstelling van statutêre intervensiedienste:*

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

a) die assessering van leemte of behoefte
b) die bepaling van doelstellings en spesifisering van doelwitte
c) die ontwerp van alternatiewe hanteringsmeganismes
d) skatting van die gevolge van onderskeie hanteringsmeganismes
e) selektering van mees toepaslike strategie
f) implementering en evaluering

*7) Voorbeelde van tipiese projekte word tydens vlak 3 -intervensie:*

- projeke tydens die voorvonnisfase:

a) kanaliseringsprojek vir opname in die mees gepaste instansie vir bewaking en beskerming van die jeugdige, verkieslik gemeenskapsgebaseerde instansies.
b) organiseer en bestuur van 'n voldagkrisissentrum vir die verskaffing van regshulp en advies aan die jeugdige en sy ouers.
c) die daarstellingling van 'n gespesialiseerde polisiediens vir jeugdiges vir die ondersoek van kriminele sake teen jeugdiges.
d) inskakeling by 'n omwentelingsprogram as alternatief op vonnisoplegging.

- projekte tydens die vonnisopleggingsfase:

a) die daarstelling van gespesialiseerde howe vir die jeugdige.
b) opleiding van personeel werksaam met die jeugdige om tydens hofverigtinge die jeugdige by te staan en te adviseer.
c) toelating van ouerlike bystand en betrokkenheid tydens die hofsaak, ouers kan namens hul kinders vrae vra en aangeleenthede opvolg.
d) gemeenskapsbetrokkenheid in die daarstelling van alternatiewe vonnisopsies.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

- projekte vir die na-vonnisfase:

a) oriëntering van jeugdige deur proefbeampte of jeugwerker oor die aard en omvang van vonnis.
b) versterk kontak tussen ouers en jeugdige met die oog op toekomstige terugplasing by ouers.
c) inskakeling by inligting- en ondersteuningsgroep vir gevonnisde jeugdiges.
d) waar nodig, lewer profesionele terapeutiese dienste en ondersteuning tydens fase direk na vonnisoplegging.
e) aanpassingsprogramme met fokus op aanvaarding van omstandighede en inskakelinginstansie.

f) kindgesentreerde/gemeenskaplike vaardigheidsopleiding wat fokus op oorsaaklike faktore in die gemeenskap van herkoms.

g) die daarstelling van 'n versorgende/ondersteunende milieu met geleenthede vir die jeugdige op reflektering en aanvaarding van verantwoordelikheid vir eie gedrag.

h) aanbied van ekonomiese oorlewingsvaardighede byvoorbeeld, entrepreneurskap, groenteverbouing, selfhelp.

i) sosiale vaardighede en vermoëns, byvoorbeeld handhaaf van positiewe lewenstyl, respek vir 'n ander se basiese regte, ensovoorts.

j) konfrontering met kriminele en anti-sosiale gedrag, aanleer van verantwoordelike gedrag en optrede.

k) kreatiewe probleemsoplossing en denke, onafhanklike funksionering en gesondheid.

l) programme vir latere herintegrasie byvoorbeeld briefskryf, besoek gemeenskapsgebaseerde organisasies, deelname aan besoekprogramme byvoorbeeld " adopt-a-juvenile"

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

### 5.3.3.4 **Vlak 4: Kontinume intervensiedienste en -programme**

Die jeugdige wat die statutêre proses en intervensiedienste deurloop het, moet op hierdie staduim van die behandelingsproses weer in die gemeenskap van herkoms inskakel. Aangesien die filosofie van die vlak 3 -intervensiedienste was om die jeugdige sover moontlik in die gemeenskap van herkoms te akkommodeer, behoort herinskakeling in die gemeenskap nie te veel aanpassing van die jeugdige te vereis nie. Dit is egter nog steeds noodsaaklik om 'n stelsel in plek te sit om die oorgaan vanaf vlak 3 -intervensie na die gemeenskap van herkoms te vergemaklik.

Ten einde die gemeenskap en die jeugdige weer met mekaar te versoen, word daar gebruik gemaak van 'n multimodel-strategie. Volgens Weyers (1990:148) mag dit in sekere praktyksituasies nodig wees om van 'n multimodel-strategie

gebruik te maak waar die situasie van so 'n aard is dat 'n enkelmodel-strategie (soos gevolg in vlak 1-3) nie al die fasette van 'n probleem kan aanspreek nie.

Ten einde 'n passing tussen die gemeenskap en jeugdige te bewerkstellig, word daar gebruik gemaak van twee parallel-lopende strategieë. 'n Ontwikkelingsgesentreerde strategie word gebruik om die gemeenskap se groepvorming en maatskaplike integrasie asook betrokkenheid te bevorder.

Hierdeur word 'n kollektiewe basis daargestel om omstandighede in die gemeenskap wat aanleiding gee tot die ontstaan van jeugmisdaad aan te spreek. 'n Beplanningsgesentreerde en opvoedingsmodel word terselfdertyd aangewend, om die nodige dienste en fasiliteite te skep en die gemeenskap in te lig aangaande oorsaaklike faktore in hul gemeenskap wat deur middel van kollektiewe aksie (bewerkstellig deur 'n gemeenskapsontwikkelingsmodel) verwyder moet word.

- **<u>Multimodel-strategie vir kontinume intervensiedienste</u>**

1) *Doestellingskategorie vir multimodel-strategie:*

- dit is die doel van hierdie model om die integrasie van die jeugdige in die gemeenskap van herkoms te bewerkstellig deur die daarstelling van 'n stel holistiese kort-, medium- en langtermyn-heroriënterings, -sosialiserings -en -intergrasieprosesse, wat in werking moet tree sodra statutêre intervensie-dienste begin word met die moontlikheid van verwydering van die jeugdige uit die gemeenskap.

2) *Doelwitte van multimodel-strategie vir kontinume van dienslewering:*

- verbeter die jeugdige se gereedheid vir herinskakeling in die gemeenskap deur aan hom die geleentheid te bied om sy nuutgevonde emosionele

aspirasies, hulpbronne en die vereistes, geleenthede en eienskappe uniek aan die gemeenskap van herkoms

- fokus op fasillitering, leiding, opvoeding en ondersteuning op verskeie vlakke bepaal deur beide die gemeenskap en die individu se behoeftes.

3) *Voorbeelde van tipes prosesse en prokjekte wat gevolg word in die bewerkstelling van kontinume intervensiedienste en -programme:*

- identifiseer potensiële groepe in die gemeenskap aan wie dienste en fasiliteite gelewer moet word, ten einde te verhoed dat faktore in die gemeenskap wat normale ontwikkeling en groei, asook fisiese en maatskaplike funksionering benadeel en aanleiding kan gee tot die ontstaan van jeugmisdaad voorkom.

- identifiseer behoeftes, probleme en tekortkominge in die gemeenskap wat aanleiding gee tot die ontstaan van jeugmisdaad.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

- identifiseer sosiale, ekonomiese en politieke beleid wat aangewend kan word om die invloed van negatiewe faktore in die gemeenskap op spesifieke groepe, teen te werk.

- implementeer openbare beleid noodsaaklik vir die verbetering van die gemeenskap se behoeftes en probleme.

- onderneem massa-opvoedingsveldtogte om die gemeenskap op te voed rakende jeugmisdaad en oorsaaklike faktore in hul gemeenskap.

- onderneem misdaadvoorkomingsprogramme en projekte.

- ontwikkel selfhelp- en werkskeppingsprogramme.

- stel opvolgprogramme byvoorbeeld halfweghuise, ondersteuningsgroepe, verdere vaardigheidsopleiding en toesig- en beheersisteme in plek.

- ontwikkel 'n bewakingsisteem vir jeugdiges vir berskerming teen misbruiking, uitbuiting en intimidasie van misdaadsindikate.

- ontwikkel 'n gemeenskapsforum vir die integrasie van jeugdiges in die gemeenskap van herkoms, aksie teen misdaad, anti-geweldsveldtog, ensovoorts.

6. Slot

In **hoofstuk 5** van hierdie navorsingsontwerp is die tweede doelstelling van hierdie studie, naamlik 'n raamwerk vir gemeenskapsgebaseerde intervensie, beliggaam. Die raamwerk is opgestel as 'n riglyn vir dienslewering vir instansies en persone gemoeid met die voorkoming en rehabilitasie van jeugmisdaad. Die raamwerk is opgestel met inagneming van die inligting verkry vanuit die empiriese studie, van die navorsingsontwerp en is gegrond op die hipoteses wat tydens die kwalitatiewe navorsing gegenereer is.

In **hoofstuk 6** word die navorsingsontwerp afgesluit met 'n opsomming van die belangrikste gevolgtrekkings en gevolglike hipoteses verkry vanuit die kwalitatiewe studie sowel as sekere aanbevelings rakende toekomstige soortgelyke studies.

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

# HOOFSTUK 6

## GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 6.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word gevolgtrekkings oor die bevindinge van die studie gemaak. Daar word gelet op die hipoteses wat tydens die kwalitatiewe navorsing rakende die oorsaaklike faktore vir die ontstaan van jeugmisdaad in Suid-Afrikaanse gemeenskappe, gemaak is. Ten slotte word sekere aanbevelings na aanleiding van hierdie studie gemaak.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

### 6.2 Gevolgtrekkings

In hoofstuk 4 van hierdie ontwerp het sekere inligting na vore gekom rakende oorsaaklike faktore wat moontlik aanleiding kan gee tot die ontstaan van jeug-misdaad. Hierdie inligting is verkry vanuit gevallestudies van 4 jeugdiges wat tans onderskeidelik gevangenisstraf uitdien vir misdade gepleeg. Na aanleiding van hierdie inligting kan die volgende gevolgtrekkings rakende die ontstaan van jeugmisdaad in Suid-Afrikaanse gemeenskappe gemaak word:

1. Die gemeenskap waarin die jeugdige grootgeword het, word gekenmerk deur misdaad, korrupsie en geweld. Volgens Gabers (1985:16) word die kind dikwels in sy gemeenskap blootgestel aan negatiewe gedrag van ander gemeenskapslede, soos selfsug, aggressie en verlies van selfbeheer en kontrole.

Die kind leer hierdie tipe van gedrag aan ten einde te oorleef en aan te pas in sy gemeenskap. Die Suid-Afrikaanse samelewing word in besonder gekenmerk deur sosiale en maatskaplike probleme.

Hierdie tendens veroorsaak spanning by die jeugdige en 'n behoefte aan kontrole oor sy onmiddellike omgewing. Volgens Kruger (1980:100) kies die jeugdige dikwels misdaad as 'n addisionele gedragspatroon ten einde spanning in sy omgewing te verminder. Dit blyk dat die gemeenskap se waardes, norme en houding jeens misdaad 'n indruk op hom gemaak het, en bygedra het tot die ontstaan van 'n ekologiese predisposisie to die pleeg van misdaad.

2. Die kriminele element woon tussen die ander gemeenskapslede, met min of geen reaksie en optrede van die gemeenskap as 'n geheel nie. Die gemeenskap is dikwels bewus van hierdie misdadigers se onwettige aktiwiteite. Bartol & Bartol (1989:7) gaan van die standpunt uit dat die sosiale netwerke en aktiwiteite waaraan 'n persoon blootgestel word in 'n gemeenskap, 'n persoon se gedrag help vorm. In hierdie geval word die jeugdige blootgestel aan sekere kriminele elemente wat in die gemeenskap woonagtig is. Langdurige blootstelling aan hierdie negatiewe elemente gee aanleiding tot die ontstaan van soortgelyke gedragwyses by die jeugdige.

3. Die gemeenskap se onbetrokke houding en ingesteldheid ten opsigte van misdaad in die algemeen, asook hul onvermoë om op te tree teen misdadigers, skep die indruk dat misdaad aanvaarbaar is. Baie van die inwoners van die area ignoreer die kriminele element wat tussen hulle woonagtig is. Die rede hiervoor is vrees vir vervolging deur die misdadigers. Dit gebeur gereeld dat misdadigers na slegs 'n kort tydperk van gevangenissetting weer vrygelaat word in die gemeenskap. Hierdie persone loods in baie gevalle 'n persoonlike vete teen die inwoners in die

gemeenskap wat hulle "gepimp" het, met die gevolg dat inwoners in 'n die gemeenskap eerder nie betrokke raak by kollektiewe aksie teen kriminele elemente in hul gemeenskap nie. Die kriminele subkultuur bly dus voortbestaan, aangesien geen gemeenskapsgebaseerde, kollektiewe aksie teen misdadigers geneem word nie.

4. In sommige gevalle ondersteun die gemeenskap indirek die pleeg van misdaad deur gesteelde goedere aan te koop van die misdadigers; die gemeenskap dien as 'n afsetgebied of mark vir gesteelde items . Solank as wat daar 'n aanvraag vir gesteelde goedere is en gemeenskapslede hierdie gesteelde items aankoop, sal dit verdere misdaadpleging aanmoedig.

5. Die jeugdige se vriendekring en betrokkenheid by hul aktiwiteite het hom beïnvloed en aanleiding gegee tot die pleeg van misdaad. Volgens Rutter & Giller (1986:79) kan die teenwoordigheid van 'n groep\bende wat druk op die jeugdige toepas aanleiding gee tot die ontstaan van misdaad.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

6. Die respondent se betrokkenheid by 'n negatiewe vriendegroep het daartoe aanleiding gegee dat die gemeenskap van herkoms hom gemarginaliseer het van die gemeenskap se daaglikse aktiwiteite. Met die gevolg dat die jeugdige meer en meer tyd saam met sy vriendegroep begin spandeer het.

   Aangesien hy uit die positiewe aktiwiteite van sy gemeenskap verwyder is, word die jeugdige vatbaar vir die meer negatiewe invloed en portuurgroepsdruk van sy vriende. Indien die gemeenskap 'n poging aangewend het om hom nog steeds te betrek by die meer positiewe aktiwiteite van die gemeenskap, kon dit moontlik die negatiewe portuurgroepsdruk teengewerk het. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die marginalisering van die gemeenskap van herkoms van 'n jeugdige betrokke in kriminele aktiwiteite, die jeugdige dryf tot die negatiewe invloed van 'n kriminele subkultuur.

7. Die positiewe invloed en aktiwiteite van die skool het ten tye van die misdaad ontbreek. Indien die jeugdige in die week van die pleeg van die misdaad in die skool was, sou hy heel moontlik nie betrokke geraak het in die pleeg van die misdaad nie. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die positiewe invloed en aktiwiteite van die skool as 'n instelling, op die vorming van aanvaarbare gedragswyses by jeugdiges; as teenvoeter vir 'n kriminele subkultuur aangewend kan word.

   Die skool moet as 'n agent vir verandering by gemeenskapsgebaseerde intervensie betrek word in 'n poging om die gemeenskap betrokke te maak by die rehabilitasie van die jeugoortreder.

8. Die jeugdige se persepsie van die gevaar wat die pleeg van misdaad vir hom kan inhou, is beperk deur die vrylike rondbeweeg van misdadigers in sy gemeenskap. Volgens Rutter & Giller (1986:79) word misdaad beperk deur die mate waarin die persoon die gevolge van misdaad ervaar. In die jeugdige se gemeenskap het misdadigers misdaad in die openbaar bespreek waar ander lede van die gemeenskap dit kon aanhoor. Omdat daar nie teen hierdie persone opgetree is nie, is die indruk gelaat dat die jeugdige kan wegkom met soortgelyke gedrag.

9. Jeugdiges raak betrokke by misdaad vir die negatiewe aansien, prestige en mag wat dit aan hulle in die gemeenskap verskaf. Inwoners in die gemeenskap neem kennis van hulle en in baie gevalle, dwing hul betrokkenheid by misdaad vrees en gedwonge respek by die gemeenskapslede af. Die rede vir die jeugdige se misdadige gedrag is, in sommige gevalle die verkryging van items (soos klerasie, juweliersware, musiektoerusting) waaraan daar, binne die gemeenskap van herkoms, 'n sekere mate van waarde gekoppel word.

Die aansien en prestige verkry uit betrokkenheid by 'n bende gekoppel aan die waarde wat gesteelde items het binne die gemeenskap van herkoms, onderhou in baie gevalle verdere misdaadpleging. Die gevolgtrekking word gemaak dat, indien die jeugdige op een of ander wyse van hierdie faktore ( *die prestige en mag a.g.v. bende-betrokkenheid asook die waarde wat gesteelde items vir die persoon inhou*) ontneem word, dit verdere misdaadpleging sal voorkom.

10. Werkloosheid en die gevolglike verlies van inkomste kan aanleiding gee tot die ontstaan van 'n ekologiese predisposisie tot die pleeg van misdaad. Werkverskaffing kan die toename by jeugmisdaad beperk en selfs voorkom aangesien persone in hul basiese behoeftes kan voorsien sonder die noodsaaklikheid van misdaad.

11. Die inwoners van die gemeenskap is meestal die slagoffers van geweld en misdaad. Ten spyte hiervan neem die inwoners van die area nie werklik kollektiewe aksie teen die kriminele element in die gemeenskap nie. Die rede hiervoor blyk te wees dat 'n groot aantal van die gesinne in die area meestal uit enkel-ouer, werkende moeders met kinders, bestaan. Hierdie moeders werk per dag weg van die lokasie af en kom eers laat in die nag weer by die huis. Die gevolge hiervan is dat die grootste gedeelte van die gemeenskap bedags uit jeugdiges bestaan met min of geen supervisie en kontrole oor hulle in die dag. Hierdie kinders is oop vir uitbuiting en perversie van georganiseerde misdaadsindikate aangesien hul ouers nie in die dag na hulle welstand kan omsien nie.

12. Die gemeenskap beskik oor beperkte of geen formele organisatoriese strukture vir ontwikkeling of verbetering van die gemeenskap as 'n geheel.

Die inwoners is nie in gemeenskapsgebaseerde organisasies soos straatkomitees of "Civics" verdeel nie, dus kan kollektiewe aksie teen sosiale probleme byvoorbeeld jeugmisdaad, nie op 'n breë front georganiseer word nie.

13. Bestaande modelle vir die behandeling en rehabilitasie van jeugoortreders maak nie voorsiening vir die unieke karakter van die Suid-Afrikaanse Samelewing nie. Na aanleiding van die onderskeie gevallestudies is sekere oorsaaklike faktore ge-indentifiseer wat uniek is aan die Afrika-kultuur. 'n Meer Westerse benadering vir die evaluering en gevolglike behandeling van jeugmisdaad word tans in Suid-Afrika gevolg, ten koste van 'n meer tradisioneel\etniese model.

### 6.3 Hipoteses

Na aanleiding van die gevolgtrekkings soos hierbo gestel kan die volgende hipoteses rakende die voorkoms van jeugmisdaad in Suid-Afrikaanse gemeenskappe gestel word:

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

1. Daar is volgens die jeugmisdadigers as respondente in die studie wel spesifieke faktore wat voorkom in die gemeenskap van herkoms, wat aanleiding gee tot die ontstaan van 'n ekologiese predisposisie tot die pleeg van jeugmisdaad onder jeugdiges.

2. Indien programme vir die voorkoming en rehabilitasie van jeugmisdaad voorsiening maak vir intervensie in die oorsaaklike faktore gesetel in die gemeenskap van herkoms, sal verdere misdaadpleging onder jeugdiges verhoed word.

3. Dat 'n model vir hulpverlening aan die jeugmisdadiger wat gebruik maak van beide 'n Westerse en Afrikabenadering vir die evaluering en behandeling van jeugmisdaad, meer sukses sal behaal in Suid-Afrikaanse gemeen-skappe.

## 6.4 Aanbevelings

Na aanleiding van die navorsingsbevindinge word aanbeveel dat:

1. Die rehabilitasie van jeugmisdaad binne so 'n opset moet plaasvind dat dit voorsiening maak vir gemeenskapsgebaseerde intervensie in die oorsaaklike faktore in die gemeenskap van herkoms, wat aanleiding gee tot die ontstaan van jeugmisdaad.

2. Daar gepoog moet word om jeugmisdadigers op so 'n wyse te rehabiliteer dat daar tydens die hulpverleningsproses voorsiening gemaak word vir die unieke karakter van die Suid-Afrikaanse samelewing.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

3. Tydens hulpverlening aan die jeugmisdadiger daar nie net op een oorsaaklike faktor gefokus moet word nie, maar ingedagte gehou word dat daar verskeie faktore voorkom in die gemeenskap van herkoms wat ook tydens intervensie aandag moet geniet.

4. Dat die raamwerk soos ontwikkel in hoofstuk 5 van hierdie studie binne bestaande sisteme geïmplementeer word, en waar nodig aanpassings en veranderings aangebring word.

Die navorser sluit graag hierdie verhandeling af met 'n paar slotgedagtes:

- Jeugmisdaad is 'n komplekse verskynsel met geen kitsoplossing nie.
- Daar is 'n verskeidenheid van faktore wat in die gemeenskap gesetel is wat aanleiding gee tot die ontstaan van jeugmisdaad.
- Die uniekheid van die Suid-Afrikaanse samelewing met sy diversiteit van kulture moet tydens die hulpverleningsproses in ag geneem word.
- Die navorser hoop dat hierdie studie 'n bydrae lewer tot die begrip en hulpverlening aan jeugdiges betrokke by misdaad.

> **" The community is the womb out wich a child is born into society, if the womb is healthy then the next generation will learn to cope with violence, poverty and need"**
>
> **(L.Holtzhausen, 1997)**

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

## 7. Bronnelys:


- Abrahamson, D. 1964. The Psycology of Crime. John Wiley & Sons Inc., New York.

- Bailey, K. D. 1987. Methods of Social Research. The Free Press, Collier MacMillan Publishers, London.

- Barker, R. L. 1991. The Social Work Dictionary. 2nd Edition: NASW Press, VSA.

- Burger, J.B. 1996. Afwykende Gedrag: 'n Studie van Enkele Maatskaplike Probleme. Nasou Beperk, Johannesburg.
- Carson, R. C. & Butsher, J. N. 1992. Abnormal Psycology and Mordern life: Ninth Edition, Harper & Collins Publishers, New York.
- Coetzee, A.L. 1969. 'n Psigo-Dinamiese Studie van 'n Groep Onbeheerbare Blanke Jeugdiges. Ongepubliseerde M-Verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- Coleman, J. ; Butcher, J.N. & Carson, R.C. 1996. Abnormal Psychology and Modern Life. Scott Foresmann & Co. , New York.
- Cronje, G. ; Van der Walt, P.J. ; Retief, G. & Naudé, C.M. 1994. The Juvenile Delinquent and Society. University of South Africa, Pretoria.
- Defiërende Woordeboek vir Maatskaplike Werk. 1995. Staatsdrukker, Pretoria.
- Grinell, R.M. 1981. Social Work Research and Evaluation. Peacock Press Illinoiss.
- Hardy, R.E. 1994. Problems with Aolecents. Charles Thomas Publishers, VSA.
- Haskell, W. 1987. Crime and Delinquency. Third Edition, McNally College Publishing. Chicago.
- Huysamen, G.K. 1993. Metodologie vir die Sosiale en Gedragswetenskappe Southern Boekuitgewers, Halfwerghuis.


UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

- Johnson, R. 1995. Juvenile Delinquency and it's Origins. John Wiley and Sons Inc. New York.

- Lewis, R. & Lewis, G, 1990. Juvenile Delinquency. Prentice Hall Inc. New York.

- Van Leeuwen, T. 1972. Die jeugdige en misdaad, Prentice Hall Inc. Kaapstad.

- Kruger, A. 1987. Kompulsiewe Steelgedrag by Adolessente, Ongepubliseerde M-Verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit. Johannesburg.

- Mark, R. 1996. Research made Simple, Handbook For Social Workers, Sage Publications, London.

- Morgan, P. 1995. Delinquent Fantasies. Temple Smith, London.

- Mouton, J. & Marias, H.C. 1990. Basiese Begrippe: Metodologie van die Geesteswetenskappe. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Gauteng Boekdrukkers (Edms) Bpk, Pretorias-Wes.

- Neumyer, H. M. 1991. Juvenile Delinquency in Modern Society,Nostrand Co. Inc. , New York.

- Rutter, M. & Giller, N. 1987. Juvenile Deliquency: Trends and Perspectives, Richard Clay (Ltd.) , Great Brittan.

- Sarason, P. & Sarason, R. 1984. The roots of Juvenile Delinquency in Male Prisons of America, Free Press Co. , New York.


UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

- Spergel, L. 1985. Social Work with Young Male Offenders, McGraw-Hill, New York.

- Stydom, H. 1996. Maatskaplike Werk-navorsing. Departement van Maatskaplike Werk, Pochefstroomse Unversiteit, Potchefstroom.

- Sullivan, M. & Sullivan, R. 1996. Fundamentals of Juvenile Delinquency in Focus, John Wiley & Sons Inc. , New York.

- Stake, W. 1989. Delinquency in Girls: The Research Methods, Humanities Press, Great Britan.

- Wadsworth, M. 1989. Roots of Delinquency: Infants to Adolescents, Robertson & Company, Ltd. , Oxford.

- Weyers, M. L. ; Lombaard, A. & Schoeman, J. H. 1991. Gemeenkskapswerk en Gemeenskapsontwikkeling: Perspektiewe op Mensontwikkeling, HAUM-Pretoria.

- Wicks-Nelson, P. & Israel, S. 1984. Delinquency in Perspective, Association Press, New York.


UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

## 8. **Bylae 1:** Skedule vir onderhoudsvoering met jeugoortreders

### 8.1 Inleiding:

Ek, L. Holtzhausen, 'n MA Soc.Sc student van die Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg, is tans besig met 'n navorsingsontwerp oor die gemeenskap en die rehabilitasie van die jeugoortreder. Die doel van hierdie studie is om inligting te bekom oor die oorsaaklike faktore in die gemeenskap van herkoms, wat moontlik aanleiding kan gee tot die ontstaan van jeugmisdaad. Hierdie inligting sal aangewend word om 'n riglyn daar te stel vir moontlike maatskaplike intervensie in die gemeenskap.

Data vir hierdie navorsing word deur middel van gevallestudies ingesamel. Onderhoude word met 5 voorafgeselekteerde persone gevoer. Die inligting in hierdie onderhoud sal vir navorsing aangewend word. U kan dus verseker wees van die vertroulikheid in die hantering van hierdie inligting.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

By voorbaat dank vir u eerlikheid en samewerking.

**NAAM** ______________________________

**DATUM** ______________________________

**RAADNOMMER** ______________________________

**VONNIS** ______________________________

**1. Algemene faktore:**

- Identifiserende besonderhede; Naam ______________________
Raadnommer ________________
Vonnis ______________________
Ouderdom ________
Eerste\veelvoudige oortreder ________
hoeveel ________
tipe ________
Groepsverband (ja\nee) ________
Medepligtiges ________

- Gesinsamestelling:

| GESINSLID | HOEVEEL | OUDERDOM | MISDAAD |
|---|---|---|---|
| Vader | — | | |
| Moeder | | | |
| Broer | | | |
| Suster | | | |
| Ouma | | | |

- Gemeeskapsamestelling:

1. Tipe gemeenskap en populasie.
2. Vlak van verval\afname in waarde van buurt waar jy gebly het voor misdaad.
3. Vlak van verval\afname in waarde van area\gemeenskap waar jy gebly het voor pleeg van misdaad.
4. Die gemeenskap se waardes, norme en algemene houding\ingesteldheid.
5. Vlak van gemeenskapsorganisasie en leierskap6. Vlak van sosiale en maatskaplike ondersteuning.
7. Beskikbaarheid van gemeenskapshulpbronne (Skole, kerke, klinieke, biblioteke ens.).
8. Algemene lewensomstandighede ten tye van die misdaad.
9. Ooreenkomste tussen jeugdige se gedrag en die van die gemeenskap waaruit hy kom.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG